

21. Leerstellig

21.1 RAPPORT : VOORTGAANDE STUDIE OOR DIE NAGMAAL (Artt.47, 235)

- A. Ds. J.P. Bingle stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Leerstellig 1.
- C. Ds. J.P. Bingle stel die Kommissierapport.
- D. **Besluit:** Die Rapport en Kommissierapport word verwys na 'n ad hoc kommissie om tydens die Sinode 'n voorstel te formuleer. Die volgende lede word aangewys: prof. A. le R. du Plooy (v), ds. J.P. Bingle, drs. H. Dijkstra, drr. H.G. Stoker, J.L. Venter en prof. J.H. van Wyk.

E. RAPPORT

1. Opdrag:

Acta 1997:729.

“1. Om met inagneming van die studieresultate soos vervat in die twee Rapporte wat voor die Sinode 1997 gedien het, asook in die lig van die besluit wat die Sinode 1997 (vgl. art. 231) geneem het, die volgende Sinode oor die saak van die wyse van Nagmaalsviering te adviseer.

Sodoende moet, indien moontlik, 'n nadere verklaring en/of interpretasie van die volgende woorde in die KO, art. 62 gegee word: ‘Dit moet egter verstaan word dat die *uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf* is, nie verander mag word nie...’

2. Die Sinode in die lig van die studies hierbo genoem te adviseer oor die Beswaarskrifte wat voor Sinode 1994 gedien het”.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 Interpretasie van die opdrag

U Deputate het die opdrag in die lig van die besluit van Sinode 1997 betreffende die Rapport van die Kommissie vir pre-advies (Acta 1997:727-729) geïnterpreteer. In die Kommissierapport is die essensie van die gegewens op tafel by Sinode 1997 asook die gedagtes tydens die bespreking verwerk. Die besluit oor die raamwerk van die voorskrifte gestel in punte 3 en 4 van genoemde Kommissierapport, is dus in gedagte gehou. (Punt 3: *Voorskrifte vanuit Skrif, Belydenis, KO en Formulier*; punt 4: *Prominente plek van die beker.*) Dit het die implikasie dat die Beswaarskrifte wat voor Sinode 1994 gedien het, behandel word soos in die werkwyse hieronder uiteengesit (vgl. 2.2).

2.2 Werkwyse

2.2.1 U Deputate het in die opdraguitvoering konsensus oor hermeneutiese uitgangspunte gehad. Daar is egter geoordeel dat die algemene hermeneutiese uitgangspunte deur Sinode 1988 gestel (vgl. Acta 1988:508-510), verder verbesonder en in hermeneutiese ‘*gereedskap*’ gegiet moet word. 'n Rigtinggewende studie is in opdrag van die Deputate deur prof. G.J.C. Jordaan in dié verband onderneem en die resultate daarvan word as Bylae by hierdie Rapport gepubliseer. Besondere dank word teenoor prof. Jordaan uitgespreek.

BYLAE

INDIKATIEF/IMPERATIEF, DESKRIPTIEF/PRESKRIPTIEF EN SENTRUM/PERIFERIE IN DIE EKSEGESE

Die Deputate wat deur die Nasionale Sinode van 1997 aangewys is om verdere studie oor die wyse van Nagmaalsviering te doen, is onder andere besig met hermeneutiese besinning met die oog op die studie van tersaaklike Skrifgedeeltes. As vertrekpunt vir die studie geld die algemene hermeneutiese uitgangspunte wat reeds by vorige Nasionale Sinodes (Acta 1988:508-510; Acta 1977:586) gedien het. In die eksegeseproses het die Deputate egter voor bepaalde praktiese probleme te staan gekom,

wat duidelik verdere hermeneutiese besinning verg. Veral die volgende het na vore gekom: Hoe word daar in die eksegeese onderskei tussen sentrum en periferie? En tussen indikatief en imperatief? Ook tussen wat preskriptief en wat bloot deskriptief is?

In besinning oor hierdie vrae het dit spoedig duidelik geword dat hierdie vrae nie beperk is tot die terrein van die Hermeneutiek nie maar ook by ander teologiese dissiplines aan die orde kom, veral die Homiletiek, die Etiek en die Dogmatiek. Dit het ook duidelik geword dat die begrip *pare indikatief/imperatief, deskriptief/preskriptief* en *sentrum/periferie* wel in noue verband tot mekaar staan, maar tog nie sinoniem met mekaar is nie. Die kategorieë *imperatief, preskriptief* en *sentrum* kan nie aan mekaar gelyk gestel word nie, net so min as wat die kategorieë *indikatief, deskriptief* en *periferie* met mekaar verwar mag word. Dit blyk verder dat hierdie terme nie in alle dissiplines met dieselfde begripsinhoud gevul is nie.

Dit is dus vir die Studiedeputate belangrik

- om vas te stel wat die verband tussen die vermelde begrippe is en tot watter mate hierdie begrippe ook hermeneutiese kategorieë kan aandui, en
- om basiese hermeneutiese riglyne vir onderskeiding van sulke kategorieë neer te lê.

1. DIE VERBAND TUSSEN INDIKATIEF/IMPERATIEF, SENTRUM/PERIFERIE, DESKRIPTIEF/PRESKRIPTIEF

1.1 Die begrippe *indikatief* en *imperatief*

Die begrippe *indikatief* en *imperatief* is in werklikheid taalkategorieë maar dit word in die Gereformeerde teologie vry algemeen ook gebruik om openbaringskategorieë in die Skrif te onderskei (Venter, 1990:2). Ridderbos (1950:225) onderskei tussen “de indicatief, waarin het heil van het koninkrijk wordt geproclameerd” en “de grote imperatief van het evangelie ... als proclamatie van de wil des Vaders” (1950:226). Die twee begrippe dui dus twee fasette van die evangelie/koninkryk aan wat in die Skrif geproklameer word.

Dit wat in die Skrif geproklameer word, moet ook in die prediking van die kerk geproklameer word; daarom moet die indikatief en die imperatief van die Skrifopenbaring ook in die prediking gestalte vind (Floor, 1974:7-20). Gevolglik word hierdie twee begrippe ook as sleutelbegrippe in die Gereformeerde Homiletiek aangetref - daarin verwys die indikatief na die deel van die Skrifopenbaring wat “ ’n vasstaande werklikheid aandui, ’n werklikheid wat sê Wie God is, wat Hy doen en wat Hy vir ons en in ons doen”; daarenteen dui die imperatief op die deel wat “die bevel of eis van God aan die mens” bevat (Labuscagne, 1981:3).

Ook op die terrein van die Etiek het die begrippe *indikatief* en *imperatief* ’n staanplek gekry (Venter, 1990:6). Uit die manier waarop skrywers soos Ladd (1977:524-525) en Lategan (1984:323-324) hierdie twee begrippe op die terrein van die Etiek gebruik, is dit egter duidelik dat dit nie ’n selfstandige staanplek in die Etiek beklee nie, maar eerder ’n brug slaan vanuit die Skrifverklaring na die Etiek.

Hieruit volg dat die terme *indikatief* en *imperatief* ook in die Hermeneutiek en Eksegese ’n gebruiksveld het. Verskeie Nuwe-Testamentici (bv. Ridderbos, 1950; Ladd, 1977; Lategan 1984) gebruik die terme wel ter aanduiding van twee openbaringskategorieë in die Skrif, op so ’n wyse dat eersgenoemde naastenby dui op die heilsboodskap en laasgenoemde op die gehoorsaamheidseis van die Skrif. Dat hierdie twee begrippe egter nie vir die Nuwe-Testamentiese Hermeneutiek voldoende is nie, blyk uit ’n reeks artikels wat in 1990 in *In die Skriflig* verskyn het waarin gekies is vir die terme *indikatief* en *paraklese*. *Paraklese* verwys dan na “die vermanend-bemoedigende aksie wat onlosmaaklik verbind is met en voortvloei uit die indikatief van die werk van God Drie-enig” (Venter, 1990:2-3).

Eksegete maak wel van die twee begrippe gebruik maar daar is nie welomskrewe hermeneutiese reëls oor hoe om vas te stel wat in ’n gegewe teks as indikatief en wat as imperatief beskou moet word nie. Die waarskynlike rede hiervoor is dat, soos hieronder aangetoon word, daar nie vaste reëls hiervoor gestel kán word nie. Saamgevat: Dit is duidelik dat die begrippe *indikatief* en *imperatief* oor ’n wye gebied van teologiese dissiplines gebruik word. Dit is ook vir onderskeidings in die Bybelse Hermeneutiek en Eksegese bruikbaar maar dit het steeds beperkinge en dit word nie by wyse van vaste hermeneutiese reëls omskryf nie. By ’n diskussie van die personeel van die TSP (11 Junie

1998) is aan die hand gedoen om in die hermeneutiek moontlik die terme *heilsfeit/opdrag* te gebruik eerder as *indikatief/imperatief*.

1.2 Die begrippe *deskriptief* en *preskriptief*

Op die oog af lyk dit of ook die begrippe *deskriptief* en *preskriptief* twee vlakke van die Skrifopenbaring kan aandui. Die Skrifdele wat *preskriptief* van aard is, sou dan naastenby korreleer met die *Skrifimperatief*. Skrifdele wat as *deskriptief* getipeer word, sou dan geen voorskriftelike inhoud hê nie en bloot beskrywend van aard wees. So is die feit dat Jesus sewentig dissipels twee-twee uitgestuur het (Luk 10:1) bloot *deskriptief* van aard: dit is nie bedoel as voorskrif vir gelowiges van alle tye om die evangelie twee-twee te gaan verkondig nie. Die opdrag om in sy diens die evangelie te gaan verkondig, is egter blywend van aard en daarom *preskriptief*.

Dit blyk egter dat die begrippe *deskriptief* en *preskriptief* nie in die Hermeneutiek inslag gevind het nie. Wel word dit in die Etiek gebruik, en dan ook nie altyd in dieselfde betekenis nie. De Bruyn (1992:11) onderskei tussen *deskriptiewe* en *preskriptiewe etiek*: *deskriptiewe etiek* gee bloot 'n beskrywing van mense se sedelike lewe; *preskriptiewe etiek* dui aan hoe mense se sedelike lewe moet wees. Hierdie gebruik van die begrippe *deskriptief* en *preskriptief* kan egter nie met Hermeneutiese kategorieë in verband gebring word nie.

Daly (1984: 75,131) se gebruik van die terme lê nader aan kategorieë van Skrifinterpretasie. Hy gebruik die term *preskriptief* vir wat in die Bybel as direkte opdrag aan ons gegee is, en *deskriptief* in verwysing na wat hy noem teoretiese norme, d.w.s. wat algemeen van aard is. Heyns (1982:166) onderskei ook tussen die twee kategorieë, maar verkies om te verwys na *blywende* (universele) en *wisselende* (situatiewe) elemente van die Skrifopenbaring. Bepaalde Bybelse opdragte geld alleen vir die situasie wat in die Skrif gegee is en is nie op ander situasies direk van toepassing nie. Sulke opdragte is wisselend of deel van die “situatiewe wil van God” (1982:166). Maar God gee ook onmiskenbaar vaste opdragte “wat bó die wisseling van tye en situasies uitgaan” (1982:166). Sulke opdragte sou dan *preskriptief* wees.

Daar bestaan in die Etiek beslis ruimte vir 'n onderskeid tussen wat *deskriptief* en wat *preskriptief* is, maar hierdie terme moet met groot omsigtigheid in die Bybelse Hermeneutiek gebruik word. Die gebruik daarvan kan maklik lei tot 'n skeiding tussen minder gesagvolle (bloot *deskriptiewe*) en meer gesagvolle (*preskriptiewe*) Skrifdele. Ook kan dit die indruk skep dat sekere Skrifuitsprake bloot tydgebonde is terwyl ander bo die tyd verhewe is (Heyns, 1982:157).

Om by hierdie gevaar verby te stuur, is daar reeds in die Hermeneutiek verskeie ander uitdrukkings gebruik. Greijdanus (1946:118) maak 'n onderskeid tussen *die Woord van God in formele sin* en *die Woord van God in materiële sin*. Eersgenoemde verwys na Skrifdele waarin God ons dinge meedeel wat teen sy wil ingaan (bv. die woorde van Satan in Gen 3:1); laasgenoemde bevat die eie woorde van God. Beide word met eweveel Goddelike gesag meegedeel. Die gevaar van hierdie onderskeid is egter dat in die eksegetiese Skrif na vorm en inhoud geskei kan word. Daarom is dit beter om van enige vorm-inhoud-skema weg te stuur.

Greijdanus maak dus self eerder gebruik van die begrippe *auctoritas historae* (historiese gesag) en *auctoritas normae* (normatiewe gesag) (1946:119; vgl. ook Grosheide, 1929:36). Skrifdele waarin sake meegedeel word wat nie bedoel is om deur gelowiges nagevolg te word nie, het slegs historiese gesag. Dit is Skrifdele waarin die wese van die sonde en die mens in sy gevalle toestand vir ons beskryf word, en wat as waarskuwing vir ons opgeteken is (Greijdanus, 1946:119). Skrifdele waarin God regstreeks, of deur bemiddeling van engele of mense, sy denke of wil of werke openbaar, het egter ook normatiewe gesag. In sulke Skrifdele maak God aan ons bekend wat ons oor Hom en sy skepping moet dink en glo, hoe ons moet optree, en hoe ons gedagtes en gesindheid behoort te wees (1946:120).

Velema (1990: 55) wys op die gevaar daarvan om die Bybel in verskillende “lae” van gesag in te deel. Hy huiwer byvoorbeeld om te onderskei tussen Skrifdele met historiese gesag, heilsgesag en paraenetiese gesag. Die gevaar lê egter nie soseer in die onderskeiding van hierdie kategorieë nie as in die dikwels gepaardgaande idee van 'n “hiërargie van geldigheid” (1990:55). Daarom behoort daar by die onderskeid tussen historiese en normatiewe gesag gewaak word teen enige idee van 'n gesagsrangorde.

1.3 Die begrippe *sentrum* en *periferie*

Die begrippe *sentrum* en *periferie* word in sowel die Dogmatiek as die Hermeneutiek gebruik. In die Dogmatiek is die vraag na die sentrum (skopus) van die Skrif as geheel 'n belangrike kwessie; in die Hermeneutiek gaan dit oor die sentrum (skopus) van 'n bepaalde Skrifdeel (perikoop, teks).

1.3.1 Sentrum en periferie in die Skrif

Sentrum en *periferie* is wel eg twintigste eeuse terminologie maar reeds van die vroeë kerkvaders af is geworstel met die vraag na die sentrale Skrifwaarhede. Juis hieruit het die vroeë belydenisse (konfessies) gestalte gekry (Denkema, 1973:221-230). In die tyd van die Reformasie het Luther en Calvyn die beskouing gedeel dat Christus die sentrum van die Skrif is. Luther het egter die Christologiese sentrum vereng tot die soteriologiese, terwyl Calvyn meer klem gelê het op die ware kennis van God wat in Jesus Christus aan ons geopenbaar is (Denkema, 1973:233).

In die Skrif was Luther by uitstek op soek na “was Christum treibet”. Jesus Christus is die doel, die intensie, die gerigtheid van die geskrewe Woord. Vanuit hierdie *skopus* wat (volgens hom) die evangeliese sentrum is, het Luther allerlei kritiek op die Bybel uitgeoefen (Denkema, 1973:231). By sy latere volgelinge het dit daartoe aanleiding gee dat hulle dit wat nie deel van die evangeliese *sentrum* van die Skrif uitmaak nie, as *periferie* eenkant toe geskuif het. Dit het gelei tot die idee van 'n kanon binne die Kanon.

By Calvyn staan voorop dat die Heilige Skrif aan ons gegee is om God daardeur te ken. Omdat God Hom juis in Christus openbaar, staan Christus in die sentrum van die Skrifopenbaring. Calvyn handhaaf dus ook, net soos Luther, 'n Christologiese sentrum van die Skrif, maar sonder om die aksent op die verlossing te plaas. Calvyn se Christosentriese benadering is dat die mens in en deur Christus kom tot kennis van God se heerlikheid. Hy het dus eerder 'n teosentriese-Christologiese benadering, of 'n Christosentriese-teologiese benadering (Grosheide, 1929:37).

Vir Calvyn is die uiteindelijke doel (*skopus*) van die Skrifopenbaring om God te ken en sy Naam te vereer (Denkema, 1973:237). Hoewel Christus die sentrum van die Skrif is, verplaas dit nie Skrifdele, wat nie direk van Hom getuig, na 'n (negeerbare) periferie nie. Inteendeel, elke Skrifdeel is belangrik ten einde ons by Christus uit te bring sodat ons deur Hom God kan ken en Hom kan verheerlik. Gevolglik is daar by Calvyn geen gevaar van 'n kanon binne die Kanon nie.

In die twintigste eeu is hierdie beskouing van 'n teosentriese-Christologiese benadering in die Gereformeerde teologie voortgedra deur H. Bavinck en deur G.C. Berkouwer. Berkouwer stel dit duidelik dat die handhawing van Christus as sentrum/ skopus van die Skrif nie beteken dat *vorm* en *inhoud* van mekaar geskei word, so asof die vorm (wat daar geskrywe staan) opsy geskuif moet word ten einde na die eintlike kern-openbaring (Christus) deur te dring nie. Hy wys op die gevaar om Christus oral - in elke teks of perikoop - te probeer “ontdek”. Tog, al kan Christus nie in elke teks aangewys word nie, is elke teks tog deel van die Skrifopenbaring met sy teosentriese-Christologiese sentrum (Denkema, 1973:248-251).

Die woorde van die apostel Paulus in 1 Korintiërs 2:2 gee 'n duidelike aanduiding van die skopus van die Skrif. Paulus het hom naamlik voorgeneem “om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde”. Daarmee sê hy dat alles wat hy geskryf het, Christus as sentrum het. Dit geld ook vir die dele waarin Christus nie direk aangewys kan word nie (Denkema, 1973:258). Die onderskeid tussen sentrum en periferie steun hoegenaamd nie 'n dualistiese Skrifbeskouing, so asof sekere tekste en perikope as minder belangrik of selfs as oorbodig beskou word nie. Dit beteken slegs dat sekere Skrifdele skerper op Christus gefokus is as ander (Denkema, 1973:261).

1.3.2 Sentrum en periferie van 'n teks

Uit bogenoemde is dit duidelik dat elke Skrifdeel deel uitmaak van die heilsboodskap waarvan Jesus Christus in die sentrum staan. Daarom kan daar nie onderskei word tussen tekste wat van Christus getuig en tekste wat nie van Hom getuig nie. Veel eerder kan daar onderskei word tussen tekste wat skerper op Christus gefokus is en die wat nie so skerp op Hom gefokus is nie.

So kan daar ook in elke Skrifdeel/perikoop/teks onderskei word tussen sentrum en periferie. Hoewel die sentrum van elke teks nie losgemaak kan word van die sentrum van die Skrif as geheel nie, kan dit ook nie sonder meer daaraan gelykgestel word nie. Elke teks is op een of ander wyse aan die teosentriese-Christologiese Skrifsentrum verbonde maar dit het ook 'n eiesoortige fokus op die openbaringsentrum van die Skrif. En juis daardie eie fokus vorm die openbaringsentrum van elke teks/ perikoop.

Daarom is daar in elke perikoop 'n sentrale openbaringsfokus, wat getipeer kan word as *sentrum* en omliggende dele, wat as *periferie* getipeer kan word. Van Bruggen (1981:96) verkies om te verwys

na *hoofsaak* en *bykomende sake*. Al is die *sake* wat op die periferie staan, bykomend van aard, is dit allermins oorbodig, want op een of ander wyse hou dit verband met die perikoopsentrum. Die perikoopsentrum is juis sentrum omdat dit deur die perifere sake ondersteun en geaksentueer word. Daarom moet die *periferie* van 'n teks nie beskou word as dit wat op 'n afstand staan of geplaas kan word nie, maar slegs as dit wat nie self in die *sentrum* staan nie.

1.4 Die verhouding tussen hierdie begrip *pare*

Dit blyk dat die *indikatief* van die Skrif tot 'n groot mate ooreenkom met wat gewoonlik as die *sentrum* van die Skrif beskou word: die geopenbaarde werklikheid waarin Jesus Christus sentraal staan, 'n werklikheid wat sê wie God is, wat Hy doen en wat Hy vir ons en in ons doen. Hierdie *indikatief* staan ook sentraal in die doel (*skopus*) van die Skrifopenbaring, soos bely word in NGB, art. 2: dat God Hom deur sy Woord aan ons bekend maak, “en wel soveel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort”.

Die *skopus* van die Skrifopenbaring is egter nog meer omvattend. Dit omvat ook die *imperatief* wat *preskriptief* in die Skrif aan ons geopenbaar word, naamlik die bevel of die eis van God aan die mens, of soos NGB, art. 7 dit noem: “die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word”. Skrifdele wat God se *imperatief* aan ons openbaar, is Skrifdele wat met *normatiewe gesag* spreek.

Dit is egter nie net imperatiewe (preskriptiewe) tekste wat met normatiewe gesag getuig nie. Ook die *indikatief*-tekste spreek met normatiewe gesag. Die Skrifdele waarin God aan ons bekend maak wat ons oor Hom en sy skepping *moet glo*, is immers ewe normatief as die dele waarin Hy bekend maak wat ons *moet doen en dink* (Greijdanus, 1946:120).

Ook tussen *indikatief* en die *imperatief* bestaan daar 'n noue verband. Labuscagne (1973) beskryf hierdie verband soos volg: “Dit is van die grootste belang om die onlosmaaklike verhouding tussen *indikatief* en *imperatief* ... reg te verstaan. Deur-gaans rus die *imperatief* ... in die *indikatief*. ... Die *imperatief* volg altyd konkluderend op die *indikatief*” (1973:27).

Skrifdele wat nie in die sentrum staan nie (en dus as *periferie* beskryf kan word) staan nie los van die sentrum nie, maar is bykomstig en ondersteunend daartoe. Hierdie Skrifdele spreek met *historiese gesag* van sake wat juis die nodige toeligting en inligting gee om die Openbaringsentrum van die Skrif des te beter te begryp. Aangesien die term *periferie* egter die indruk mag skep van iets wat verwyderd staan of onbelangrik is, is dit (myns insiens) beter om in die Hermeneutiek eerder die term *bysaak* te gebruik (vgl. Van Bruggen, 1981:96). Ten einde verwarring te voorkom met die *sentrum* (*skopus*) van die Skrifopenbaring, is dit (myns insiens) ook beter om in die Skrifeksegese nie na die *sentrum* (*skopus*) van die teks te verwys nie, maar na die *fokuspunt* of die *hoofsaak*.

Samevattend: Dit blyk dat die begrippe *indikatief* en *imperatief* so in die Hermeneu-tiek gebruik kan word dat *indikatief* na die Skrifgeopenbaarde werklikhede waarin ons **moet glo**, verwys, en *imperatief* na die Skrifgeopenbaarde werklikhede wat ons **moet doen**. Verder kan daar in die Hermeneutiek onderskei word tussen *fokuspunt* en *bysaak* binne 'n afgebakende Skrifdeel (teks). Die *fokuspunt* van 'n teks kan óf *indikatief* óf *imperatief* wees, na gelang van die aard van die betrokke teks.

1.5 Direkte Skrifuitsprake en Skrifperspektiewe

Bogenoemde onderskeidings moet gewoonlik by wyse van afleiding uit die Skrif gemaak word. Dus: Die Skrif dui nie orals direk aan dat dit hier *imperatief* en daar *indikatief* is nie. So ook is daar baie ander sake waaroor daar nie direkte of eksplisiete uitsprake in die Skrif te vinde is nie (vgl. Van Rooy, 1997:12vv.). Dit wil egter nog nie sê dat die Skrif geen perspektief daarop bied nie.

Coetzee (1995a:10-11) dui volgens 'n glyskaal aan die variasie tussen terreine waaroor die Skrif hom direk uitspreek en sake waaroor die Skrif geen direkte uitsprake gee nie, maar waarby bloot by wyse van afleiding perspektiewe uit die Skrif gehaal kan word. Afleidings, of dan interpretasies, kan egter nie maar willekeurig gemaak word nie, maar moet rekening hou met die breë openbaringslyne van die Skrif. Daarom behoort interpretasies van die Skrif te geskied volgens bepaalde hermeneutiese riglyne.

2. BASIESE HERMENEUTIESE RIGLYNE

2.1 Onderskeid tussen indikatief en imperatief

2.1.1 Nie meganiese grammatikale onderskeid nie

Om in die eksegeese van 'n teks tussen indikatief en imperatief te onderskei, is moeiliker as wat dit op die oog af lyk. In die eerste plek moet in gedagte gehou word dat taalkategorieë en openbaringskategorieë nie altyd saamval nie. Dit wil sê dat 'n werkwoord waarvan die grammatikale modus imperatief is, nie noodwendig as 'n openbaringsimperatief beskou moet word nie. In 1 Tess 5:19 word 'n opdrag van God by wyse van 'n grammatikale imperatief geopenbaar (*to pneuma mē sbennute* - “moenie die Gees uitblus nie”), terwyl die grammatikale imperatief in Joh 2:19 (“Breek die tempel af (*lusate*), en in drie dae sal Ek dit oprig”) draer van 'n heilsindikatif is. Desgelyks is die grammatikale indikatief (of ekwivalent daarvan) dikwels draer van 'n heilsindikatif, bv. Rom 8:34 (“Christus is dit wat vir ons gesterf het (*apothanoon*) .. wat ook vir ons intree (*entunganei*)”), maar soms ook van 'n Goddelike opdrag, bv. 1 Tess 4:7 (“God het ons nie tot onreinheid geroep (*ekalēsen*) nie maar tot heiligmaking”).

Daar is dus nie 'n meganiese manier om tussen die heilsindikatif en -imperatief van 'n teks te onderskei nie. Dit word bevestig deur die volgende verskynsels in die Skrif:

- Opdragte wat God self direk uitspreek, sou oor die algemeen aanvaar kon word as blywende *imperatiewe* (bv. Eks 20:12). Tog is daar verskeie opdragte wat God self gee en wat kennelik nie as blywende opdragte aan alle gelowiges bedoel is nie, bv. 1 Kon 19:11 (“Kom uit en gaan staan op die berg voor My”) en Joh 2:7 (“Maak die kanne vol water”).
- Dikwels gee God blywende opdragte (*imperatiewe*) deur bemiddeling van menslike diensknegte, bv. 1 Tess 5:17 (“Bid sonder ophou”), maar daar is ook talle opdragte van die apostels en profete in die Skrif opgeteken wat nie as blywende *imperatiewe* bedoel is nie, bv. 2 Kon 5:10 (“Gaan was jou sewe maal in die Jordaan”) en 2 Tim 4:13 (“Bring vir my die reismantel wat ek in Troas laat agterbly het ...”).

2.1.2 Sintaktiese en stilistiese merkers

Hierbo is aangedui dat die verhouding tussen die heilsindikatif en -imperatief van so 'n aard is dat die imperatief altyd konkluderend op die indikatief volg. Daarom kan dit die eksegeet van hulp wees om op te let vir sintaktiese en stilistiese merkers wat 'n konkluderende funksie het. Labuscagne (1973:29-31) wys op die volgende:

- 'n Indikatief wat volg op die partikel *gar* kan die grond bied vir 'n voorafgaande imperatief (bv. Fil 2:12,13) en 'n imperatief wat volg op die partikel *oun* is gegrond in die voorafgaande indikatief (bv. Rom 12:1).
- By Paulus volg die imperatief as toetssteen van die geloof dikwels in 'n apodosis by 'n voorwaardesin (bv. Kol 3:1 e.v.)
- Soms word die imperatief by wyse van 'n retoriese vraag gestel. Die indikatief word dan gestel by wyse van 'n relatiewe sin, bv. Rom 6:2 (“Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?” = In Christus het ons die sonde afgesterf; daarom mag ons nie meer daarin lewe nie).

Hoewel hierdie voorbeelde geldig is, bied dit glad nie 'n vaste model nie. Trouens, daar is in die Nuwe Testament talle voorbeelde van *gar* en *oun*-sinne, van voorwaardesinne met apodosis en van retoriese vrae wat nie indikatief-imperatief-verhoudings aandui nie (bv. Fil 1:8; Ef 5:1 en 1 Kor 10:18). Daarom sal daar ook na ander hulpmiddels vir die eksegeese gekyk moet word om tussen indikatief en imperatief te onderskei.

2.1.3 Konteks

Dikwels kan die eksegeet, sonder formele sintaktiese of stilistiese aanwysers, vanuit die konteks geldige afleidings maak oor wat in 'n gegewe Skrifdeel as indikatief en wat as imperatief bedoel is. Deel van die konteks is die literatuurtype waarvan die betrokke teks deel vorm. Historiese stof, poëtiese stof, profetiese stof en briewe is nie bedoel om op dieselfde manier gelees te word nie. Ook

die retoriese konteks (gedagte-struktuur), sosio-historiese konteks, (openbarings-)historiese konteks en die konteks van die hele Skrif moet hierby in ag geneem word.

2.1.3.1 Retoriese konteks

Die retoriese konteks van 'n Skrifdeel kan beskryf word op grond van 'n ontleding van die gedagte-struktuur (G.S.O., vgl. Coetzee, 1988: 23). 'n Belangrike deel van gedagtestruktuurontleding is juis om die samehang tussen die verskillende struktuur-komponente aan te dui. Indien dit uit die gedagtestruktuur blyk dat twee of meer gedagtes konkluderend of oorsaaklik saamhang, kan die eksegeet die moontlikheid van 'n indikatief-imperatief-verhouding oorweeg.

'n Voorbeeld hiervan vind ons in die G.S.O.wat Coetzee (1988:34) van Jak 4:6b-10 gemaak het. In die perikoop kom die partikel *oun* net een keer voor (vers 7). Nogtans kan uit die daaropvolgende parallelle rangskikking van gedagtes afgelei word dat daar nie minder nie as 10 imperatiewe in hierdie een indikatief begrend word. Dit blyk verder dat twee van die imperatiewe in werklikheid parakleties van aard is, aangesien die bevel telkens direk verbind word aan 'n belofte (Coetzee, 1988:34).

2.1.3.2 Sosio-historiese konteks

Aangesien die Skrif gewoonlik tydgerig is (Coetzee, 1995a:16), het ook die opdragte wat God daarin gee - selfs blywende opdragte - dikwels 'n tydgerigte karakter. God het immers nie in 'n tydlose vakuum sy opdragte gegee nie maar binne 'n sosio-historiese situasie. So word in 1 Tim 2:1,2 aan gelowiges opgedra om voorbidding te doen "vir konings en almal wat hooggeplaas is". Die tydgerigte "vir konings" weerhou die moderne eksegeet nie daarvan om hierdie opdrag met normatiewe gesag ook van toepassing te maak op byvoorbeeld 'n staatspresident nie. Desgelyks is die tydgerigte verbod dat jy nie iemand anders se "os of esel" mag begeer nie (Eks 20:17), ook van toepassing op hedendaagse besittings soos 'n motor of 'n rekenaar.

Om te onderskei tussen opdragte wat as blywende imperatiewe bedoel is en opdragte wat bloot situasie-gerig is - oftewel opdragte met *normatiewe gesag* en die met *historiese gesag* - moet die eksegeet die teks binne sy sosio-historiese konteks plaas. Hierby moet egter gewaak word teen die idee dat sekere opdragte (dié met normatiewe gesag) tydgerig is terwyl ander opdragte (dié met slegs historiese gesag) ook tydgebonde is. Opdragte met historiese gesag bly steeds deel van die tydgerigte inkleding van die Skrif.

By die vasstelling of 'n bepaalde opdrag slegs deel uitmaak van die sosio-historiese inkleding van die teks of nie, is die hermeneutiese reël dat die Skrif sy eie Verklaarder is, deurslaggewend. Met ander woorde: die eksegeet kan nie net op grond van buite-Bybelse of bloot subjektiewe oorwegings besluit dat 'n bepaalde Skrifopdrag as sosio-historiese inkleding beskou kan word nie, maar **die Skrif self** moet eers daarvan blyke gee.

Samevattend blyk dit dat die eksegeet veral aandag moet gee aan die **begronning** van elke opdrag in die teks. Opdragte wat in 'n geopenbaarde *indikatief* begrend is, kan beskou word as 'n blywende *imperatief*; opdragte wat in sosio-historiese argumente begrend is, kan beskou word as situatiewe opdrag.

2.1.3.3 (Openbarings-)historiese konteks

Veral in historiese stof is daar dikwels nie 'n formele gedagtestruktuur waaruit indikatief-imperatief-samehang aangedui kan word nie. In sulke gevalle kan die samehang soms uit die historiese situasie afgelei word.

'n Voorbeeld hiervan word gevind in die geskiedenis van die vermeerdering van die brode (Matt 14:14-21). In die perikoop is daar twee opdragte van Jesus wat as grammatikale imperatiewe weergegee word. Wanneer die dissipels sê dat hulle net vyf brode en twee visse het, sê Jesus (imperatief): "Bring dit hier vir My" (v.18), en daarna (v.19) gee Hy die skare bevel om op die gras te gaan sit. Beide hierdie opdragte is egter op die historiese situasie gerig. Dit is duidelik nie bedoel as blywende opdrag met normatiewe gesag vir alle tye nie. Nogtans het dit beslis historiese gesag.

In die wonder van die vermeerdering van die brode het Jesus onteenseglik 'n heilsfeit geopenbaar wat as ongeskrewe indikatief openbaringshistories daarin opgesluit lê. Dit is naamlik dat Jesus kan doen wat menslik onmoontlik is. Hy ís die Messias, die Seun van God. En, hierop gegrond, is ook die ongeskrewe imperatief: Glo in Hom!

2.1.3.4 Konteks van die hele Skrif

(1) Openbaringshistoriese lyne van die betrokke Bybelboek

In die onderskeid tussen *indikatief* en *imperatief* is dit nodig om die openbarings-historiese gerigtheid van die betrokke Bybelboek in ag te neem. As voorbeeld kan weer eens die vermeerdering van die brode (Matt 14:14-21) geneem word. Hierbo in 2.1.3.3 is daarop gewys dat die ongeskrewe *imperatief* in hierdie perikoop neerkom op: Glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God. Hierdie *imperatief* sluit ten nouste aan by die openbaringshistoriese gerigtheid van die Evangelie volgens Matteus, naamlik om mense te laat glo dat Jesus die Messias van God is.

(2) Openbaringshistoriese lyne van die Skrif as geheel

Die voorbeeld uit 1 Kor 11 (2.1.3.2 hierbo) is reeds aanduiding dat die breë openbaringshistoriese lyne in die Skrif, bv. God se skeppingswerk, in die eksegeese in ag geneem moet word. In die eksegeese behoort elke opdrag dan binne die konteks van die openbaringsgeskiedenis geplaas te word om binne daardie konteks te oordeel of dit bedoel is as 'n blywende *imperatief* of nie.

'n Voorbeeld hiervan is die opdrag in Hand 15:28,29: "Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge: dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery." Indien egter die lyn vanaf die Ou- na die Nuwe-Testamentiese Skrifopenbaring gevolg word, is dit duidelik dat die ou seremoniële wette (wat o.m. die eet van bloed verbied het) in Christus hulle vervulling bereik het en daarom nie meer bindend is nie. Gevolglik word oor die algemeen in die Gereformeerde eksegeese die verbod op die eet van bloed en van wat verwurg is, beskou as 'n opdrag wat gerig was op die destydse situasie en nie as 'n blywende *imperatief* geld nie.

(3) Skrif-met-Skrif-vergelyking

Direk in aansluiting by die breë openbaringshistoriese lyne van die Skrif is die eksegetiese proses van Skrif-met-Skrif-vergelyking. Om tussen *indikatief* en *imperatief* in 'n bepaalde Skrifdeel te onderskei, kan ander uitsprake elders in die Skrif rigtinggewend wees. Weer eens kan die geskiedenis van die vermeerdering van die brode (Matt 14:14-21) as voorbeeld dien. Die konklusie dat die ongeskrewe *imperatief* van die perikoop neerkom op "Glo!", word in die lig van 'n ander Skrifuitspraak duidelik: Mark 6:52 getuig dat die wonder van die brode bedoel was om mense tot geloof te bring.

2.2 Onderskeid tussen *fokuspunt* en *bysaak*

2.2.1 Sintaktiese en stilistiese merkers

In die breë gesien, kan as vertrekpunt geneem word dat die grammatikale hoofsin die *fokuspunt* van die teks sal stel en bysinne en deelwoordfrases die *bysake*. Aan die ander kant is daar in die Nuwe Testament ook talle voorbeelde van hoofsinne wat *bysake* stel en bysinne wat die *fokuspunt* van die teks bevat. De Klerk (1988:44-46) se ontleding van Ef 3:14-21 toon byvoorbeeld aan dat die *fokuspunt* van die perikoop nie in die grammatikale hoofsin (vv.14-15) gevind word nie maar in die daaropvolgende drie bysinne wat elk deur *hina* ingelei word (vv.16-19).

2.2.2 Konteks

2.2.2.1 Retoriese konteks

Nog veel meer as by die onderskeid tussen *indikatief* en *imperatief* is G.S.O. van belang vir die onderskeid tussen *fokuspunt* en *bysake* in 'n perikoop.

'n Voorbeeld hiervan word gevind in die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar (Luk 18:9-14). Uit 'n G.S.O. van die perikoop blyk dit dat die gelykenis in 'n rings-komposisie (diamantstruktuur) gestruktureer is. Aan die begin van die gelykenis (v.9) noem Lukas die fokuspunt van die gelykenis: Jesus vertel die gelykenis met die oog op mense wat dink dat hulle in hulleself regverdig (*dikaïos*) is en op ander neersien. Aan die einde van die perikoop gaan dit oor wie werklik *geregverdig* (*dedikaïomenos*) is. Die fokuspunt van die gelykenis moet dus nie in die optrede van die Fariseër en die tollenaar gesoek word nie maar in die feit dat God ons voor Hom regverdig stel.

2.2.2.2 Sosio-historiese konteks

Soms kan ook die sosio-historiese konteks lig werp op wat as fokuspunt van 'n perikoop beskou moet word. 'n Voorbeeld hiervan is uitgewerk deur Van Rensburg (1998:7-8) met 1 Pet 2:11 - 4:19. Aangesien die eerste lesers van die Petrusbrief se sosiale en politieke omstandighede dié was van vreemdelinge en bywoners wat baie deur die landsburgers verontreg is, was hulle geneig om hulleself te verdedig deur terug onreg te pleeg. Daarom wil Petrus hulle oortuig om juis te midde van hulle vreemdelingskap hulle steeds te gedra soos God dit wil hê (1998:8). Hierdie algemene paraklese word in 1 Pet 2:11-12 aangetref en kan dus geneem word as *fokuspunt* van die perikoop.

2.2.2.3 (Openbarings-)historiese konteks

Soos by die onderskeid tussen *indikatief* en *imperatief* kan die historiese konteks waarin 'n perikoop staan, 'n sterk aanduiding gee van waar die *fokuspunt* daarvan gesoek moet word. As voorbeeld hiervan kan die geskiedenis van Jesus se begrafnis geneem word (Matt 27:57-66). Die *fokuspunt* van hierdie perikoop is, histories beskou, vers 60: Jesus is begrawe. Ander historiese feite word as *bysake* gestel wat uiters belangrike ondersteuning aan die historiese feit van Jesus se begrafnis bied. Dit is sake soos wie Hom begrawe het (vv.57-59), die ooggetuies van sy begrafnis (v.61), die verseëling van die graf deur die Jode (vv.62-66).

2.2.2.4 Konteks van die hele Skrif

(1) Openbaringshistoriese lyne van die betrokke Bybelboek

Ter illustrasie dien die perikoop Luk 6:1-11 (Op die Sabbat tel die dissipels koringare op en genees Jesus die man met die verdorde hand). Geplaas binne die konteks van Lukas 4 tot 6, is dit duidelik dat die Evangelis 'n reeks insidente beskryf waarin telkens aangetoon word dat Jesus waarlik die *kurios* is: Jesus is *kurios* oor die demone (4:31-37), *kurios* oor siekte (4:38-40), *kurios* van alle skepsele (5:1-11), *kurios* oor siekte (5:12-26). En nou, in 6:1-11, is die *fokuspunt* weer Jesus se *kurios* -skap: Hy is *kurios* óók van die Sabbat. Hieruit blyk dit dat 6:5 die fokuspunt van die perikoop bevat: Jesus is Here (*kurios*) óók van die Sabbat.

(2) Openbaringshistoriese lyne van die Skrif as geheel en Skrif-met-Skrif vergelyking

In 'n sekere sin het elke Skrifdeel 'n besondere plek binne die geheel van die Skrifopenbaring en dit moet ook binne daardie geheel beoordeel word. Dit geld natuurlik ook vir die fokuspunt van so 'n Skrifdeel.

'n Voorbeeld van 'n perikoop wat kwalik anders as vanuit die breë openbaringshistoriese lyne van die Skrif beoordeel kan word, is die geslagsregister van Jesus in Matt 1:1-17. In die geslagsregister word die verbondslyn vanaf Abraham (v.1) tot by Christus getrek. Vanuit openbaringshistoriese oorwegings is dit duidelik dat die geboorte van Jesus juis die vervulling van die beloftes van die verbond was. Vers 1 vermeld ook duidelik dat Christus "die seun van Dawid" was. Vanuit Skrif-met-Skrif vergelyking is ook die openbaringshistoriese betekenis van Dawid duidelik: hy is die koning uit wie se nageslag die Messias gebore sou word. Beide die verbondslyn (Abraham) en die koningslyn (Dawid) word in vers 1 saamgetrek, wat dan as *fokuspunt* van die geslagsregister van Jesus beskou kan word.

2.3 Teologiese sintese as *donum interpretationis*

Nadat 'n hele aantal hulpmiddels hierbo aan die hand gedoen is - sintaktiese, stilistiese, sosio-historiese en openbaringshistoriese oorwegings - moet egter weer benadruk word dat die verklaring van die Skrif nie 'n meganiese proses is nie. Die aanwending van die vermelde (en ook nog ander) hulpmiddels is uiters belangrik, maar dit is slegs deel van die proses van *teksanalise*. Met die inligting wat uit die analitiese deel van die eksegeese versamel is, moet die eksegeet nou oorgaan tot die belangrikste deel van die Skrifuitleg, naamlik die *sintese*. Grosheide (1929:64) verwys na die *sintetiese eksegeese* of die bepaling van die *diepe sin* (L.W.: nie die "diepere sin" waarna die allegoriese verklaring op soek is nie!). Sommige skrywers verwys daarna as die *teologiese eksegeese*, as 'n derde stap na die grammatiese en die historiese eksegeese (vgl. Berkhof, 1971:133vv.).

Ook by die onderskeid tussen *indikatief*, *imperatief*, *fokuspunt* en *bysake* kan nie met die analitiese eksegeese volstaan word nie. Van die eksegeet word onderskeidings-vermoë geverg wat slegs die Heilige Gees aan hom kan verleen. Dit is wat bekend staan as die *donum interpretationis*. Die gawe van die Gees om te interpreteer is egter nie iets soos 'n "inwendige lig" wat buite die Skrif om gegee word nie. Die eksegeet ontvang dit juis in sy besig wees met die Skrif.

Grosheide (1929:65) wys daarop dat slegs noukeurige grammaties-historiese eksegeese kan lei tot die bepaling van die diepe sin van 'n teks. Die **diepe** betekenis word nie met verloop van tyd 'n **ander** betekenis nie. Die verklaarder sien egter in sy besig wees met die teks ander Skrifdele raak waarmee die Gees hom so lei dat hy duideliker sien hoe hierdie teks verstaan moet word, ook binne sy eie tyd en omstandighede.

Ook die teologiese sintese is onderworpe aan wetenskaplike kontrole. Die gewone wetenskaplike weg is dat die sintese sorgvuldig van al die onderdele van die teks rekenskap moet gee - van *imperatief* én *indikatief*, van *fokuspunt* én *bysaak*. Die sintese mag nie die betekenis van die teks verlé tot iets anders as wat daar staan nie. Dit wil egter deurdring tot die kern van die openbaring van

God in die teks en wil dit in die hermeneuseproses oordra na die omstandighede van vandag. Dit kom uiteindelik by die vraag: Wat openbaar God hier aan ons, aan my? (vgl. Grosheide, 1929:66).

2.4 *Hermeneuse as gawe van profesie*

Ten einde te kan sê wat God aan ons “hier, vandag” sê, gaan die sintetiese eksegeese oor na wat bekend staan as die hermeneuseproses. Dit is die proses waarin die resultaat van die hele eksegeeseproses (grammaties-historiese analise en die sintese) waarin vasgestel is wat God in die betrokke Skrifdeel openbaar, oorgebring word na die leser of hoorder vandag. Vir die hermeneuseproses is daar nie vasgestelde reëls nie. Hierby is die gawe van profesie wat God deur sy Gees gee, onontbeerlik (vgl. Rom 12:6,7; 1 Kor 14:3).

By die diskussiegroep van die personeel van die TSP (11/6/98) is daarop gewys dat die proses van hermeneuse dit belangrik is vir die eksegeet om ook 'n analise te maak van ons eie sosiale konteks vandag. Ook is daar gewys na die proses van dekontekstualisering (om die boodskap uit sy destydse konteks los te maak) en rekontekstualisering (om dit in die konteks van die teenwoordige tyd te plaas). Dit beteken egter nie dat die sosiale konteks van die hoorders bepalend mag wees vir wat God sê nie of 'n veto kan plaas op die resultaat van die eksegeese nie. Daarom geld dieselfde wetenskaplike kontrole by die hermeneuse as wat by die teologiese sintetese geld: dit moet berus op die resultate van die eksegeese en sorgvuldig rekenskap gee van al die onderdele van die teks - imperatief, indikatief, fokuspunt en bysaak.

2.5 *Geen meganiese reëls nie*

Aangesien die hele eksegeeseproses, in sy grammatiese fase en in sy historiese fase, maar veral in die proses van sintese en hermeneuse, in werklikheid nie sonder die interpretasiegawe van die Heilige Gees kan geskied nie, is dit nie moontlik om dit werklik as 'n meganiese toepassing van hermeneutiese reëls te bedryf nie. Ook in die bepaling van wat werklik God se blywende opdrag vir ons vandag is, en wat slegs as situatiewe opdragte beskou kan word, in die bepaling van wat die fokuspunt van 'n Skrifdeel is en wat bysake is, ook daarin moet die Skrifverklaarder biddend werk dat die Heilige Gees hom die insig sal gee om te interpreteer en die gawe om te onderskei.

BRONNELYS

- Berkhof, L. 1971. Principles of Biblical interpretation. Grand Rapids: Baker Book House. 169p.
- Coetzee, J.C. 1981. Die Kanon van die Ou en die Nuwe Testament. Potchefstroom: Wesvalia. 90p.
- Coetzee, J.C. 1988. Gedagtestruktuurontleding en die eksegeese van die Heilige Skrifte (*In* Coetzee, J.C. red. Koninkryk, Gees en Woord. Pretoria: NG Kerk-boekhandel. p.19-37).
- Coetzee, J.C. 1995a. Hermeneutics and exegesis of the New Testament. Part 1: Hermeneutical rules. Potchefstroom: Mini Publishers. 17p.
- Coetzee, J.C. 1995b. Hermeneutics and exegesis of the New Testament. Part 2: Thoughtstructure analysis and the exegesis of the Holy Scripture. Potchefstroom: Mini Publishers. 24p.
- Daly, J.D. 1984. Christian Biblical ethics. From Biblical revelation to contemporary Christian praxis: method and content. New York: Paulist Press. 332p.
- De Bruyn, P.J. 1993. Die Tien Gebooe. Midrand: Varia. 331p.
- De Klerk, B.J. 1988. Koninkryk, Gees en Woord in die gebed van Efesiërs 3:14-21. (*In* Coetzee, J.C. red. Koninkryk, Gees en Woord. Pretoria: NG Kerk-boekhandel. p.38-54).
- Denkema, H. 1973. Die betroubare woord. 'n Ondersoek na die aard van die Skrifgesag. D.Div.-proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika. 572p.
- Floor, L. 1974. Die indikatief en die imperatief in die prediking. *In die Skriflig* 29:7-20.
- Greijdanus, S. 1946. Schriftbeginselen ter Schriftverklaring; een historisch overzicht over theorieën en wijzen van Schriftuitlegging. Kampen: J.H. Kok. 224p.
- Grosheide, F.W. 1929. Hermeneutiek ten dienste van de bestudering van het Nieuwe Testament. Amsterdam: Van Bottenburg. 252p.
- Heyns, J.A. 1982. Teologiese Etiek. Deel I. Pretoria: NG Kerkboekhandel. 522p.
- Janse van Rensburg, J.J. 1998. Eksegeese vir Gereformeerde Woordbediening. Die toepassing van 'n metode op 1 Petrus 2:11-12. Potchefstroom: TSP (ongepubliseerde Diktaat). 14p.

- Labuscagne, G.C.P. 1981. Die indikatief en imperatief in die prediking. 'n Eksegeties-homiletiese studie toegespits op die Galasiërbrief. Th.M.-verhandeling. PU vir CHO. 93p.
- Ladd, C.E. 1977. A theology of the New Testament. Grand Rapids: Eerdmans. 661p.
- Lategan, B.C. 1984. Die Pauliniese etiek. (In Du Toit, A.B. red. Handleiding by die Nuwe Testament V. Pretoria: NG Kerkboekhandel, p.320-331).
- Ridderbos, H. 1950 De komst van het koninkrijk. Jezus' prediking volgens de synoptische Evangelien. Kampen: J.H. Kok. 459p.
- Van Bruggen, J. 1981. Het lezen van de Bijbel. Kampen: Kok. 187p.
- Van Rooy, H.F. 1997. Moet jy nou praat of moet jy swyg? Gedagtes na aanleiding van Spreuke 26:4-5. Rede uitgespreek by die promosieplegtigheid van die Teologiese Skool Potchefstroom. 16 November 1997.
- Velema, W.H. 1990. Oriëntatie in de christelike etiek. 's-Gravenhage: Boeken-centrum B.V. 159p.
- Venter, C.J.H. 1990. Indikatief en paraklese in die Pastorale Briewe. *In die Skriflig* 24(1) 1990:1-26.

- 2.2.2 U Deputate het kennis geneem van die wyse van Nagmaalsviering by Gereformeerde Kerke wêreldwyd (vgl. 3.1.3 van hierdie Rapport).
- 2.2.3 Wat punt 2 van die opdrag aan die Deputate betref, word die materie van die Beswaarskrifte wat voor Sinode 1994 gedien het, nie in detail ter tafel geneem en beantwoord nie. U Deputate is van mening dat die onderstaande studie en bevinding wel die problematiek wat ten grondslag van die Beswaarskrifte lê, beantwoord. Uitspraak oor die Beswaarskrifte word op dié wyse gegee en hulle word nie afsonderlik aan die orde gestel nie.

2.3 *Vertrekpunt*

Die Sinode neem sy vertrekpunt in KO, art. 62 waar die wyse van Nagmaalviering soos volg gereël word:

“Elke kerk moet die Nagmaal hou op die wyse wat na sy oordeel tot die meeste stigting dien. Dit moet egter goed verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie, dat alle bygeloof vermy word en dat na die preek en algemene gebede, die Formulier van die heilige Nagmaal, asook die gebed wat daarby hoort, gelees moet word”.

Vir hierdie Studierapport is veral die volgende twee sake van belang:

- Watter uitwendige seremonies is in die Woord van God voorgeskryf?
- Hoe word die Nagmaal tot die meeste stigting van die kerke gehou?

Dit word vervolgens in 'n inhoudelike studie (vgl. 2.4) en 'n beredenering (vgl. 3.1) uiteengesit.

2.4 *Materie van die studie*

(Uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is)

- 2.4.1 Die belangrikste Skrifgetuienis word aangetref by die instellingsberigte van die Nagmaal, t.w. Matteus 26:26-29, Markus 14:22-25, Lukas 22:15-20 en 1 Korintiërs 11:24-33.
- 2.4.2 In hierdie Skrifdele kom die volgende opdragte oor die viering van die Nagmaal voor:
- (1) Oor die brood:
 - “*Neem, eet*” (Matt 26:26; Mark 14:22; 1 Kor 11:23);
 - “*Doen dit tot my gedagtenis*” (Luk 22:19).
 - (2) Oor die beker:
 - “*Drink almal daaruit*” (Matt 26:28);
 - “*Neem dit en deel dit onder julle*” (Luk 22:17);
 - “*Doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis*” (1 Kor 11:25).
 - (3) Oor beide brood en beker:
 - “*So dikwels as julle hierdie brood eet of die beker van die Here drink, verkondig (julle) die dood van die Here totdat Hy kom*” (1 Kor 11:26).
 - “*Maar elkeen moet homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink*” (1 Kor 11:28)

“As julle saamkom om nagmaal te vier, wag vir mekaar” (1 Kor 11:33).

2.4.3 Bogenoemde Skrifdele is nie net indikatief (beskrywend) van aard nie; dus: dit bevat nie net gegewens oor wat die kerk (moet) glo of wat gebeur het nie. Dit is ook imperatief (voorskriftelik) van aard; dus: dit bevat ook gegewens oor wat die kerk moet doen. Dit is ook nie bloot tydgerig as opdragte wat net deur die dissipels gehoorsaam moet word nie. Dit was blywende voorskrifte vir die kerk van alle tye om as uitwendige seremonies by die Nagmaal te onderhou. In hierdie voorskriftelike sake moet onderskei word tussen:

- **Wesentlike aspekte** wat altyd en onder alle omstandighede moet geld, en waarvan universeel en wêreldwyd nie afgewyk mag word nie;
- **Sakramentele handeling** wat, hoewel dit nie wesentlik vir die viering van die Nagmaal is nie, wel op simboliese wyse die wesentlike aard van die sakrament na vore bring.
- **Kerkordelike vereistes** wat wel nie as uiterlike seremoniële handeling voorgeskryf word nie, maar wat tog van uiterste belang by die viering van die Nagmaal is.

2.4.4 Die **wesentlike aspekte** waarvan nie afgewyk mag word nie, behels dan die volgende:

- (1) Die brood moet in geloof as teken en seël van die liggaam van Christus geëet word (vgl. NGB, art. 35; HK, 25-29).
- (2) Die wyn moet in geloof as teken en seël van die bloed van Christus gedrink word. Hoewel Jesus nie in een van die opdragte uitdruklik na wyn verwys nie, is die verband telkens duidelik van so 'n aard dat hy bedoel dat wyn gedrink moet word as teken en seël van die bloed van Christus (NGB, art. 35; HK, 25, 28, 29).
- (3) By die bediening van die heilige Nagmaal moet die dood van die Here in woord en daad verkondig word (“Doen dit tot my gedagtenis”; “Verkondig die dood van die Here totdat Hy kom”).

2.4.5 Die **sakramentele handeling** waarna in bogenoemde Skrifdele verwys word, is die volgende:

- (1) Die brood moet gebreek en aan almal uitgedeel word.
Met hierdie sakramentele handeling word die feit dat Jesus sy liggaam as offer vir die sondes van ons almal gegee het, duidelik na vore gebring.
- (2) Die wyn word uitgedeel in ('n) drinkbeker(s) wat gemeenskaplik gedrink word deur die Nagmaalgangers (Acta 1997:728, 4).
Hoewel Jesus nie na wyn verwys nie, verwys Hy by herhaling uitdruklik na die beker. Onder “beker” moet dan telkens verstaan word “beker wyn”. Daarmee dui Hy nie aan dat die beker as teken of seël naas die brood en wyn beskou kan word wat voorgeskryf is nie, maar verleen Hy aan die beker, saam met die wyn as teken, 'n besliste prominente plek en funksie. Die gemeenskaps-karakter van die Nagmaal vind naamlik uitdrukking in die gebruik van ('n) gemeenskaplike beker(s).
- (3) Die Nagmaal het 'n maaltydkarakter (NGB, art. 35) en word gesamentlik deur die gelowiges gevier (1 Kor. 11:33).
Die feit dat die Nagmaalgangers van dieselfde brood/brode eet en ('n) gemeenskaplike beker(s) gebruik, beklemtoon die feit dat die Nagmaal 'n gemeenskapsmaal is.

2.4.6 **Kerkordelike vereistes** wat in bogenoemde Skrifdele na vore kom, is die volgende:

- (1) Oor die manier waarop Nagmaal in die kerke onderhou word, moet daar gestreef word na ordelikheid op sake, sodat elkeen nie bloot doen wat hy wil nie (1 Kor 11:17-24).
- (2) By die bediening van die heilige Nagmaal moet die dood van die Here ook in woord en daad verkondig word (“Doen dit tot my gedagtenis”; “Verkondig die dood van die Here totdat Hy kom”). Dit geskied deurdat die bedienaar by die sakrament in die prediking die dood van die Here en die troosryke betekenis daarvan verkondig.
- (3) Die Nagmaal moet in die erediens plaasvind en op so 'n wyse dat voldoende toesig van die ouderlinge oor die heiligheid van die sakrament gehou kan word. 'n Praktyk waarin lidmate aktief tot die Nagmaal toetree (bv. by 'n tafel gaan aansit), is die dienlikste as 'n wyse wat toesig deur ouderlinge moontlik maak.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

(Wyse van viering tot die meeste stigting van die kerke)

3.1 *Beredenering*

- 3.1.1 Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar onderskei moet word tussen wesentlike sake, sakramentele handeling en kerkordelike vereistes.
- 3.1.2 Die wesentlike sake is aspekte van die Nagmaal wat altyd en onder alle omstandighede moet geld, wat universeel en wêreldwyd vasstaan en waarvan nie afgewyk mag word nie.
- 3.1.3 Hoewel die sakramentele handeling nie onbelangrik is nie, kan die inkleding daarvan verskil van plek tot plek, van omstandigheid tot omstandigheid en van kultuur tot kultuur. Byvoorbeeld: Die gemeente van 3 000 (Hand 2:41,42) en later 5 000 (Hand 4:4) in Jerusalem het sekerlik op 'n ander manier Nagmaal gevier as toe die 12 saam met Jesus aan tafel was. Hierdie feit blyk ook tans uit gegewens dat die meeste Gereformeerde Kerke wêreldwyd bakers en kelkies parallel gebruik. Kerke in 'n bepaalde gebied kan vanweë historiese omstandighede en op Skrifgronde 'n onderlinge akkoord aangaan oor die wyse waarop hierdie sakramentele handeling onderhou word. Waar kerke dan so 'n onderlinge akkoord met mekaar aangegaan het, mag afwykings deur plaaslike kerke slegs op ordelike wyse plaasvind.
- 3.1.4 Wat dan die GKSA betref, is die onderlinge afspraak met mekaar, vanweë Skrifgronde en historiese redes, om by die sakramentele handeling wat in 2.4.3 hierbo genoem is, as uitwendige seremonies van die Nagmaal te hou. Die kerke oordeel dat die Nagmaal op hierdie wyse tot die meeste stigting in die kerke onderhou kan word.
- 3.1.5 Omdat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika hiermee 'n onderlinge akkoord met mekaar aangaan, kan die kerke nie willekeurig daarvan afwyk nie. Slegs waar daar gewigtige redes bestaan, kan 'n bepaalde kerk van die onderlinge akkoord afwyk. In so 'n geval moet die kerkraad hom egter deeglik voor die Here verantwoord dat die afwyking van die afspraak onvermydelik is.
Waar 'n kerk wel van die onderlinge akkoord afwyk, vind dit verder plaas op die volgende voorwaardes:
- 3.1.5.1 Die simboliek van die gemeenskaplike drinkbeker(s) moet steeds op prominente wyse tot uitdrukking kom
- 3.1.5.2 Lidmate wat verkies om die gemeenskaplike beker as uitwendige seremonie steeds te handhaaf, mag in geen opsig daartoe verhinder of daartoe ontmoedig word nie
- 3.1.5.3 Waar kerkrade hierdie saak nie ordelik en tot stigting kan afhandel nie, moet ooreenkomstig KO, art. 30 advies van die kerke gevra word
- 3.1.6 Sake wat nie in die Skrif voorgeskryf word nie en waaroor die GKSA nie 'n onderlinge akkoord aangegaan het nie, word heeltemal aan die oordeel van die plaaslike kerke oorgelaat, byvoorbeeld:
- 3.1.6.1 Of die Nagmaal meer as een keer elke 3 maande gehou word (KO, art. 63)
- 3.1.6.2 Of die brood vooraf in klein stukkie gebreek/gesny word en of dit by die bediening van die Nagmaal self geskied
- 3.1.6.3 Of wit of rooi wyn gebruik word en die alkoholinhoud van die wyn
- 3.1.6.4 Hoeveel gemeenskaplike beker(s) daar is en hoe groot hulle is (bv. groot genoeg vir 5 of 10 of meer lidmate om uit te drink)
- 3.1.6.5 Hoeveel lidmate saam by een tafel aansit en die volgorde waarin hulle toetree
- 3.1.6.6 Ander liturgiese aangeleenthede soos Skriflesings tydens die gebruik van die Nagmaal al dan nie, gemeentesang by die wisseling van tafels, ens.

3.2 **Aanbeveling**

Samevattend word die volgende ter goedkeuring aan die Sinode voorgehou in die plek van die besluite van Sinodes 1927 en 1930 (vgl. die Beswaarskrifte voor Sinode 1994):

- 3.2.1 Die Sinode besluit dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika onderling ooreenkom om by die viering van die heilige Nagmaal in die kerke gemeenskaplike drinkbakers te gebruik (vgl. 3.1.4 hierbo)
- 3.2.2 Waar daar om gewigtige redes van die ooreengekome gebruik in 3.2.1 afgewyk moet word, moet elke kerk in verantwoordelikheid voor die Here beslis dat die afwyking onvermydelik is (vgl. 3.1.5 hierbo)

3.2.3 Waar kerkrade hierdie saak nie ordelik en tot stigting kan afhandel nie, moet ooreenkomstig KO, art. 30 advies van die kerke gevra word (vgl. 3.1.5.3 hierbo).

Besluit: Verwys na ad hoc Kommissie vir pre-advies insake Nagmaalsviering.

F. RAPPORT VAN DIE AD HOC KOMMISSIE VIR PRE-ADVIES INSAKE NAGMAALSVIERING

1. Opdrag

Om die Sinode van advies te dien oor Rapport Voortgaande studie oor die Nagmaal en Tweede Rapport van die Kommissie : Leerstellig 1.

Besluit: Kennis geneem.

2. Vertrekpunte

2.1 Kerkorde, art. 62: *“Elke kerk moet die nagmaal hou op die wyse wat na sy oordeel tot die meeste stigting dien. Dit moet egter goed verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie, dat alle bygeloof vermy moet word en dat ná die preek en algemene gebede, die formulier van die Heilige Nagmaal, asook die gebed wat daarby behoort, gelees moet word”.*

2.2 In plaas daarvan om in ‘n bepaalde voorskryftelike te verval, verkies die Sinode in die lig van NGB, art. 32 om kerke in hulle uitvoering van KO, art. 62 van advies te dien deur ‘n prinsipiële raamwerk – soos hieronder uiteengesit – te stel.

Besluit: Kennis geneem.

3. Prinsipiële raamwerk t.o.v. die wyse van Nagmaalsviering

Inleidend:

“Hierdie feesmaal is ‘n geestelike maaltyd waar Christus Homself met al sy weldade aan ons meedeel en waar Hy ons Homself en die verdienste van sy lyding en sterwe laat geniet” (Art. 35 NGB).

3.1 Die brood en wyn moet as tekens en seëls van die liggaam en bloed van Christus gebruik word (Matt 26:26-28; 1 Kor 11:23-26; NGB, art. 35; HK, 25-29).

3.2 Daar moet by die viering van die Nagmaal tussen *wesentlike aspekte* en *sakramentele handelinge* onderskei word. Kerke behoort KO, art. 62 dan binne die volgende raamwerk toe te pas:

3.2.1 Wesentlike aspekte

By die bediening van die heilige Nagmaal moet die dood van die Here in woord en daad verkondig word (*“Doen dit tot my gedagtenis”* (Luk 22:19); *“verkondig die dood van die Here totdat Hy kom”* (1 Kor 11:26)).

3.2.1.1 Die brood moet in geloof as teken en seël van die liggaam van Christus geëet word (vgl. NGB, art. 35; HK, 25-29).

3.2.1.2 Die wyn moet in geloof as teken en seël van die bloed van Christus gedrink word. Vergelyk die volgende Skrifgegewens:

i. *“Drink almal daaruit”* (Matt 26:28)

ii. *“Neem dit en deel dit onder julle”* (Luk 22:17)

iii. *“Doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis”* (1 Kor 11:25)

iv. *“So dikwels as julle hierdie brood eet of die beker van die Here drink, verkondig (julle) die dood van die Here totdat Hy kom”* (1 Kor 11:26)

v. *“Maar elkeen moet homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink”* (1 Kor 11:28)

vi. *“As julle saamkom om nagmaal te vier, wag vir mekaar”* (1 Kor 11:33).

Alhoewel Christus nie in een van die opdragte uitdruklik na wyn verwys nie, is die verband telkens duidelik van so ‘n aard dat Hy bedoel dat wyn gedrink moet word as teken en seël van die bloed van Christus (NGB, art. 35; HK, 25, 28, 29).

Besluit: Goedgekeur.

3.2.2 Sakramentele handelinge

Die Nagmaal het 'n maaltydkarakter en word gesamentlik deur die gelowiges gevier (1 Kor 11:33). Dit maak daarvan 'n gemeenskapsmaal.

- 3.2.2.1 Die brood moet aan almal uitgedeel word met die opdrag: “*Neem, eet*” (Matt 26:26; Mark 14:22; 1 Kor 11:23). Met hierdie sakramentele handeling word die feit dat Jesus sy liggaam as offer vir die sondes van ons almal gegee het, duidelik na vore gebring.
- 3.2.2.2 Die wyn moet aan almal uitgedeel word met die opdrag: “*Drink almal daaruit*” (Matt 26:28). Die drink van die wyn uit ('n) gemeenskaplike drinkbeker(s) dien om die geestelike geloofseenheid in Christus te simboliseer. Daarom het die drinkbeker, saam met die wyn as teken, 'n prominente plek en funksies.
- 3.2.2.3 Indien kerke om gewigtige redes van gemeenskaplike drinkbekers afwyk, moet dit met verantwoording uit die Skrif gedoen word.

Besluit: Goedgekeur.

4. Aanbevelings

- 4.1 Die Sinode keur bogenoemde prinsipiële raamwerk goed as advies aan kerke in hulle uitvoering van KO, art. 62.
- 4.2 Die bogenoemde prinsipiële raamwerk dien as antwoord op die Beswaarskrifte teen die besluite van Sinode 1927 en 1930 (Acta 1994 : 493-524).
- 4.3 Die prinsipiële raamwerk vervang die besluite van Sinode 1927 en 1930 en gevolglik ook die besluit in pt. 6.6 (Acta : 729) van Sinode 1997.
- 4.4 Waar daar in 'n plaaslike kerk alternatiewe weë van Nagmaalsviering binne die gestelde raamwerk mag voorkom, behoort daar met die liefde van Christus die nodige agting en begrip vir mekaar getoon word.

Besluit: Goedgekeur.

21.2 RAPPORT 1 - DEPUTATE : VROU IN DIE AMP (Artt.73, 185, 186)

- A. Dr. S.J. van der Merwe stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Leerstellig 2.
- C. Dr. G. Breed stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT 1

1. Opdrag

Acta 1997:546-558, 21.8.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

U Deputate het gereeld vergader. Prof. J.C. Coetzee is as adviseur benoem. Aangesien hy aan die einde van 1997 geëmeriteer het, het hy gevra om van hierdie plig onthef te word. Proff. J.J. van Rensburg en G.J.C. Jordaan is gevra. Hulle het eers in 1999 by die Deputate aangesluit en was dus nie deurlopend deel van die gesprek nie.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Formaat van die Beswaarskrif

- 3.1.1 Die Beswaarskrif bestaan uit 'n inleidende paragraaf, 'n punt 1 *Formeel* en 'n punt *Materieel*.
- 3.1.2 Die inleidende paragraaf en punt 1 dui die besluit aan waarteen die Partikuliere Sinode beswaar aanteken en bevat 'n verklaring van hermeneutiese uitgangspunte (1.3)
- 3.1.3 Punt 2 bestaan uit 'n inleidende paragraaf en twee Beswaargronde (punte 2.1 en 2.2) met beredenering by elk van die Beswaargronde.

Besluit: Kennis geneem.

3.2 Inleidende paragraaf en punt 1

3.2.1 Aanbeveling

Die Sinode neem hiervan kennis.

Besluit: Kennis geneem.

3.3 *Inleidende paragraaf by punt 2*

3.3.1 Beswaarskrif

3.3.1.1 Die Beswaarskrif beweer dat die Suidelike Part. Sinode in hierdie Beswaarskrif aantoon dat die Sinode GKSA 1988 'n leemte en onbeantwoorde vrae gelaat het met sy besluit oor die plek van die vrou in die kerkdiens en dat dit gevolglik die besluit kon beïnvloed het.

3.3.1.2 Die twee Beswaargronde word dan genoem as die oordeel van die Part. Sinode oor die besluit van die Sinode.

3.3.2 Beredenering

3.3.2.1 Volgens KO, art. 46 mag 'n besluit van 'n meerdere vergadering slegs verander word wanneer aangetoon is dat die verandering noodsaaklik is. Wat 'n kerk saam met die Heilige Gees besluit het (Hand 15.28), dra immers besondere gewig. Gegewens wat 'n besluit "kon beïnvloed het" (wat bloot 'n moontlikheid aandui), is dus nie voldoende vir die hersiening van 'n besluit nie.

3.3.2.2 Die las om te bewys dat 'n besluit verander moet word, lê op die beswaarde(s). Indien dit grondige studie vereis, behoort hulle die studie te doen en aan die betrokke meerdere vergadering voor te lê.

3.3.3 Aanbeveling

Die Sinode neem kennis van hierdie gedeelte van die Beswaarskrif.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 *Beswaargrond 1 (Beswaarskrif 2.1)*

3.4.1 Formaat van die Beswaargrond

3.4.1.1 Die Beswaargrond bestaan uit 'n inleidende sin en uit twee hoofargumente (2.1.1 en 2.1.2) – elk met 'n aantal beredeneringe daaronder.

3.4.1.2 Die Rapport sal nou die inleidende sin en elkeen van die onderafdelings (Beswaarskrif 2.1.1 en 2.1.2) en die argumente onder elk afsonderlik behandel onder die opskrifte *Bewering* en *Beredenering*. Aan die einde word dan 'n samevattende bevinding en 'n aanbeveling gemaak.

Besluit: Kennis geneem.

3.4.2 Inleidende sin

3.4.2.1 *Bewering:*

Die besluit was voortydig (prematuur) omdat dit uit die Deputaterapport self blyk dat daar nog onduidelikhede oor die saak is.

3.4.2.2 *Beredenering:*

3.4.2.2.1 Deputate word deur 'n Sinode aangewys om pre-advies te lewer. Die Sinode bly egter die liggaam wat finaal oor die saak oordeel en die besluit daarvoor neem. 'n Sinode is nie verplig om die advies van Deputate op te volg nie. In hierdie geval het die Sinode gemotiveer waarom hy nie die betrokke aanbevelings van die Deputate aanvaar nie.

3.4.2.2.2 Dit is inderdaad so dat die Deputaterapport moontlikhede vir verdere studie aangedui het. Die Sinode het egter met sy besluite en motiverings getoon dat hy die sake waarvoor die Deputate verdere studie aanbeveel het, nie sien as "onduidelikhede oor die saak" nie. Die Sinode het geoordeel dat hy genoeg duidelikheid oor "die saak" het (Sinode se motivering, Acta 1988:521, 3.6.8. (2)), en dat hy die verdere studie (soos deur die Deputate aangedui) nie nodig ag nie, omdat dit nie meer die konklusies waartoe die Deputate self die Sinode gelei het (bv. Acta 1988:519, 3.6.5) wesentlik sal kan verander nie.

3.4.2.2.3 Dit is nie so dat dit uit die Deputaterapport blyk dat daar nog onduidelikhede oor "die saak" is nie ("die saak" is die aanvanklike adviesvrae van kerke). Die Deputaterapport bevat duidelike konklusies oor "die saak" (kyk 3.6.5 en 3.7.3) en wys slegs op enkele onderafdelings van die saak waarvoor daar na hulle mening nog onduidelikheid is. Waar die Sinode die versoek om studie oor die sake afwys, wys hy in sy motivering ook daarop dat die Deputaterapport self die materiaal bevat wat aandui dat die studie nie meer die

duidelike konklusies oor “die saak” sal kan verander nie (Motiverings vir Sinodebesluit by 3.6.1 en 3.6.8).

Besluit: Kennis geneem.

3.4.3 Beswaarskrif 2.1.1 - eerste sin en par. 1

3.4.3.1 Bewering:

Die Sinode gaan van die veronderstelling uit dat hy na nege jaar se studie in staat behoort te wees om ’n Skrifgefundeerde uitspraak te kan maak terwyl die Deputate en die Sinodekommissie die versigtiger weg van verdere besinning aanbeveel het.

3.4.3.2 Beredenering:

3.4.3.2.1 Die betrokke besluit van die Sinode – om nie verdere studie te onderneem nie – is nie ’n veronderstelling van die Sinode nie, maar ’n gevolgtrekking waartoe die Sinode kom nadat hy die uitvoerige studiemateriaal voor hom behandel het. Dit blyk o.a. uit die feit dat die betrokke besluite van die Sinode baie laat aan die orde kom in die Rapporte van die Deputate en die Sinode se Kommissie (Acta 1988:521, 3.6.8 en Acta 1988:523, 4).

3.4.3.2.2 Dit is wel so dat die Sinode sy “afgekeur”-besluit motiveer met: “Die Sinode behoort nou, na studie van ten minste nege jaar ’n duidelik Skrifgefundeerde uitspraak te lewer” (Acta 1988:510-522). Uit die besluite wat die Sinode op grond van die Deputaterapport geneem het, blyk dit dat die Sinode met “behoort” bedoel het: *nou in staat* is.

Besluit: Kennis geneem.

3.4.4 Beswaarskrif 2.1.1 – 2e en 3e paragraaf

3.4.4.1 Bewering:

’n Skrifgefundeerde slotsom van die Deputaterapport (3.6.3) word deur die Sinode tersyde gestel deur van ’n argument op grond van stilswye gebruik te maak.

3.4.4.2 Beredenering:

3.4.4.2.1 Die bewering dat die Sinode die bevindings van die Deputate (Acta 1988:519, 3.6.3) tersyde stel deur van ’n argument op grond van stilswye gebruik te maak, is korrek. Die afwysing berus egter nie net op ’n argument van stilswye nie, maar ook op ’n gevolgtrekking op grond van die Deputate se eksegese. Die motivering van die Sinode verwys bv. na “Deputaterapport, 3.2.2.2.4, Ongepubliseerde Bylae 8.3.4.1” (Acta 1988:519, 3.6.3).

3.4.4.2.2 Die hele gang van die Sinode se besluite oor hierdie saak is deeglik gegrond op positiewe gegewens wat die Skrif gee oor die besondere dienste en oor wie wel daarin gedien het.

Besluit: Kennis geneem.

3.4.5 Beswaarskrif 2.1.1 – 4e paragraaf

3.4.5.1 Bewering:

Die Sinode het ’n slotsom van die Deputate (3.6.7) afgekeur deur te wys op die verskil tussen eksegese oor 1 Tim 3:11 en oor die werkwoord “katalegesthai” in 1 Tim 5:9.

3.4.5.2 Beredenering:

Die Sinode het nie die bevinding 3.6.7 van die Deputate (Acta 1988:520) afgewys bloot deur na die verskille tussen eksegese te verwys nie. Die Sinode het die verskillende eksegetiese moontlikhede geëvalueer en teen mekaar opgeweeg, ’n gemotiveerde keuse gemaak en daarmee die Deputate se gevolgtrekking as onwaarskynlik beoordeel.

Besluit: Kennis geneem.

3.4.6 Beswaarskrif 2.1.1 - 2e laaste par. 2.1.1

3.4.6.1 Bewering:

Die Sinode loop, hoewel hy toegee dat die voorgestelde studie van belang kan wees, tog ’n moontlike bevinding vooruit deur die bewering dat die betrokke studie “in die lig van al die gegewens in die Deputaterapport en in die lig van die aanbevelings van u Kommissie nie ’n uitwerking (sal) hê op die besluit wat die Sinode met betrekking tot die vrou in die amp neem nie” (Acta 1988:521, 3.6.8).

3.4.6.2 Beredenering:

- 3.4.6.2.1 Die Sinode het nie 'n moontlike bevinding ongemotiveer vooruitgehoop nie. Die Sinode het – in die lig van die hele Deputaterapport en studie waarop dit gebaseer is – geoordeel dat die konklusies waartoe hy gekom het, voldoende gefundeer is in die Skrif, en dat die enkele vrae en onduidelikhede wat moontlik nog bestaan, nie meer hierdie resultate wesentlik sou kon beïnvloed nie.
- 3.4.6.2.2 Die Sinode het hier ooglopend die goeie beginsel van Skrifverklaring – dat die onduidelike dele van die Skrif in die lig van duideliker dele verstaan moet word – gehanteer (kyk ook Studierapport NGK(N):9, N5).

Besluit: Kennis geneem.

3.4.7 Beswaarskrif 2.1.1 - laaste paragraaf

3.4.7.1 Bewering:

Die Sinode het, ten spyte van sy reg om die advies van verdere studie af te wys, vreemd en onverantwoord opgetree deurdat hy nie bereid was om die saak verder te ondersoek nie, “aangesien die ‘karakter’ van die besondere dienste/amp te waarvoor verder studie onder andere aanbeveel is – en waarby sake soos ‘roeping’, ‘gawes’, ‘aard’ en ‘gesag’ van die amp ter sprake kom – van wesentlike belang is in die beoordeling van die saak van die vrou in die besondere dienste”.

3.4.7.2 Beredenering:

- 3.4.7.2.1 Dit is nie waar dat die Sinode “nie bereid is om die saak verder te ondersoek nie”. Die Sinode was nie oortuig dat so 'n verdere studie vir besluitneming oor hierdie saak nodig was of die konklusies waartoe o.a. die Deputate self die Sinode gelei het, wesentlik sou beïnvloed nie.
- 3.4.7.2.2 Die bewering dat die voorgestelde studie “van wesentlike belang is in die beoordeling van die saak van die vrou in die besondere dienste” is van kardinale belang vir die saak wat hierdie Beswaarskrif probeer uitmaak. Die bewering word egter nie bewys nie (kyk ook die beoordeling van Beswaargrond 2).

Besluit: Kennis geneem.

3.4.8 Beswaarskrif 2.1.2 - 1e paragraaf, 1e sin

3.4.8.1 Bewering:

Die Sinode het deur sy besluit om die saak nie verder in studie te neem nie, verhinder dat kerke en kerklike vergaderings in die hele kerkverband verder oor die Deputaterapport kon besin voordat tot 'n finale besluit geraak is.

3.4.8.2 Beredenering:

Die stelling wat die Beswaarskrif maak, is opsigself waar. Dit bewys egter niks, aangesien die kerke wat saam in Sinode vergader was, nie verplig was om die werkswyse wat die Beswaarskrif hier suggereer, te volg nie. Dit is ook nie iets wat in elk geval sou plaasvind sodat die Sinode dit deur sy besluit “verhinder” het nie. Dit is tog glad nie praktyk in ons kerke om sake so te hanteer nie (kyk ook Acta 1988:523, motivering by 4.1.1.1).

Besluit: Kennis geneem.

3.4.9 Beswaarskrif 2.1.2 - 1e paragraaf, 2e sin

3.4.9.1 Bewering:

Dit is vreemd dat die studie met onbeantwoorde vrae beëindig is terwyl die saak van die posisie van die vrou ten opsigte van die dienste/amp te in 'n toenemende mate in die GKSA 'n brandende en aktuele vraag geword het – geoordeel aan die adviesvrae en Beskrywingspunte van meerdere kerklike vergaderings waarna 1.1 van Beswaarskrif verwys het.

3.4.9.2 Beredenering:

Deur duidelik te antwoord op die adviesvrae en/of Beskrywingspunte wat aanvanklik tot die studie aanleiding gegee het, en verdere vrae wat nie meer die antwoord wesentlik kan beïnvloed nie, daar te laat, het die Sinode juis die aktuele en brandende vraag in die kerke sonder onnodige vertraging voldoende gehanteer.

Besluit: Kennis geneem.

3.4.10 Beswaarskrif 2.1.2 - paragraaf 2

3.4.10.1 Bewering:

Die Sinode maak, van “hulle (vroue) hoef nie noodwendig in ’n besondere diens te staan nie”, ’n totale verbod, nl. “glad nie”.

3.4.10.2 Beredenering:

3.4.10.2.1 Die “hoef nie” in die Sinodebesluit (Acta 1988:522, 3.7.2) word in die Beswaarskrif uit sy konteks uitgehaal. Dit staan daar in opvolging van ’n sin wat stel dat vroulike lidmate hulle gawes tot nut en saligheid van ander lidmate asook van ongelowiges moet aanwend. Die moet (dit is die ooglopende bedoeling van die deel van die Sinodebesluit) impliseer egter nie dat dit op die manier van die besondere diens hoef te gebeur nie.

3.4.10.2.2 Die “glad nie” waarna die Beswaarskrif verwys is nie ’n aanhaling uit die Deputate- of Kommissierapport of uiteindelijke Sinodebesluit nie. Dit is wel so dat die besluit van die Sinode impliseer dat vroue steeds nie in ’n besondere diens mag staan nie. Dit is egter nie asof die Sinode dit nou nuut sê nie. Die Sinode stel in 3.7.1 dat daar nie voldoende argumente op grond van die Skrif aangevoer is waarom die status quo moet verander nie (Acta 1988:522. 3.7.1: *Die Deputaterapport het nie aangetoon dat ons voldoende getuienis uit sy geopenbaarde wil het dat dit die wyse is waarop Hy in sy kerk werk nie.*).

Besluit: Kennis geneem.

3.4.11 Beswaarskrif 2.1.2 - 2e en 3e paragraaf

3.4.11.1 Bewering:

Daar is sprake van die Sinode se ‘valbylbesluit’ en dit word beweer dat die Sinode sonder om die moontlike resultaat van so ’n voorgestelde studie te verdiskonteer, ’n totaal-afwysende en finale besluit geneem het.

3.4.11.2 Beredenering:

3.4.11.2.1 Oor die beweerde nie-verdiskontering van moontlike studieresultate – kyk 3.3.2.2.2-3, 3.3.6.2.1-2 en 3.3.7.2.1 hierbo.

3.4.11.2.2 Die indruk wat die beswaar hier deur terme soos “finale besluit”, “valbylbesluit” en “totaal-afwysende en finale besluit” skep (nl. dat die saak nou totaal gesluit is) is nie waar nie. In die Gereformeerde kerkregering is geen besluit van ’n kerklike vergadering onveranderbaar nie. Selfs ’n Belydenisskrif van die kerk kan met die voorlegging van die nodige Skrifberoep verander word! Indien ’n persepsie sou bestaan dat Sinode 1988 se besluit verdere studie onmoontlik maak, is so ’n persepsie verkeerd. Die besluite van Sinode 1988 oor die vrou in besondere diens is soos alle besluite wat Sinodes neem, oop vir revisie onder bepaalde voorwaardes (KO, art. 46). KO, artikel 46 maak ook voorsiening vir Beskrywingspunte gegrond op nuwe en relevante studiemateriaal.

3.4.11.2.3 Al sou hierdie Beswaarskrif afgewys word, staan dit dus nog steeds enige persoon of kerklike vergadering vry om die studie wat die Sinode nie nodig geag het nie, self te onderneem, en – indien die resultate sou aantoon dat die Sinode gefouteer het – dit dan voor te lê as motivering vir revisie. So ’n werkswyse is in die lig van KO, art. 30 die aangewese weg.

Besluit: Kennis geneem.

3.4.12 Samevattende bevinding

Die Beswaarskrif toon nie oortuigend aan dat die Sinode se besluit voortydig was nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.4.13 Samevattende aanbeveling

Die Beswaarskrif slaag nie op Beswaargrond 1 nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.5 Beswaargrond 2 (Beswaarskrif 2.2)

3.5.1 Formaat van die Beswaargrond

- 3.5.1.1 Die Beswaargrond bestaan uit 'n basiese sin “Die Sinode gaan nie op 'n goed-verantwoorde wyse met die Skrif om nie”. Daar word dan verder drie hoofargumente ten gunste van hierdie stelling aangevoer, met verskeie berederinge onder elk.
- 3.5.1.2 Die Rapport sal ook hier elkeen van die onderafdelings afsonderlik behandel onder die opskrifte Bewerings en Beredenerings. Aan die einde word 'n samevattende bevinding en aanbeveling gegee.

Besluit: Kennis geneem.

3.5.2 Beswaarskrif 2.2.1

3.5.2.1 Bewerings:

3.5.2.1.1 Die Sinode het – met besondere verwysing na een van die besluite van Sinode 1988 (Acta 1988:519, 3.6.5) - aangesluit by die tradisionele Skrifberoep en 1 Tim 2:11-14 en 1 Kor 14:33-35 sy vernaamste Skrifberoep vir sy besluit gemaak het.

3.5.2.1.2 Verder het die Sinode die saak van “besondere dienste” onregmatig in 1 Tim 2:11-14 en 1 Kor 14:33-35 “ingedra”.

3.5.2.1.3 Dan nog dat - deur alternatiewe eksegeese van die gedeeltes – die Sinode se eksegeese van hierdie gedeeltes nie korrek is nie.

3.5.2.2 Beredenering:

3.5.2.2.1 Oor bewering 3.5.2.1.1 hierbo:

Die Beswaarskrif gee in hierdie gedeelte blyke dat dit die Sinode se hantering van die Skrif nie goed weergee nie. Die indruk is dat die Beswaarskrif op ander standpunte as die Sinode s'n reageer. Dit is bv. nie korrek dat die Sinode sy konklusie(s) net op 1 Tim 2:11-14 en 1 Kor 14:33-35 gegrond het nie. Die Sinode se konklusie rus ook op die Deputaterapport 3.2.1.1 en 3.2.2.1, en op die Ongepubliseerde Bylae 2.4.1, 2.4.2, 7.6, 7.8, 8.3.1 – 8.3.3., en selfs op stof van die GES-Handelinge van 1972:170, 188-190, 199 en 201 (Acta 1988:520, 3.6.5). Ook die Deputaterapport het 1 Tim 2:11-14 nie as “bewysteks” opsigself behandel nie, maar juis aangetoon dat dit in lyn is met die ander Nuwe-Testamentiese gegewens (Acta 1988:515-6, 3.2.2.2.1; [eintlik die hele 3.2, wat die hoofskap vanuit die hele Skrif fundeer]; vgl. ook Ongepubliseerde Bylae:4-5, 1.3.1.1; 19, 3.3.1.1; 60 e.v., 7.6.3).

'n Onbevange nagaan van die Sinode se stof wys dus dat 1 Kor 14 en 1 Tim 2 nie opsigself as bewystekste gehanteer is nie. Die Sinode toon egter aan die betekenis wat hierdie tekste in die lig van en in die lyn van Efes 5 en 1 Kor 11 vir hierdie saak het.

3.5.2.2.2 Oor bewering 3.5.2.1.2 hierbo:

Die saak van die besondere dienste word dus nie op die manier wat die Beswaarskrif impliseer, in die genoemde tekste ingedra nie. Die belang en betekenis wat hierdie tekste egter – in samehang met ander tekste – vir die saak van die vrou in die amp het, word deur geldige eksegeese daaruit afgelei (kyk ook Acta 1994:485, 4.4).

Juis omdat die Skrif nie vir al ons vrae direkte “Ja” of “Nee” tekste het nie, moet betrokke onderliggende beginsels en die betekenis daarvan volgens erkende eksegetiese beginsels vir 'n bepaalde saak dikwels in ons kerklike lewe gehanteer word (vgl. Ongepubliseerde Bylae:21 “Inleiding”).

Kyk vir die saak van die Skrifhantering deur Sinode 1988 ook die Beswaar by Sinode 1994 (Acta 1994:474-5, 2.2.1) en die antwoord van die Sinode daarop (Acta 1994:481-2, 4.1).

3.5.2.2.3 Oor bewering 3.5.2.1.3 hierbo:

Die alternatiewe eksegeese wat die Beswaarskrif van bv. 1 Tim 2:11-14 gee, is aanvegbaar. Dit verklaar hierdie uitsprake tydgebonde (kyk ook Acta 1994:485, 4.4.2.4), en beantwoord nie die vraag wat die gedeelte dan wel vir vandag te sê het nie.

Die Beswaarskrif se hantering van hierdie Skrifgegewens roep self verskeie eksegetiese vrae op, byvoorbeeld:

- * Is *authentien* werklik so negatief bedoel? Waarom word die verbod dan net aan die vrou gegee?
- * Is dit eksegeties verantwoordbaar om 'n gedeelte in 'n “amptelike” brief, wat oor die samekomste van die gemeente gaan en wat direk gevolg word deur voorskrifte oor

wie as ampsdraers mag dien, van geen betekenis te ag vir die kwessie of vroue in besondere dienste mag staan nie?

In elk geval sou die aanvaarding van 'n ander eksegeese by hierdie tekste nie noodwendig die konklusies van die Sinode omverwerp nie, aangesien die Sinode se konklusies ook op gegewens van ander Skrifgedeeltes steun.

Die bewering in die laaste sin van 2.2.1 in die Beswaarskrif bewys nie enigiets nie. Dit is nie net maklike afleidings uit die Skrif wat geldig is nie. 'n Kerklike vergadering bereik dikwels sy konklusies na baie en moeitevolle Skrifondersoek.

3.5.2.2.4 Die Beswaarskrif gebruik ook in hierdie hele gedeelte uitdrukkings wat nie reg aan die Sinodestukke laat geskied nie, en wat 'n negatiewe “klimaat” rakende die Sinode se werk skep. Byvoorbeeld:

- * A4 1997:611, laaste par., “uitdruklik”;
- * A4 1997:612, vierde par., “vanselfsprekend en onbetwisbaar”, “absolute swyg- en regeerverbod”;
- * A4 1997:662, tweede laaste par., “tot swye in die gemeente te dwing”;
- * A4 1997:612, laaste par., “absolute verbod”;
- * A4 1997:613, eerste lang par. se einde – dit was die ampsvraag wat voor die Sinode was!
- * A4 1997:613, par. net voor 2.2.2., “nie so maklik”.

Besluit: Kennis geneem.

3.5.3 Beswaarskrif 2.2.2

3.5.3.1 Bewerings:

3.5.3.1.1 Die Sinode onderskei “besondere diens” op so 'n wyse van “amp van die gelowige” dat dit wesenlik iets anders word.

3.5.3.1.2 Die Sinode se eksegeese en hantering van die onderskeid tussen besondere dienste en amp van die gelowige (bv. 2e laaste paragraaf onder 2.2.2) lei daartoe dat die Sinode die besondere ampte laai met begrippe en inhoud soos “status, mag en aansien”.

3.5.3.1.3 Die Beswaarskrif vra ook die vraag of die Sinode nie besig is met 'n “teologiese konstruksie en veronderstelling” wanneer daar “aanvaar” word dat die uitsluiting van die vrou uit die besondere dienste “direk” voortvloei uit Bybel-uitsprake oor die hoofskap van die man in die huwelik nie? (kyk laaste paragraaf onder 2.2.2).

3.5.3.2 Beredenering:

3.5.3.2.1 Bewering 3.5.3.1.1 hierbo:

Die feit dat die Sinode erken dat daar besondere dienste is – soos wat die GKSA bely (NGB, art. 30) – beteken nog nie dat dit daarvan iets wesenlik anders maak nie (vgl. ook Acta 1994:482, 4.2). Ook nie die feit dat 'n bepaalde deel van die gemeente – nl. vrouens (en mans wat nie aan die vereistes van 1 Tim 3 beantwoord nie) – van 'n bepaalde deel van die werk in die gemeente uitgesluit word, kan tot sodanige konklusie aanleiding gee nie.

Dit lyk eerder asof die Beswaarskrif die besondere dienste onderspeel, bv. deur 'n sin soos: “*Op voetspoor van Christus self is wat ons vandag ‘amp’ noem, niks meer as selfverloënende diens nie.*” As dit die hele waarheid is, is daar geen onderskeid meer tussen besondere diens en enige ander diens van 'n gelowige nie, want alle diens van elke gelowige is “selfverloënende diens”. Die Beswaarskrif verreken nie Skrifgedeeltes wat bv. in Acta 1988:515, 3.2.2.2.6.3 genoem word nie. Ook nie Acta 1994:482 e.v., 4.2.2.1.2 en 4.2.2.1.3 nie.

Kyk ook die Beswaar by die Sinode van 1994 teen hierdie aspek van Sinode 1988 se besluit (Acta 1994:475, 2.2.2) en Sinode 1994 se antwoord daarop (Acta 1994:482-3, 4.2).

Die eksegetiese beredeneringe van die Beswaarskrif stel sekere sake vraenderwys, maar toon nie met geldige eksegetiese gegewens aan dat die Sinode die Skrifgegewens verkeerd verklaar het nie.

- 3.5.3.2.2 Bewering 3.5.3.1.2 hierbo:
Dit is nie korrek om te beweer dat die Sinode die amp laai met begrippe en inhoud soos status, mag en aansien nie (vgl. A4 1997:614, tweede laaste par.). Die agtergrondstudie wat o.a. die Sinode tot sy konklusies gelei het, toon juis aan dat dit nie die karakter van die hoofskap is wat in hierdie studie ter sprake is nie (kyk Ongepublieerde Bylae:63; kyk ook Deputaterapport 3.2.1.1.4 en 3.2.2.1.5).
- 3.5.3.2.3 Bewering 3.5.3.1.3 hierbo:
Wat die Beswaarskrif “teologiese konstruksie en veronderstelling” noem, is in der waarheid die eksegetiese konklusies waartoe die Sinode gekom het (vgl. 3.2.2.2.3 en 3.2.2.2.4), nadat indringende eksegese gedoen is.

Besluit: Kennis geneem.

3.5.4 Beswaarskrif 2.2.3

3.5.4.1 Bewering:

- 3.5.4.1.1 Die Sinode het nie die wesentlike verandering wat die “Nuwe verbond” of die eskatologiese aard van die kerk vir die vrou gebring het, verdiskonteer nie.

3.5.4.2 Beredenering:

- 3.5.4.2.1 Die verandering wat die verlossing in Christus vir die vrou beteken, is wel deeglik deur die Sinode verreken, o.a. deur dit positief te beskryf, en deur aan te toon waarom dit nie outomaties beteken dat sy ook in die besondere dienste mag staan nie (Acta 1988:512 e.v., 3.2.2.1 en 3.2.2.2; ook Acta 1988:5.1.9, 3.6.3, kyk ook Ongepubliseerde Bylae:46 e.v.). Dit kom voor asof die Beswaarskrif eerder bedoel het om te sê dat die manier waarop die Sinode dit verreken het, hulle nie bevredig nie.
- 3.5.4.2.2 Die “relativering” wat in die Beswaarskrif genoem word, is ook deeglik in die stukke voor Sinode 1988 en in sy besluite verreken, bv. deurdat die aard van die man se gesag duidelik gedefinieer word (Acta 1988:512 e.v., 3.2.2.1.1 en 3.1.1.1.5). Die manlike hoofskap word nie deur die Sinode in absolute sin verstaan en toegepas nie (Acta 1991:519, 3.6.4 en Acta 1988:522, 3.7.2).
- 3.5.4.2.3 Al is dit “gerelativeer”, is die onderskeid wat die Here tussen man en vrou maak, nie totaal opgehef in die Nuwe-Testamentiese gemeente nie (kyk Kol 3:18; 1 Tim 2:11-13). Die verwysing in die Beswaarskrif na die voorbeeld van slawerny, is nie geldig nie. Die Evangelie het inderdaad die verhouding tussen slaaf en eienaar vernuwe, en later selfs gelei tot die opheffing van hierdie verwronge werkgewer-werknemer verhouding, maar dit het nie van slawe eienaars gemaak nie, en ook nie ’n geheiligde werkgewer-werknemer verhouding en ’n onderskeiding in verpligtinge tussen hulle opgehef nie (Kol 3:22; 4:1).

Besluit: Kennis geneem.

3.5.5 Samevattende bevinding

- 3.5.5.1 Beswaargrond 2 toon nie oortuigend aan dat die Sinode “nie op goed-verantwoorde wyse” met die Skrif omgegaan het nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.5.6 Samevattende aanbeveling

- 3.5.6.1 Die Beswaarskrif slaag nie op Beswaargrond 2 nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.6 Versoek (Beswaarskrif 2.3)

3.6.1 Inhoud van die versoek

- 3.6.1.1 Die versoek van die Suidelike Partikuliere Sinode is tweërlei:

3.6.1.1.1 Die Sinode sal sekere Skrifgegewens op ’n ander manier in sy besluit verdiskonteer

3.6.1.1.2 Die Sinode sal verder studie doen oor bepaalde aspekte van die saak.

Besluit: Kennis geneem.

3.6.2 Beoordeling van die versoek

3.6.2.1 Hierdie Beswaarskrif vra nie bloot hernude studie nie (kyk 3.6.1.1.1), maar ook 'n ander manier van kyk na die saak, wat uit die hele benadering van die Beswaarskrif net een ding kan beteken: dat vroue tot die besondere ampte toegelaat word. Die Beswaarskrif toon egter nie oortuigend aan dat inhoudelike hersiening van die Sinodebesluit nodig is nie.

3.6.2.2 Die Beswaarskrif toon nie aan waarom juis Deputate van 'n Nasionale Sinode verdere studie (kyk 3.6.1.1.2) oor die onderhawige saak moet doen nie. Die afwysing van die versoek van Suidelike Partikuliere Sinode impliseer egter nie dat die normale kerklike weg van studie, wat via die beoordeling van mindere vergaderings tot besluite van 'n Sinode kan lei, afgesny word nie (kyk ook 4.11.2.2).

Besluit: Kennis geneem.

3.6.3 Slotbevinding

3.6.3.1 Die Beswaarskrif toon nie aan dat die Sinode van 1988 in sy afkeuring van verdere studie prematuur opgetree het of die Skrif verkeerd gehanteer het nie.

Besluit: Goedgekeur.

4. Slotaanbevelings

4.1 Die Beswaarskrif slaag nie.

4.2 Gevolglik word ook nie aan die versoek (Acta 1997:557-8, 2.3) gevolg gegee nie.

Besluit: Goedgekeur.

E. KOMMISSIERAPPORT

1. Opdrag

Om die Sinode te adviseer oor die Rapport van Studiedeputate : vrou in die amp.

2. Sake kennis geneem

2.1 Agtergrond

- 'n Studiedeputaterapport oor die vrou in die amp dien by Sinode 1988. Hierdie Deputate beveel o.a. aan dat kerke versoek moet word om studie te maak van die vrou in besondere dienste.
- Sinode 1988 keur bogenoemde aanbeveling af met motivering dat die Sinode na 9 jaar (vanaf 1979 adviesvrae) 'n duidelike Skrifgefundeerde standpunt kan stel.
- Op Sinode 1997 dien 'n Beswaarskrif van Suidelike Part. Sinode oor die verkiesbaarheid van die vrou in die amp.
- Sinode 1997 verwys die Beswaarskrif na Studiedeputate om die volgende Sinode te adviseer.
- Hierdie advies is na u Kommissie verwys vir aanbeveling.

3. Beredenering

Die hele Beswaarskrif is gebou op een basiese argument nl. dat die beswaardes voel die Sinode 1988 sonder werklike gronde, verdere studie oor die vrou in die amp, afgekeur het.

Die Studiedeputate weerlê hierdie bewering van die beswaardes punt vir punt vanuit die Handeling Sinode 1988 en ongepubliseerde Bylae asook Handeling Sinode 1997.

4.1 Beswaargrond 1

4.1.1 Inleidende sin (pt. 3.4.2)

Beswaardes se bewering (pt. 3.4.2.1)

Die besluit van die Sinode 1988 was **voortydig** omdat dit uit die Deputaterapport blyk dat daar nog **onduidelikhede** oor die saak is.

Studiedeputate se beredenering (pt. 3.4.2.2)

- 'n Sinode hoef nie Deputate van pre-advies se advies te aanvaar nie.
- Die Sinode het sy besluit om nie verdere studie te onderneem nie, gemotiveer.
- Dit is nie so dat dit uit die Deputate 1988 se Rapport blyk dat daar nog onduidelikhede oor die adviesvrae is nie.

Bevinding van Kommissie

Wanneer die Studierapport 1988 nagegaan word (Acta 1988:521, 368 pte. 3.6.5 en 3.73) is dit duidelik dat die Studiedeputate 'n uitvoerige studie gedoen het waarby verskillende kenners op Ou en Nuwe Testamentiese vlak betrek is. Die Sinode 1988 kon dus inderdaad tot die gevolgtrekking kom dat hulle 'n duidelike Skrifgefundeerde uitspraak kon lewer en dat verdere studie nie die besluit sou beïnvloed nie.

Aanbeveling

Die Sinode keur die beredenering van Studiedeputate soos weergegee in pt. 3.4.2.2 goed.

4.1.2 Beswaarskrif 2.1.1 – eerste sin en par. (pt. 3.4.3)

Beswaardes se bewering (pt. 3.4.3.1)

Die beswaardes beweer dat die Sinode 1988 sy besluit dat hy 'n Skrifgefundeerde uitspraak kan maak, op 'n veronderstelling gebou het.

Studiedeputate se beredenering (pt. 3.4.3.2)

Sinode 1988 se besluit berus nie op 'n veronderstelling nie, maar op die uitvoerige studiemateriaal van die Studiedeputate wat Sinode 1988 geadviseer het.

Sinode 1988 het ook sy besluit so gemotiveer.

Bevinding van Kommissie

Wanneer die stukke nagegaan word, is dit duidelik dat die studiedeputate se beredenering geldig is.

Aanbeveling

Die Sinode keur die beredenering van Studiedeputate goed.

4.1.3 Beswaarskrif 2.1.1 – 2e en 3e paragraaf (pt. 3.4.4)

Beswaardes se bewering (pt. 3.4.4.1)

Die Sinode verwerp 'n Skrifgegronde uitspraak op grond van 'n argument van stilswye.

Studiedeputate se beredenering (pt. 3.4.4.2)

- Sinode 1988 het wel sy besluit op grond van die “stilswye” geneem, maar in sy motivering ook verwys (Deputaterapport 1988:519, 3.6.3) na die deeglike eksegeese soos vervat in Deputaterapport, 3.2.2.2.4, Ongepubliseerde Bylae 8.3.4.1.
- Die besluite is gegrond op positiewe Skrifgetuienis.

Bevinding van Kommissie

Bogenoemde dokumente is nagegaan en die beredenering van die Studiedeputate is geldig.

Aanbeveling

Die Sinode keur die beredenering van die Studiedeputate goed.

4.1.4. Beswaarskrif 2.1.1 – 4e paragraaf (pt. 3.4.5)

Beswaardes se bewering (pt. 3.4.5.1)

Sinode 1988 het die slotsom van die Studiedeputate 1988:520, 3.6.7 (nl. Dat Nuwe Testamentiese getuienis dui op die moontlikheid dat ten opsigte van die ongetroude vroue 'n afsonderlike besondere diens kon bestaan) afgewys op grond van verskil tussen eksegete oor bepaalde Skrifgedeeltes.

Studiedeputate se beredenering (pt. 3.4.5.2)

Sinode 1988 het 'n gemotiveerde keuse tussen verskillende eksegetiese moontlikhede (1988:520, 3.6.7) gemaak.

Bevinding van Kommissie

Sinode 1988 sê in sy motivering (1988:521,3.6.7) onder andere in die lig van al die ander gegewens in die Bybel insake die vrou in die besondere dienste, hier nie 'n uitgemaakte saak is dat *katelegesthai* op verkiesing tot 'n besondere diens dui nie.

Dit is duidelik dat u Studiedeputate suiwer is in hulle beredenering.

Aanbeveling

Die Sinode keur die beredenering van die Studiedeputate goed.

4.1.5 Beswaarskrif 2.1.1-2e laaste paragraaf 2.1.1 (pt. 3.4.6)

Beswaardes se bewering (pt. 3.4.6.1)

Sinode 1988 het 'n moontlike bevinding vooruit geloop met sy besluit dat verdere studie nie 'n invloed sal hê op die besluit van die Sinode met betrekking tot die vrou in die amp nie.

Beredenering van die Studiedeputate (pt. 3.4.6.2)

- Die Sinode kom tot 'n besluit gerond op indringende studie en eksegeese en loop nie 'n bevinding ongemotiveerd vooruit nie.
- Die Sinode oordeel dat die enkele vrae en onduidelikhede nie die besluit oor die vrou in die amp sal beïnvloed nie.
- Die Sinode het in sy besluit die onduidelike dele van die Skrif in die lig van die duidelike dele verklaar.

Bevinding van Kommissie

Die Studiedeputate se beredenering is geldig.

Sinode 1988 motiveer inderdaad (1988:521, 368) sy besluit deur na bevindinge in die Studierapport en Kommissieverslag te verwys.

Aanbeveling

Die Sinode keur die beredenering van die Studiedeputate goed.

4.1.6 Beswaarskrif 2.1.1 – laaste paragraaf (pt. 3.4.7)

Beswaardes se bewering (pt. 3.4.7.1)

Die Sinode het vreemd optgetree omdat hy nie bereid was om verdere studie toe te laat nie aangesien die karakter van die besondere dienste waarvoor verdere studie onder andere aanbeveel is, van wesenlike belang is.

Studiedeputate se beredenering (pt. 3.4.7.2)

- Dit is nie waar dat die Sinode nie bereid was om die saak verder te ondersoek nie.
- Die Sinode was net oortuig dat verdere studie nie nodig is vir sinvolle besluitneming nie.
- Die beswaardes lewer nie bewys dat die voorgestelde studie van wesenlike belang is vir die besluitneming oor die vrou in die amp nie.

Bevinding van Kommissie

Die beredenering van die Studiedeputate is geldig. Die beswaardes lewer inderdaad geen bewyse dat verdere studie noodsaaklik is nie. Soos nou reeds herhaaldelik gesê, het die Sinode voldoende studie en eksegetiese materiaal tot sy beskikking gehad en was geregverdig in sy oordeel dat verdere studie nie nodig is vir sinvolle besluitneming nie.

Aanbeveling

Die Sinode keur die beredenering van die Studiedeputate goed.

4.1.7 Beswaarskrif 2.1.2 – 1e paragraaf, 1e sin (pt. 3.4.8)

Beswaardes se bewering (pt. 3.4.8.1)

Sinode 1988 het verdere besinning oor die Studierapport voor 'n finale besluit geneem is, verhinder.

Studiedeputate se beredenering (pt. 3.4.8.2)

- Sinode 1988 het inderdaad nie geleentheid aan die kerkverband gegee vir verdere besinning voor hy die besluit neem nie.
- Sinode 1988 het egter nie hierin onregmatig opgetree nie aangesien dit nie die kerklike weg van hantering van so 'n saak is nie.

Bevinding

Die Studiedeputate se beredenering is geldig.

Aanbeveling:

Die Sinode keur die beredenering van die Studiedeputate goed.

4.1.8 Beswaarskrif 2.1.2 – 1e paragraaf, 2e sin (pt. 3.4.9)

Beswaardes se bewering (pt. 3.4.9.1)

Gesien in die lig van die brandende aktualiteit van die onderwerp is dit vreemd dat die Sinode sekere vrae onbeantwoord laat.

Studiedeputate se beredenering (pt. 3.4.9.2)

Die vrae wat in die adviesvrae en Beskrywingspunte gevra is duidelik en so spoedig moontlik beantwoord.

Bevinding van Kommissie

Die Studiedeputate se beredenering is geldig.

Aanbeveling

Die Sinode keur die beredenering van die Studiedeputate goed.

4.1.9 Beswaarskrif 2.1.2- paragraaf 2 (pt. 3.4.10)

Beswaardes se bewering (pt. 3.4.10.1)

Die Sinode het deur hulle besluit van “hulle (vroue) hoef nie noodwendig in die besondere diens te staan nie, ‘n totale verbod, nl. “glad nie”, gemaak. Die beswaardes verwys hier na Acta 1988:522, 372.

Vir duidelikheid word die betrokke deel van die 1988 Studiedeputaterapport hier weergegee: “Vroulike lidmate **moet** – soos manlike lidmate – hulle gawes tot nut en saligheid van ander lidmate asook van ongelowiges aanwend. Daartoe is hulle geroep in die amp van die gelowige, **en tot uitvoering van hierdie roeping hoef hulle nie noodwendig in die besondere diens te staan nie** (Beklemtornings bygevoeg) (Acta 88:522, 3.7.2).

Studiedeputate se beredenering (pt. 3.4.10.2)

Die Studiedeputate beredeneer die bewering onder twee punte:

Die “hoef nie” het nooit in die Sinodebesluit beteken dat dit tog ook kan dat vroue in die besondere amp staan nie.

Die “glad nie” waarna die Beswaarskrif verwys is ‘n afleiding van die beswaardes en nie ‘n aanhaling nie.

Bevinding van Kommissie

Hierdie beswaar berus op ‘n foutiewe interpretasie van die Sinodebesluit en word voldoende weerlê deur die Studiedeputate.

Aanbeveling

Die Sinode keur die beredenering van die Studiedeputate goed.

4.1.10 Beswaarskrif 2.1.2 – 2e en 3e paragraaf (pt. 3.4.11)

Beswaardes se bewering (pt.3.4.11.1)

Die beswaardes sien die besluit van die Sinode as ‘n totaal-afwysende en finale besluit en noem dit ‘n “valbyl-besluit”, waarin die resultate van die voorgestelde studie nie verdiskonteer is nie.

Studiedeputate se beredenering (pt. 3.4.11.2)

- Oor die finaliteit van die besluit, wys die Studiedeputate daarop dat alle besluite van ‘n kerkvergadering met die nodige bewyse uit die Skrif, veranderbaar is op die pad van KO 46.
- Al sou die Beswaarskrif afgewys word, kan enige persoon die studie wat die Sinode afgewys het self onderneem en dit dan voorlê as motivering vir revisie van die besluit van die Sinode oor die vrou in die amp.

Bevinding van Kommissie

Die Studiedeputate toon oortuigend aan dat die bewering van die beswaardes nie juis is nie.

Aanbeveling

Die Sinode keur die beredenering van die Studiedeputate goed.

4.1.11 Samevattendebevinding van die Studiedeputate (pt. 3.4.12)

Die Beswaarskrif toon nie oortuigend aan dat die Sinode se besluit voortydig was nie.

Aanbeveling

Die Sinode keur hierdie bevinding goed.

4.1.12 Samevattende aanbeveling van die Studiedeputate (pt. 3.4.13)

Die Beswaarskrif slaag nie op Beswaargrond 1 nie.

Aanbeveling

Die Sinode keur hierdie aanbeveling goed.

4.2 Beswaargrond 2 (Beswaarskrif 2.2) (pt. 3.5)

Hierdie beswaargrond bestaan uit een basiese bewering nl. dat die Sinode nie op goed-verantwoorde wyse met die Skrif omgaan nie. Drie hoofargumente ter staving word aanvoer:

4.2.1 Argument 1 : Beswaarskrif 2.2.1 (pt. 3.5.2)

In hierdie argument kan drie beweringe onderskei word:

4.2.1.1 Bewering van die beswaardes (pt. 3.5.2.1.1)

- Die Sinode (Acta 1988:519, 3.6.5) het die “besondere dienste” op grond van die tradisionele Skrifberoep onregmatig aan 1 Timoteus 2:11-14 en 1 Kor 14:33-35 verbind en het dit sy vernaamste Skrifberoep gemaak.
- Die eksegese van die Sinode was nie korrek nie.

Studiedeputate se beredenering (pt. 3.5.2.2.1)

- Die Sinode 1988 se konklusie het op die Deputaterapport (1988:510, 513) en die ongepubliseerde Bylae van die Rapport en ander gegewens, berus.
- 1 Timoteus 2:11-14 en 1 Korintiërs 14:33-35 is in die lig van Ef 5 en 1 Kor 11 verklaar en is daarom nie opsigself as bewysteks gebruik nie.

Bevinding van Kommissie

Die Studiedeputate dui oortuigend aan dat hierdie bewering van die beswaardes nie gegrond is nie.

Aanbeveling

Die Sinode keur die beredenering van die Studiedeputate goed.

4.2.1.2 Beswaardes se bewering (pt. 3.5.2.1.2)

Sinode 1988 het die saak van die “besondere dienste onregmatig in 1 Tim 2:11-14 en 1 Kor 14:33-35 “ingedra”.

Studiedeputate se beredenering (pt. 3.5.2.2.2)

- Die saak van die besondere dienste word nie op onregmatige wyse in hierdie tekste ingedra nie maar die tekste se betekenis vir die vrou in die amp word in die lig van ander tekste ontgin.
- Die Studiedeputate verwys ook na die antwoord van Sinode 1994 op ‘n beswaar teen die Skrifhantering van Sinode 1988 (Acta:1994:174, 475, 481,482).

Bevinding van Kommissie

Vanuit die ter sake gedeeltes van Acta 1988 en Acta 1994 is dit duidelik dat die Studiedeputate se beredenering geldig is.

Aanbeveling

Die Sinode keur die beredenering van die Studiedeputate goed.

4.2.1.3 Bewering van beswaardes (pt. 3.5.2.1.3)

Die Sinode 1988 se eksegese van bogenoemde gedeeltes is nie korrek nie.

Beredenering van Studiedeputate (pt. 3.5.2.2.3)

- Die Beswaarskrif se alternatiewe eksegese van 1 Tim 2:11-14 is aanvegbaar en roep verskeie eksegetiese vrae op.
- In elk geval sou die aanvaarding van die Beswaarskrif se eksegese nie noodwendig die konklusies van die Sinode 1988 omverwerp nie.

Bevinding van die Kommissie

By die nagaan van die alternatiewe eksegese van die Beswaarskrif (Acta:1997:548, 549) was dit vir u Kommissie duidelik dat die Studiedeputate se beredenering geldig is.

4.2.2 Tweede argument: Beswaarskrif 2.2.2 (pt. 3.5.3)

Daar kan weereens drie beweringe onderskei word in hierdie argument:

4.2.2.1 Bewering van beswaardes (pt. 3.5.3.1.1)

Die Sinode 1988 onderskei “besondere diens” op so wyse van “amp van gelowige” dat dit wesentlik iets anders word.

Beredenering van Studiedeputate (pt 3.5.3.2.1)

- Die Sinode 1988 het nie deur die wyse waarop hy die “besondere diens” onderskei, wesentlik iets anders daarvan gemaak nie.
- Dit lyk eerder of die beswaardes die besondere dienste onderspeel.
- Die beswaardes toon nie met geldige eksegetiese konklusies dat die Sinode 1988 die Skrif verkeerd verklaar het nie.

Bevinding van Kommissie

Die Studiedeputate se beredenering is geldig.

Aanbeveling

Die Sinode keur die Studiedeputate se beredenering goed.

4.2.2.2 Bewering van beswaardes (pt. 3.5.3.1.2)

Die Sinode 1988 het deur sy eksegeese en sy hantering van die onderskeid tussen die besondere dienste, die besondere dienste gelaai met die inhoud soos “status, mag en aansien”.

Beredenering van Studiedeputate (pt. 3.5.3.2.2)

Dit is duidelik uit die agtergrondstudie op grond waarvan die Sinode 1988 sy besluit geneem het, dat bogenoemde bewering nie waar is nie.

Bevinding van die Kommissie

Die beredenering van die Studiedeputate is geldig.

Aanbeveling

Die Sinode keur die beredenering van die Studiedeputate goed.

4.2.2.3 Bewering van beswaardes (pt. 3.5.3.1.3)

Die Beswaarskrif vra die vraag of die Sinode 1988 nie besig was met ‘n teologiese konstruksie en veronderstelling” wanneer daar aanvaar word dat die uitsluiting van die vrou uit die besondere dienste “direk” voortvloei uit die Bybel-uitsprake oor die hoofskap van die man in die huwelik.

Beredenering van die Studiedeputate (pt. 3.5.3.2.3)

Die Sinode 1988 het hulle konklusies op deeglike eksegeese gegrond.

Bevinding van Kommissie

Die Studiedeputate se beredenering is geldig.

Aanbeveling

Die Sinode keur die beredenering van die Studiedeputate goed.

4.2.3 Derde argument: Beswaarskrif 2.2.3 (pt. 3.5.4)

4.2.3.1 Bewering van beswaardes (pt. 3.5.4.1)

Die Sinode het nie die wesentlike verandering wat die “Nuwe verbond” of die eskatologiese aard van die kerk vir die vrou gebring het, verdiskonteer nie.

Beredenering van Studiedeputate (pt. 3.5.4.2)

- Die Sinode verreken die betekenis van die verlossing in Christus vir die vrou wel deeglik.
- Die hoofskap van die man word korrek deur die Sinode 1988 verstaan.
- Die onderskeid tussen man en vrou word nie geheel en al opgehef in die Nuwe Testament nie.

Bevinding van Kommissie

Die beredenering van die Studiedeputate is geldig.

Aanbeveling

Die Sinode keur die beredenering van die Studiedeputate goed.

4.3 Samevattende bevinding van Studiedeputate (pt. 3.5.5)

Beswaargrond 2 toon nie oortuigend aan dat die Sinode 1988 “nie op goed-verantwoorde wyse met die Skrif omgegaan het nie”.

Aanbeveling

Die Sinode keur die bevinding goed.

4.4 Samevattende aanbeveling van Studiedeputate

Die Beswaarskrif slaag nie op Beswaargrond 2 nie.

Aanbeveling

Goedgekeur.

4.5 Versoek (Beswaarskrif 2.3) (pt. 3.6)

Inhoud (pt. 3.6.1)

Die Beswaarskrif versoek dat die Sinode seker Skrifgegewens op ‘n ander wyse in sy besluit verdiskonteer en dat die Sinode 1997 verdere studie onderneem oor bepaalde aspekte van die saak.

Beoordeling van Studiedeputate (pt.3.6.2)

- Die Beswaarskrif vra nie blote nuwe studie nie, maar ook ‘n ander kyk na sake nl. die toelating van die vrou tot die amp.
- Die Beswaarskrif toon nie waarom die Nasionale Sinode 1997 studie moet onderneem nie.

Aanbeveling

Die Sinode keur die beoordeling van die Studiedeputate goed.

4.6 Slotbevinding van Studiedeputate (pt. 3.6.3)

Die Beswaarskrif toon nie aan dat die Sinode 1988 in sy afkeuring van verdere studie prematuur opgetree het of die Skrif verkeerd gehanteer het nie.

Aanbeveling

Goedgekeur.

4.7 Slotaanbeveling (pt. 4)

- Die Beswaarskrif slaag nie.
- Gevolglik word ook nie aan die versoek (Acta 1997:557-8, 2.3) gevolg gegee nie.

Aanbeveling

Goedgekeur.

F. RAPPORT 2 - DEPUTATE : VROU IN DIE AMP

(Beskrywingspunt Partikuliere Sinode Noord-Transvaal insake verskille en ooreenkomste van Kerke met wie ons in korrespondensie is oor die vrou in die besondere dienste.)

1. Opdrag

1.1 Om die relevante besluite van Sinodes van die GKSA in verband met die vrou in die besondere dienste, al dan nie, te vertaal en deur middel van die DKBK aan kerke te stuur met wie die GKSA in korrespondensie staan.

1.2 Om die relevante besluite van kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan deur middel van die DKBK aan te vra, te bestudeer en die ooreenkomste en verskille aan die Sinode uit te wys.

1.3 Om die Sinode te adviseer oor implikasies wat die verskille vir kerklike korrespondensie het (Acta,1997 : 559).

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 Uitvoering van opdrag

2.1.1 Punt 1.1 is uitgevoer. Geen kommentaar is van die betrokke kerke ontvang nie.

2.1.2 Punt 1.2 is uitgevoer. Die volgende kerke het hulle besluite beskikbaar gestel:

- 2.1.2.1 Christelike Gereformeerde kerk in Nederland (*CGK*)
 - 2.1.2.2 Reformed Churches of Australia (*RCA*)
 - 2.1.2.3 Nederlandsche Gereformeerde Kerken (*NedIGK*)
 - 2.1.2.4 Uit die Rapport van die *CGK* word die besluite van die volgende kerke ook ter kennisname voorgelê:
 - 2.1.2.4.1 Presbyterian Church in Korea (*PCK*) [Die *GKSA* is in korrespondensie met die *PCK*.]
 - 2.1.2.4.2 Gereformeerde Kerken Nederland (Vrijgemaakt) (*GKN-Vrijgemaakt*) .[Die *GKSA* het die *GKN-Vrijgemaakt* korrespondensie aangebied, daarom is hulle besluite in dié verband ter sake.]
 - 2.1.2.4.3 Christian Reformed Church in North America (*CRC*) [Die *GKSA* is steeds in korrespondensie met die *CRC*.]
 - 2.1.3 Punt 1.3 word in hierdie Rapport uitgevoer.
- Besluit:** Kennis geneem.

2.2 Besluite van kerke

2.2.1 *CGK*

- 2.2.1.1 Na 'n omvattende studie van Skrifgegewens en ander relevante aspekte besluit die Sinode van 1998 dat daar geen Skrifregverdiging is om enige van die drie amptelike dienste vir vrouelidmate oop te stel nie.
- 2.2.1.2 Genoemde besluit doen, volgens die Sinodebesluit, nie af aan die oortuiging dat vroue as volwaardige lede van die liggaam van Christus geag word nie en dat die gelykwaardigheid van mans- en vrouelidmate nie wegneem dat die posisie van mans en vroue verskillend is op grond van die deur God ingestelde orde tussen man en vrou in die skepping en in die herskepping nie.

2.2.2 *RCA*

- 2.2.2.1 Die Sinode van 1994 het die volgende verwerp:
Om die dienste van *predikant, ouderling en diaken* gelyklik vir mans- en vrouelidmate oop te stel.
- 2.2.2.2 Die Sinode van 1997 het die volgende besluit:
- 2.2.2.2.1 Om die Bybelse en historiese getuienis vir betrokkenheid van vroue in die diakonale bediening van die kerk te erken en om kerkrade derhalwe aan te moedig om vroue in die diakonale bediening te betrek. Hierdie vroue sal ooreenkomstig plaaslike gebruik deel van 'n diakonale span vorm en sal afsonderlik van die kerkrade funksioneer.
- 2.2.2.2.2 Verdere studie word onderneem om die Skriftuurlike en historiese getuienis vir en teen toelating van vroue tot die diens van diaken te ontleed, sowel as die plek van vroue ten opsigte van die kerkrade in die lig van die Belydenisskrifte - insluitend die begrippe 'diens' (*office*) en 'bevestiging' (*ordination*).

2.2.3 *NedIGK*

- 2.2.3.1 Dié kerk besluit in 1995, na Skrifstudie en studie van Rapporte van ander Gereformeerde Kerke, dat die Woord van God nie die bevestiging van vroue in die diens van diaken verbied nie. Dit word aan die plaaslike kerk oorgelaat om vroue in die diakensdiens te bevestig, al dan nie.
- 2.2.3.2 Die dienste van predikant en ouderling word nie vir vrouelidmate oopgestel nie.

2.2.4 *PCK*

- 2.2.4.1 Op die *ICRC 1997* in Seoul het prof. Soon Gil Hur, rektor van die Teologiese Seminaar in Pusan, die standpunt gehuldig wat met die praktyk van dié kerk ooreenstem, naamlik dat die dienswerk van predikant en ouderling op Skrifgronde nie vir vrouelidmate oopgestel mag word nie, maar dat die Skrif dit nie verbied dat vroue as diakens mag funksioneer nie. Maar dan wel as diakens van 'n bepaalde soort.
- 2.2.4.2 Die *PCK* handhaaf, op die spoor van Calvin, twee soorte diakensdienste. Die een diens is vir 'n beperkte tyd en vir bepaalde take wat nie met die bestuur van die diakens te make het nie, maar met die versorging in die gemeente. Hierdie soort diakens funksioneer sonder om

as diakens bevestig te word. Dit is tot hierdie diakensdiens waartoe vrouelidmate in die gemeente verkies word.

2.2.5 *GKN-Vrijgemaakt*

Hoewel die diskussie oor dié onderwerp ook in dié kerk begin is, word daar, ook soos deur die Rapport van die CGK bevestig word, geen vrouelidmate in die besondere dienste toegelaat nie.

2.2.6 *CRC*

2.2.6.1 Die Rapport van die CGK toon aan dat dié kerk ongeveer vanaf 1970 besluite geneem het wat nie geïmplementeer is nie vanweë Beswaarskrifte, Versoeke om revisie, ens.

2.2.6.2 Die jongste Sinodebesluit lui dat twee verskillende visies op die vrou in die besondere dienste uit Skrifgewens gestel kan word.

2.2.6.2 Dit word aan Klassisse oorgelaat om in hulle eie ressort na eie goeëddunke vroue in die dienste van predikant, ouderling en evangelis te bevestig. Hierdie reëling sal tot in 2000 geld, waarna die saak weer in heroorweging geneem sal word.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 *Vir oorweging*

3.1.1 Ooreenkomste en verskille met besluite van die GKSA (Acta 1988:518-523)

3.1.1.1 Besluite van die volgende kerke stem ooreen met dié van die GKSA:

3.1.1.1.1 Die CGK wys die moontlikheid dat vrouelidmate volgens die Skrif in enigeen van die besondere dienste kan dien, heeltemal af. Beide beklemtoon die gelykwaardigheid maar eiesoortigheid van die plek wat mans- en vrouelidmate in die kerk het.

3.1.1.1.2 Die *GKN-Vrijgemaakt* handhaaf eweneens dié gevolgtrekking uit Skrifgewens dat die besondere dienste nie deur vrouelidmate behartig mag word nie.

3.1.1.2 Besluite van die volgende kerke verskil nie in beginsel van dié van die GKSA nie:

3.1.1.2.1 Die RCA implementeer tot dusver vrouelidmate in □diakonale dienste□, sonder om hulle in die diens van diaken te bevestig. Dit kom ooreen met die gebruik van nie-amptelike □diakonesse□ en □diensgroepe□ as □susterhulpdienste□ in verskeie kerke binne die GKSA.

3.1.1.2.2 Die PCK handhaaf in beginsel dieselfde gebruik as dié van die RCA.

3.1.1.3 Besluite van die volgende kerke verskil van dié van die GKSA:

3.1.1.3.1 Die *NedlGK* laat vrouelidmate tot die diakensdiens toe, volgens die diskresie van plaaslike kerke.

3.1.1.3.2 Die *CRC* handhaaf beide sienings, naamlik dat vrouelidmate óf toegelaat word, óf nie toegelaat word om in enige van die besondere dienste bevestig te word nie en laat dit aan Klassisse oor om dié besluit volgens goeëddunke te implementeer.

Besluit: Kennis geneem.

3.2 *Implikasies van die verskille vir korrespondensie*

3.2.1 Korrespondensie kom tot stand waar kerke uiting aan die eenheid van hulle geloof oor landsgrense gee (Acta 1979:41, 3.1.4.2).

3.2.2 Die eenheid van geloof rus op eenheid in belydenis, soos dit in □leer, diens en tug□ tot uiting kom (Acta 1979:39, 1.1.1).

3.2.3 Die begrip korrespondensie behels die onderhouding van een kerkverband oor landsgrense (Acta 1979:45, 4.1.1).

3.2.4 Sowel die Belydenisskrifte (belydenis oor en derhalwe Skrifbeginsels van □leer, diens en tug□), as die Kerkorde (kerkregtelike toepassing van □leer, diens en tug□) spreek hulle nie daarvoor uit of vrouelidmate in die besondere dienste mag dien, al dan nie (Ongepubliseerde Bylae by Acta 1988:100-112).

3.2.5 Die *NedlGK* en die *CRC* handhaaf dieselfde belydenis as die GKSA.

3.2.6 Verskille in besluite oor die toelating van vrouelidmate tot die besondere dienste kan waarskynlik toegeskryf word aan verskille in Skrifverklaring oor die onderhawige saak.

- 3.2.7 Die moontlikheid van verskillende kerklike praktyke oor verskeie sake, word ook deur die Kerkorde (art. 85) gehandhaaf.
- 3.2.8 Die toetsvraag is of die verskille in Skrifverklaring aan 'n hermeneutiek waardeur die Skrif op 'n relativistiese wyse verklaar word, dit wil sê 'n Skrifkritiese Skrifbeskouing, gewyt moet word.
- 3.2.9 Indien die verskille in Skrifverklaring aan 'n Skrifkritiese hermeneutiek gewyt moet word, waardeur mense aan hulleself en hulle besluite “meer mag en gesag toeskryf as aan die woord van God” (NGB, art. 29) - 'n houding wat in meer aspekte as die onderhawige saak tot uiting sal kom - en dan kom die eenheid met so 'n kerk volgens NGB, artikel 29 in die gedrang (vgl. die redes waarom die GKSA korrespondensie met die GKN verbreek het, Acta 1976:243-261).
- 3.2.10 Indien 'n verskil in Skrifverklaring oor 'n saak voorkom, soos die toelating van vrouelidmate tot een of meer van die besondere dienste, waardeur die kenmerke van die ware kerk volgens NGB, artikel 29 nie in die gedrang kom nie, word die eenheid van die geloof in Christus nie verbreek nie. Die onderhawige saak waaroor 'n verskil in Skrifverklaring voorkom, moenie tot een van die merktekens van die ware kerk verhef word nie.

Besluit: Kennis geneem.

4. Aanbeveling

Aan die DKBK word opgedra om in die lig van 3.2 indringende korrespondensie/gesprekke met die belanghebbende Deputate van die *NedIGK* en die *CRC* te voer om vas te stel of die verskil in Skrifverklaring oor die toelating van vrouelidmate in die besondere dienste as gevolg van 'n Skrifkritiese hermeneutiek is, wat die eenheid met die GKSA in die gedrang bring en waarvolgens voortgesette korrespondensie in heroerwering geneem sou moet word.

Besluit: Goedgekeur.

G. KOMMISSIERAPPORT

1. Opdrag

Om die Sinode te adviseer oor die Rapport en aanbeveling.

2. Sake waarvan die Sinode kan kennis neem

- 2.1 Opdrag (pt.1).
- 2.2 Uitvoering van die opdrag (2.1-2.1.3).
- 2.3 Besluite van kerke oor vrou in die amp (2.2.1-2.2.6.2).
- 2.4 Ooreenkomste en verskille van kerke met besluite van die GKSA (3.1.1-3.1.1.3.2).
- 2.5 Implikasies van die verskille vir korrespondensie (3.2.1-3.2.7).

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 *Beginselstandpunte*

- 3.1.1 Die toetsvraag is of die verskille in Skrifverklaring aan 'n hermeneutiek waardeur Skrifwaarhede gerelativeer word, dit wil sê 'n Skrifkritiese Skrifbeskouing, toegeskryf moet word (3.2.8).
Die Sinode vereenselwig hom met hierdie prinsipiële uitgangspunt – Goedgekeur.
- 3.1.2 Wanneer verskille in Skrifverklaring te wyte is aan Skrifkritiese hermeneutiek kom dit neer op 'n verwerping van van Christus – dan kom die eenheid met so 'n kerk volgens NGB, art. 29 in gedrang... (3.2.9).
Die Sinode vereenselwig hom met hierdie prinsipiële uitgangspunt – Goedgekeur.
- 3.1.3 Punt 3.2.10 word soos volg gewysig: Die sin “soos die toelating van vrouelidmate tot een of meer van die besondere dienste” word weggelaat. Punt 3.2.10 lees dan soos volg: “Indien 'n verskil in Skrifverklaring oor 'n saak voorkom waardeur die kenmerke van die ware kerk volgens NGB, artikel 29 nie in die gedrang kom nie, word die eenheid van die geloof in Christus nie verbreek nie. Die onderhawige saak waaroor 'n verskil in Skrifverklaring voorkom, moenie tot een van die merktekens van die ware kerk verhef word nie.
Die Sinode vereenselwig hom met hierdie prinsipiële uitgangspunt – Goedgekeur.

4. Aanbeveling

Aan die Deputate Ekumenisiteit en Owerheid word opgedra om in die lig van die Rapport indringende korrespondensie/gesprekke met die belanghebbende Deputate van die *NedlGK* en die *CRC* te voer om vas te stel of die verskil in Skrifverklaring oor die toelating van vrouelidmate in die besondere dienste as gevolg van 'n Skrifkritiese hermeneutiek is, wat die eenheid met die *GKSA* in die gedrang bring en waarvolgens voortgesette korrespondensie in heroorweging geneem sal moet word.

21.3 RAPPORT DEPUTATE BELYDENISSKRIFTE (Artt.62, 215, 241)

- A. Ds. P.H. Fick stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Leerstellig 4.
- C. Ds. F.J. van Deventer stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 1997:574.

- “1. Om die woorde ‘neergedaal het na die hel’ soos dit in die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Geloofsbelydenis van Atanasius voorkom, volledig te ondersoek en die volgende Sinode te adviseer oor 'n moontlike herbewoording of hervertaling.
- 2. Om ondersoek in te stel na die moontlikheid van 'n duideliker plasing van die woorde.
- 3. Om ondersoek in te stel na alle implikasies wat sodanige moontlike hervertaling of herbewoording en/of herplasing mag hê en die volgende Sinode daarvoor te adviseer.
- 4. Skakel met kerke met wie ons in korrespondensie is deur die DKBK en met binnelandse kerke van dieselfde Belydenis deur Deputate Ekumeniese Sake.”

Besluit: Kennis geneem.

2. Dogmahistoriese agtergrond

2.1 Die vroeë kerk

Die woorde “*descendit in inferna*” kom vir die eerste keer voor in die Acta van die Ekumeniese Sinode van Sirmium (359) en die Konsilie van Nicea in Thracië (359). Ongeveer 30 jaar later, in 390, het Rufinus, 'n priester van Aquilea, dit opgeneem in sy *Expositio Symboli Apostolici*. In sy kommentaar op hierdie artikel sê Rufinus uitdruklik dat hierdie frase nie in enige belydenis van die Rooms-Katolieke Kerk of die kerk in die Ooste voorkom nie. Hy meld egter nie waarom hy dit nodig vind om dit hier en op hierdie tydstip in te voeg nie.

Wat sy bedoeling daarmee was, is egter van uiterste belang. 'n Aanduiding in hierdie rigting is die feit dat hy die artikel “*sepultus*” (begrawe is) uitlaat en met “*descendit in inferna*” vervang. Hy doen dit blykbaar dan nie om 'n nuwe dogma in te bring nie, maar om die bestaande te verduidelik. “*Sepultus*” en “*ascendit in inferna*” word klaarblyklik as sinonieme beskou. Die werklikheid van Christus se dood word met hierdie frase beklemtoon en sluit eenvoudig aan by die eeue-oue idee wat by die Jode en Christene geheers het oor die toestand van die gees na die dood. Die vroeë kerk het die neerdaal van Christus eenvoudig verstaan as deel van die verlossingsplan van God en as oorgang van die staat van vernedering na die staat van verheerliking van Christus.

Waarom Rufinus dit egter nodig gevind het om hierdie frase op daardie stadium in te voeg, mag daarop dui dat daar reeds iewers in die kerk van daardie tyd 'n dogmatiese verskuiwing begin plaasvind het wat so 'n invoeging vereis het.

2.2 Middeleeuse wending

Hierdie sluimerende dogmatiese wending in die verstaan van die frase kom in die patristiese tyd en Middeleeue al hoe meer na die oppervlak.

Teen die jaar 750 is die teks van die Apostolicum finaal vasgestel en die frase “*descendit in inferna*” het finaal sy plek naas “*sepultum*” gekry.

Veral onder die invloed van die kerkvaders Origenes en Clemens Aleksandrinus is 'n meer uitgebreide prentjie geskilder oor wat Christus gedurende die drie dae tussen sy dood en opstanding sou gedoen het. Dit het gepaard gegaan met 'n tendens om skerp te onderskei

tussen *sheol/hades* (die doderyk of tydelike verblyfplek van alle gestorwenes – regverdige en goddelose) en hemel en *gehenna* (die hel of plek van ewige verdoemenis).

Dit het uiteindelik daartoe gelei dat die geloof dat Christus gesterf en Hom daarom in die verblyfplek van die dooies bevind het, vervang is met die geloof dat Christus die hel (die plek van ewige verdoemenis) besoek het en daar in 'n oorlog die oorwinning behaal het oor die Satan en die dood. Dit word in kleurrike taal in verskeie apokriewe boeke beskryf, soos onder andere in die Evangelie van Nikodemus (hoofst. 13-21).

Daar was dus 'n groeiende tendens om die “neerdaal” onafhanklik te beskou van die sentrale leer van die dood en opstanding van Christus en “*sheol/doderyk*” te vervang met “*gehenna/hel*”.

2.3 Reformatoriese herinterpretasie

In die tyd van die Reformasie was daar talle leerstellige skermutselings rondom die interpretasie van hierdie artikel. Tussen 1580 en 1720 was daar nie minder nie as 34 Lutherse, 16 Gereformeerde en 4 Rooms-Katolieke spesiale ondersoeke hieroor (Wentzel:224).

Bucer interpreteer bv. in 1536 hierdie artikel histories en beskou Christus se grafstelling sinonimies met die neerdaling. Die meeste reformatore het egter die frase “*descendit in inferna*” nie simboolhistories nie, maar dogmaties geïnterpreteer.

Luther betrek die neerdaling op Jesus se lyding in Getsemane en Golgota; Calvyn neem dit van hom oor. In sy *Institusie* (2.16.8) handel Calvyn uitvoerig daaroor. Hy erken dat hierdie artikel eers later ingevoeg is, dat sommige kerkvaders elkeen sy eie vertolking daaraan gegee het en dat ander (soos Augustinus) dit heeltemal weggelaat het, maar beskou die historiese aspekte van die ontstaan en interpretasie daarvan van geen belang nie.

Hy verkies steeds “hel” as vertaling van “*inferna*” en verklaar hierdie artikel as Christus se hellesmart aan die kruis. Immers (redeneer hy), niks sou volbring gewees het nie as Christus net slegs die liggaamlike dood gesterf het. Hy moes ook die strengheid van die Goddelike wraak voel en daarom as 't ware ook met die leërskaer van die hel en die verskrikking van die ewige dood handgemeen raak. In die neerdaal het Christus hierdie dood gedra. Nie alleen is sy liggaam oorgelewer tot 'n prys vir ons verlossing nie, maar ook in sy siel het Hy die vreeslike kwellinge van 'n verlore mens gedra. Hy was nie net gewikkel in die dood nie, maar ook in die smarte wat voortkom uit die vloek en die toorn van God, en as die vreeslike dieptepunt noem Calvyn die verlatenheid aan die kruis. Hierdie verklaring het sy neerslag gevind in die Heidelbergse Kategismus, 16:44.

Calvyn wou met hierdie verklaring die artikel as 't ware ontmitologiseer, maar het daarmee afgewyk van die oorspronklike bedoeling van hierdie uitdrukking. In die gees van die Reformasie wou hy nie toring aan 'n belydenis wat vir eeue as vasstaan nie.

Die Lutherse Kerk bely (grootliks in teenstelling met Luther se eie siening) in die Formula Concordiae van 1577 (art. 9) dat Christus na sy hele persoon, as God en mens, in die hel afgedaalt het om die mag van Satan te verbreek.

Die neerdaal na die hel word in die Konfessie en Groot Kategismus van Westminster nog anders opgevat: hierdie vernedering het nie voor nie, maar na sy dood plaasgevind. Hy is begrawe en verkeer tot die derde dag in die staat van die dooies en in die mag van die dood.

2.4 Enkele interpretasies van die 19e en 20e eeu

Bavinck verwerp die opvatting dat Christus in die hel die Evangelie gepreek het aan almal wat dit hier op aarde nie gehoor het nie. Hy ag 'n verklaring (dat dit in die neerdaling gaan om die staat van die dood waarin Christus verkeer het tussen sy sterwe en opstanding om die straf te dra en ons daarvan te verlos) die meeste in ooreenstemming is met verwante uitdrukkinge in die Skrif, die waarskynlike oorsprong en sin van die woorde en met die plek wat hierdie woorde tussen die ander artikels het.

J. Moltman is van mening dat daar iets waars is in die interpretasie van die deurstaan van die helse pyn en in dié van die triomf van Christus oor die hel.

H. Berkhof ag die interpretasie van Christus se solidariteit met ons, sy oorwinning en van universaliteit juis, maar wys dié van Godverlatenheid af.

Berkouwer ag die interpretasie van die neerdaling as helse verlatenheid welig as histories onseker, maar nietemin in ooreenstemming met die Skrif.

M.H. Bolkestein gaan 'n ander rigting op en sê dat Christus se heerskappy nêrens op grense stuit nie. Daar is geen domein op of onder hierdie aarde waar Hy nie regeer nie. Selfs daar, waar geen mens mag kan uitoefen nie – in die doderyk – het Hy mag.

In 1975 verdedig die Lutherse Kerk sy siening deur te verklaar dat die dooies wat geen kans gehad het om Jesus persoonlik te ontmoet of sy boodskap te hoor nie, nog 'n geleentheid kry om Hom te ontmoet en hulle te bekeer. 1 Petrus 3:18 en verder en 4:6 is vir hulle die loci classici vir hierdie siening.

2.5 Hantering van die probleem deur verskillende Gereformeerde Kerke

In die Engelssprekende wêreld is daar in 1969 die sogenaamde Commission on English Texts (ICET) deur die hoofstroomkerke gestig om 'n gemeenskaplike bewoording van kerklike dokumente daar te stel. In 1970 het die ICET 'n aantal "ooreengekome tekste" gepubliseer waaronder die Apostolicum was. Die woorde "he descended into hell" is vervang met "he descended to the dead".

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in Oktober 1986 besluit om die vertaling "neergedaal het na die hel" weer te verander na "ter helle neergedaal" – ten einde die eintlike betekenis daarvan beter uit te druk in ooreenstemming met die historiese en Skriftuurlike gegewens.

Die Presbyterian Church in Korea het hierdie woorde reeds in 'n vroeë stadium uit die Apostolicum weggelaat uit vrees dat dit misverstaan kan word as sou dit verwys na die leer van die vagevuur van die Rooms-Katolieke Kerk.

Die Rooms-Katolieke Kerk en die Protestantse Kerke in Duitsland het hierdie artikel ook intussen verander na "neergedaal na die doderyk".

Die Sinode van die Reformed Churches of Australia het ook by sy Sinode van 1994 'n Beswaarskrif in hierdie verband ter tafel geneem. Die saak is na Studiedeputate verwys wat sy Rapport by die Sinode van 1997 gelewer het. Die Sinode het die probleem rondom die verstaan van die betrokke artikel ingesien, maar wou nie die Belydenis eensydig verander nie. Die Sinode het uiteindelik besluit om die descensus te behou, maar om die volgende voetnoot by te voeg: "by this we understand that Christ suffered the Godforsaken agony of hell on the cross". Die Sinode het ook verder besluit om die 1994-beswaar, die Rapport van 1997 en die besluite van 1997 aan die Reformed Ecumenical Council te stuur vir oorweging by sy sitting van 2000.

Die Reformed Churches of New Zealand het insgelyks ook die saak bestudeer en vier moontlikhede ondersoek om die verstaansprobleem op te los. Uiteindelik is ook gekies vir 'n nota by die betrokke reël.

In die familie van die Baptiste en Presbiteriaanse Kerke in die VSA is die neiging al hoe meer om die descensus eenvoudig weg te laat.

2.6 Die GKSA

Op die Nasionale Sinode van 1964 dien 'n Beswaarskrif oor die woorde "*en neergedaal het na die hel ...*" soos dit voorkom in die Apostoliese Geloofsbelijdenis en Geloofsbelijdenis van Atanasius. Op aanbeveling van 'n Kommissie is hierdie Beswaar nie gehandhaaf nie. Op die Nasionale Sinode van 1997 dien 'n Beswaarskrif van die Partikuliere Sinode Wes-Transvaal teen bogenoemde besluit en wel op die volgende twee gronde:

- Die Sinode (1964) erken dat die woorde "*en neergedaal het na die hel*" maklik misverstaan kan word, maar los die probleem nie bevredigend op nie.
- Die misverstand wat by baie lidmate bestaan oor die woorde "*en neergedaal het na die hel*", is Skriftuurlik en dogmaties onhoudbaar en moet daarom voorkom word.

Die Partikuliere Sinode Noord-Transvaal het op sy vergadering van 25 November 1997 besluit dat 'n hervertaling die aangewese manier is om die probleem op te los.

Besluit: Kennis geneem.

3. Skriftuurlike getuienis

3.1 Skrifgetuienis wat 'n neerdaling na die hel oënskynlik ondersteun

Moontlike ondersteuning vir die gedagte dat Christus na die hel neergedaal het, kan hoofsaaklik in vyf gedeeltes in die Skrif gevind word: Hand 2:27; Rom 10:6-7; Ef 4:8-9; 1 Pet 3:18-20 en 1 Pet 4:6.

3.1.1 Handeling 2:27

Hierdie vers vorm deel van Petrus se preek op Pinksterdag. Hy haal Ps 16:10 aan. In die 1953-vertaling lui dit: "Want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat of u Heilige Gees oorgee om verderwing te sien nie". Ook in die 1983-vertaling word die Griekse woord "*hades*" (Hebreeuse "sheool") met "*doderyk*" weergegee. Daar is vertalings, soos die KJV, wat dit hier met "*hel*" vertaal het. Beide die oorspronklike woorde kan eenvoudig "*die graf*" of "*dood*" (die toestand van dood-wees) beteken. In hierdie konteks word dit beklemtoon dat Christus se liggaam uit die graf opgestaan het in teenstelling met Dawid se liggaam wat in die graf gebly het. Petrus gebruik hierdie Psalm van Dawid om aan te toon dat Christus se liggaam nie vergaan het nie. Hierin verskil Hy totaal van Dawid wat gesterf het, begrawe is en wie se graf "by ons tot vandag toe" is.

Hierdie gedeelte oor Christus se opstanding uit die graf lewer geen oortuigende grond vir die idee dat Christus na die hel neergedaal het nie.

3.1.2 Romeine 10:6-7

In hierdie verse kom weer 'n aanhaling uit die Ou Testament (Deut 30:13) voor. Paulus vra twee retoriese vrae: “*Moenie in jou hart sê nie: Wie sal in die hemel opvaar, naamlik om Christus af te bring; of: Wie sal in die afgrond neerdaal, naamlik om Christus uit die dode op te bring?*” (1953). Die Griekse woord “*abyssos*” wat hier met “*afgrond*” en in die 1983-vertaling met “*onderaardse diepte*” vertaal is, is in die Septuaginta gebruik om te verwys na die dieptes van die see (Gen 1:2; 7:11; 8:2; Deut 8:7, ens.) maar kan waarskynlik bloot verwys na die doderyk soos in Ps 71:20. Paulus gebruik dit hier as teenstelling vir “hemel” om te dui op 'n onbereikbare plek vir die mens. Die kontras is nie “Wie sal gaan om Christus te vind in 'n plek van saligheid (die hemel) of 'n plek van straf (die hel)?” nie, maar “Wie sal gaan om Christus te vind in 'n plek van onbereikbare hoogte (hemel) of in 'n plek wat onbereikbaar diep is (die plek van die dooies)?”.

Geen saak kan uit hierdie gedeelte uitgemaak word vir Christus se sogenaamde neerdaal na die hel nie.

3.1.3 *Efesiërs 4:8-9*

Paulus skryf hier: “*Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee. Maar dit: Hy het opgevaar – wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste deel van die aarde?*” (1953). Die 1983-vertaling veronderstel dat die laaste gedeelte van vers 9 verwys na Christus se vleeswording; daarom word dit vertaal met: “*neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe*”. Die laaste woorde van vers 9 “*onderste dele van die aarde*” bevat 'n epeksegetiese genitief wat beteken: “*onderste dele, naamlik die aarde*”. Dit is verkieslik in hierdie konteks, want Paulus sê dat Christus wat na die hemel gegaan het (hemelvaart), is dieselfde Een wat vroeër van die hemel gekom het (vleeswording).

Hierdie gedeelte gaan dus oor Christus se vleeswording, nie oor 'n neerdaal na die hel nie.

3.1.4 *1 Petrus 3:18-20*

Hierdie teks het al die meeste probleme opgelewer. Petrus sê dat Christus “*gedood is na die vlees; maar lewend gemaak is na die Gees; in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God eenmaal gewag het in die dae van Noag*” (1953). Sommige verstaan die uitdrukking “*dat Hy vir die geeste in die gevangenis gepreek het*” (soos die 1983-vertaling dit ook het) so dat Christus in die hel gegaan en vir die geeste wat daar is, gepreek het. Sy preek het dan die evangelie behels wat vir hierdie geeste van ongelowiges in Noag se tyd 'n tweede geleentheid tot bekering sou bied, of 'n aankondiging van sy oorwinning oor hulle en hulle ewige verdoemenis. Hierdie interpretasie ignoreer egter nie slegs die konteks waarin dit voorkom nie, maar lewer ernstige dogmatiese probleme op. Die Bybel spreek nêrens van 'n geleentheid tot bekering na die dood nie. Voorts gee die Bybel ook nêrens die idee dat gelowiges in die Ou Testament onmiddellike heerlikheid na die dood weerhou is nie. Verskeie plekke dui inderwaarheid daarop dat Ou-Testamentiese gelowiges onmiddellik na hulle dood in God se heerlike teenwoordigheid gekom het omdat hulle sondes deur geloof in die komende Messias vergewe is (Gen 5:24; 2 Sam 12:23; Ps 16:11; 17:15; 23:6; Pred 12:7; Matt 22:31-32; Luk 16:22; Rom 4:1-8 en Heb 11:5).

Die beste verklaring van hierdie teks is eeue gelede al deur Augustinus gegee: Dit verwys nie na gebeure tussen die dood en opstanding van Christus nie, maar na dit wat Hy deur sy Gees in die tyd van Noag gedoen het. Toe Noag die ark gebou het, het Christus “in die Gees” deur Noag tot die ongelowiges rondom hom gespreek. Hierdie interpretasie word grootliks gesteun deur wat Petrus in 1 Pet 1:11 sê, naamlik dat die Gees van Christus deur die profete van die Ou Testament gespreek het. Daarbenewens noem hy Noag in 2 Pet 2:5 “die prediker van geregtigheid”. Hierdie mense tot wie Christus gepreek het, was ongelowiges in die tyd van Noag; maar Petrus noem hulle “geeste in die gevangenis” omdat hulle nou in die gevangenis van die hel is, hoewel hulle nie geeste is nie, maar persone op aarde was toe die prediking plaasgevind het.

Ook hierdie teks onderskryf nie die gedagte dat Christus na sy dood na die hel neergedaal het nie.

3.1.5 *1 Petrus 4:6*

Hierdie teks lui: “*Want daarom is ook aan die dode die evangelie verkondig, sodat hulle wel geoordeel kan word na die mens in die vlees, maar lewe na God in die gees*” (1953). As hierdie teks sou leer dat Christus na die hel neergedaal het, beteken dit dat dit ook leer dat daar na die dood 'n “tweede geleentheid” vir bekering is – in stryd met bv. Luk 16:19-31 en Heb 9:27. Hierdie teks sê nie eksplisiet dat die evangelie verkondig is aan mense na hulle dood nie. Dat dit eerder beteken dat dit gedoen is terwyl hulle geleef het, word bevestig deur die feit dat die tweede woord “daarom” terugverwys na die eindoordeel wat teen die einde van vers 5 genoem word. Dit is bedoel as 'n trooswoord aan hulle wat oor hulle medegelowiges wat reeds gesterf het, bekommerd is. Hulle wonder dalk of die evangelie

enigsins vir hulle tot nuut was, aangesien dit hulle nie van die dood gered het nie. Petrus sê dat die evangelie nie aan hulle verkondig is om hulle van die fisiese dood te red nie, maar om hulle te red van die eindoordeel. Die feit dat hulle gesterf het, is nie 'n aanduiding dat die evangelie in sy doel misluk het nie. Die "dode" is dus mense wat gesterf het en nou dood is, hoewel hulle op die aarde geleef het toe die evangelie aan hulle verkondig is. Die 1983-vertaling gee dit daarom so weer: "*Daarom is die evangelie ook verkondig aan die wat nou dood is sodat, hoewel hulle as mense onder die oordeel was om na die liggaam te sterwe, hulle na die gees sou lewe soos God lewe*".

Dit beteken dat ook hierdie teks geen oortuigende ondersteuning bied vir die gedagte dat Christus na sy dood na die hel neergedaal het.

3.2 Skrifgetuienis wat 'n neerdaling na die hel duidelik weerspreek

Benewens die feit dat daar weinig indien enige Skrifgrond vir 'n neerdaal na die hel deur Christus is, weerspreek twee van Christus se kruiswoorde die gedagte dat Hy na sy dood na die hel neergedaal het, totaal.

Jesus se woorde aan die kruis aan die rower "*Vandag sal jy saam met my in die paradys wees*" (Luk 23:43) impliseer dat, nadat Jesus gesterf het, sy gees dadelik die teenwoordigheid van sy Vader in die hemel sou betree, hoewel sy liggaam begrawe op die aarde sou agterbly.

Daarbenewens suggereer die uitroep van Jesus in Joh 19:30 "*Dit is volbring*", baie sterk dat Christus se lyding op daardie oomblik verby was, en daarmee saam ook sy vervreemding van sy Vader oor die feit dat Hy ons sonde gedra het. Dit impliseer dat Hy nie na die hel neergedaal het nie, maar dadelik na sy Vader gegaan het.

Uiteindelik as Jesus uitroep: "*Vader, in U hande gee Ek my gees oor*" (Luk 23:46), dan is dit duidelik dat Hy besef dat Hy nou gaan sterwe soos wat elke mens op aarde moet sterf. Ook hierdie deel van die straf op die sonde moet Hy nou tegemoet gaan.

Hierdie tekste wys daarop dat Christus in sy dood dieselfde beleef het as wat enige gelowige vandag nog ervaar wanneer hulle sterf: sy dooie liggaam het op die aarde gebly en is begrawe, maar sy gees het dadelik na die teenwoordigheid van die Vader in die hemel gegaan. Op die eerste dag van die week is Christus se gees en liggaam herenig en het Hy opgestaan uit die dood, net soos wat met die gelowiges by die wederkoms sal gebeur.

Vir ons as gelowiges is hierdie leer baie troosvoller as wat die leer van Christus se neerdaal na die hel ooit sou kon wees.

Besluit: Kennis geneem.

4. Gevolgtrekkings

4.1 Dit is duidelik dat vier moontlikhede oorweeg kan word:

- Die woorde "neergedaal na die hel" kan onveranderd gelaat word
- Die woorde kan vertaal word as "en Hom gevoeg by dié wat gesterf het"
- Die woorde kan vertaal word as "neergedaal na die doderyk"
- Die woorde kan verplaas word (tot voor "begrawe is")
- Dit kan in sy geheel weggelaat word

4.2 Dit is uit die Skrifgegewens duidelik dat daar geen positiewe uitspraak is ten gunste van 'n neerdaling van Christus na die hel/gehenna nie.

4.3 Daar is duidelike Skrifuitsprake wat 'n neerdaling na die hel direk weerspreek.

4.4 Dogmahistories en logies geoordeel moet voorkeur gegee word aan die vertaling "neergedaal na die doderyk/hades" wat beteken dat Christus waarlik dood was. 'n Alternatief sou wees om die gedeelte uit die Apostoliese Geloofsbelydenis asook die Geloofsbelydenis van Atanasius weg te laat, gesien die laat toevoeging, die uiteenlopende vertolking en die moontlike misverstaan daarvan.

4.5 In beide bogenoemde gevalle (by 4.4) word aan die bewoording van twee ekumeniese simbole verander of iets weggelaat en word HK, 16:44 ook geraak.

4.6 Dit is uit praktiese ervaring duidelik dat die huidige bewoording talle verstaansprobleme oplewer en deur gelowiges dikwels misverstaan word, ondanks die duidelike verklaring daarvan in HK, 16:44.

Besluit: Kennis geneem.

5. Aanbevelings

5.1 Die Sinode besluit om die woorde *descendit in inferna* in die Apostolicum en Atanasium te vertaal met "neergedaal na die doderyk" of "en Hom gevoeg by die wat gesterf het"; alternatiewelik om dit weg te laat. Aangesien beide egter ekumeniese simbole is, word hierdie vertaling/weglating nie gedoen voordat ander kerke hieroor geraadpleeg is nie, beginnende by kerke met wie die GKSA in enger korrespondensie staan.

5.2 Die Sinode besluit om die HK, 16:44 onveranderd te laat maar van 'n verduidelikende voetnoot te voorsien. Die voetnoot kan soos volg lui:

“Hierdie woorde is 'n baie laat byvoeging (einde Vierde eeu tot middel Sewende eeu) tot die Apostoliese Geloofsbelijdenis. Dit is aanvanklik ten regte so verstaan dat Christus na die doderyk/hades neergedaal het, wat 'n ander manier was om te sê dat Hy waarlik dood was. In die Middeleeue is dit egter letterlik verstaan, naamlik dat Christus na sy dood na die hel/gehenna neergedaal het om die regverdiges van die Ou Verbond te bevry. Calvyn het hierdie (onskriftuurlike) verklaring afgewys en die uitdrukking verstaan as die helse smarte en Godverlatenheid van Christus aan die kruis. Hierby sluit die HK, 16:44 aan.”

Besluit: Die aanbevelings word terugverwys na die Kommissie om 'n ander weergawe van die bedoeling van die betrokke belydenisfrase te formuleer in ooreenstemming met die HK, Sondag 16, vraag 44.

E. KOMMISSIERAPPORT

1. Opdrag

Om die Sinode te heradviseer oor die herbewoording van die frase “en neergedaal het na die hel” in lyn met HK, 16:44.

Besluit: Kennis geneem.

2. Bevinding

Die Kommissie wil die volgende by die bevindinge voeg.

2.1 4.4.3 : Die Kommissie het nog ander moontlike frases probeer vind in die plek van “en neergedaal het na die hel”. Die volgende frase word ook in u midde gelê, nl.: **en so helle-foltering op aarde gely het**”.

2.1.1 “**Foltering**” gee baie dieper die smart en geestespyne weer wat Christus gely het.

2.1.2 Met die byvoeging “op aarde” word duidelik gestel dat Christus die foltering deur sy lewe op aarde gely het.

Besluit: Kennis geneem.

3. Aanbeveling

3.1 Die frase in die Apostolicum “en neergedaal het na die hel” en ook die frase in Atanasius “na die hel neergedaal het”, kan nie so behou word nie.

Besluit: Nie goedgekeur nie.

3.2 Die volgende bewoording word as interim reëling aanvaar: **“en so helle-foltering op aarde gely het”**.

Besluit: Nie goedgekeur nie.

3.3 Dit word aan die vryheid van die kerke oorgelaat om hierdie veranderde frase te gebruik.

Besluit: Nie goedgekeur nie.

3.4 Die Deputate Leerstellige Sake ontvang opdrag om in die lig van die Studie- en Kommissierapport poog om in lyn met HK, 16:44 die volgende Sinode van 'n gemotiveerde bewoording te bedien en 'n studie te maak van die frase in Atanasius (pt.3.1) en die volgende Sinode daarvoor te adviseer.

Besluit: Goedgekeur.

3.5 Die Studiedeputate, lê in samewerking met die Deputate Ekumenisiteit, bogenoemde besluit met sy relevante Rapporte, vgl. pt.5:1-2, vir kommentaar voor aan alle ter sake Gereformeerde kerke en adviseer die volgende Sinode hieroor.

Besluit: Goedgekeur.

21.4 BESKRYWINGSPUNT VAN KLASSIS GRIEKWALAND-WES OOR DOOP VAN KINDERS VAN ENKELOUERS (Artt.21, 129)

A. Dr. A.H. Bogaards stel die Beskrywingspunt.

B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie Leerstellig 3.

C. Ds. J.A. Schutte stel die Kommissierapport.

D. BESKRYWINGSPUNT

Bediening van die doop aan 'n kind van 'n gelowige enkelouer

Hierdie Beskrywingspunt raak die volgende situasie:

- Die Sewende gebod is oortree
- 'n Kind is buite die eg verwek
- Een van die ouers is 'n lidmaat van die kerk in volle regte (hoewel die enkelouer wat die kind ten doop wil bring, normaalweg die moeder sal wees, is die Beskrywingspunt ook op die vader van toepassing)
- Daar word nie 'n huwelik in vooruitsig gestel voor die voorgenome doopbediening nie
- Die betrokke ouer begeer dat die kind gedoop word

Die volgende sake het in die studie aandag gekry:

- Is so 'n kind 'n verbondskind wat gedoop moet word?
- Is die gelowige enkelouer verbondsouer wat sy/haar kind ten doop kan bring?
- Daarby moet die etiese vraag betrek word: Bestaan egte berou in hierdie geval altyd daarin dat die vrou met die vader van die kind sal trou?

Hiermee word (op grond van die studie hieronder uiteengesit) aanbeveel dat 'n kerkraad kan toelaat dat die doop kragtens God se genadeverbond aan 'n kind van 'n gelowige enkelouer (wat 'n lid van die kerk in volle regte is) bedien mag word, met dien verstande dat:

1. Elke geval individueel op meriete beoordeel word
2. Die kerkraad homself daarvan moet vergewis dat elke lid van die kerk wat 'n kind ten doop bring – ook die enkelouer - daartoe in staat is om opreg “Ja” te antwoord op die vrae wat in die Formulier gestel word
3. Die kind in die sorg van die betrokke enkelouer is wat ook vir die verbondsoopvoeding van die kind kan sorg
4. Die kerklike tug bedien is
5. Die doel van die kerklike tug bereik is, naamlik dat die betrokke ouer berou betuig en na die oordeel van die kerkraad *genoegsame tekens van boetvaardigheid* toon
6. Dit nie noodsaaklik is dat die betrokke enkelouer in die huwelik tree nie, mits die rede(s) daarvoor bespreek en in die lig van die Skrif beoordeel is
7. Die betrokke enkelouer die kind ook alleen ten doop kan bring.

Motivering

1. Kerkrade ondervind 'n toenemende vraag na die doop van kinders van enkelouers, mede as gevolg daarvan dat die huwelik as instelling van God tans nie in ere gehou word nie en buitehuwelikse geslagsgemeenskap in die samelewing aanvaar word – tendense waarmee die kerk van Christus homself nie kan vereenselwig nie.
2. Die verbond en verwante begrippe word nie eenduidig geïnterpreteer nie, wat daartoe lei dat daar 'n gebrek aan eenvormigheid is in die hantering van die onderhawige saak.
3. In die geval van die doop van aangenome kinders het die Nasionale Sinode van 1970 'n besluit geneem wat eenvormigheid gedien het. Dat dit ook in die onderhawige saak noodsaaklik is, spreek vanself.

Studie wat gedoen is om Beskrywingspunt te motiveer

1. Inleiding

Wanneer die kerk van die Here besin oor die reg van iemand om die teken van die verbond te ontvang, al dan nie, is sy verantwoordelikheid groot. Ook in hierdie saak moet ons die kenmerke van die ware kerk toon:

- Die suiwer bediening van die Woord
- Die suiwer bediening van die sakramente soos Christus dit ingestel het
- Die suiwer bediening van die kerklike tug.

Wanneer die vraag beantwoord word of die kind van 'n enkelouer gedoop moet word, is al drie die kenmerke van die ware kerk ter sprake. Die Woord van God moet ons rigsoer wees wanneer ons poog om te bepaal of die sakrament (van die doop) in die onderhawige geval bedien kan word, al dan nie. In die hele proses is die suiwer bediening van die kerklike tug ook aan die orde, omdat hier sprake is van oortreding van die Sewende gebod.

Hier mag die kerk nooit 'n eiewillige weg inslaan nie. In finale instansie sal die kerk wat eiewillig handel, vind dat hy onder die vaandel van die valse kerk vaar wat, aldus (*NGB, art. 29*) so gekarakteriseer word:

Dit skryf aan homself en sy besluite meer mag en gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie, maar neem weg en voeg by na goeddunke; dit vertrou meer op mense as op Christus, dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe ...

2. Die Verbondsbeskouing ten grondslag van hierdie Beskrywingspunt

Ons lees in die Bybel van vele soorte verbonde.

Die Here praat van sy verbond met die dag en die nag (Jer 33:25).

Daar bestaan 'n verbond tussen die vriende, Dawid en Jonatan (1 Sam 18:3); tussen Jakob en sy skoonvader Laban (Gen 31:44, 1953); tussen die koning, Abimeleg, en die vreemdeling, Abraham (Gen 21:32). In hierdie gevalle is die verbond gesluit tussen twee **gelyke partye**. Ons sou hierdie soort verbond kon vertaal as 'n "kontrak". Kenmerkend aan 'n kontrak is dat twee gelyke partye 'n wilsooreenkoms met mekaar sluit.

Daar is ook 'n verbond tussen **ongelyke partye**. In *Eseg 17:13* lees ons van die koning van Babel, Nebukadnesar, wat Jerusalem verslaan en dan as "soeserein" (groot-koning) Sedekia uit die koninklike familie in Jerusalem aanstel as "vasal" (onderkoning). Die Here beskou Sedekia se oortreding van hierdie verbond deur by Egipte hulp te soek in sy opstand teen Nebukadnesar in só 'n ernstige lig, dat Hy die doodvonnis oor hom vel (*Eseg 17:16*), omdat dit God se eed is wat Sedekia geminag en sy verbond is wat hy verbreek het (*Eseg 17:19*).

Neem 'n mens nou God se genadeverbond met sy volk onder die loep, ontstaan die vraag: Is die genadeverbond 'n voorbeeld van 'n kontrak tussen twee gelyke partye, of is dit 'n voorbeeld van 'n staatsverdrag tussen 'n "soeserein" en sy "vasal"? Die standpunt van hierdie Rapport is dat God se genadeverbond met ons 'n voorbeeld is van die staatsverdrag tussen 'n "soeserein" en sy "vasal" (Strauss, 1983:3).

Hierdie standpunt word nie eenduidig deur alle Gereformeerde gelowiges onderskryf nie. Volgens d'Assonville (1981:51) het die destydse nuwe vertaling van die Doopsformulier wat deur die drie Afrikaanse kerke aanvaar is, na sy mening, verkeerdelik "dele" met "kante" (dus partye) vertaal. Hy sê dat hierdie vertaling "*spruit uit die opvatting dat dele nie meer gesien is as dele van die verbond nie, naamlik belofte en verpligting nie, maar as partye. Die een party is dan God en die ander party die mens*". Volgens só 'n beskouing is die genadeverbond 'n verbond tussen twee gelyke partye: God en die mens.

Hierdie standpunt is, aldus d'Assonville (1981:52), terug te voer na "'n sinsnede in die ou onverkorte Doopsformulier van 1566 waar gepraat word van die "twee dele" wat "zich met malkanderen verbind, zoo belooven wij ook Gode ... ens."

Gesien die duidelikheid van die uiteensetting, word d'Assonville se verdere bespreking (1981:52) van die 1578-korreksie hierop, volledig aangehaal:

"Gaan lees ons egter weer die oorspronklike Verkorte Formulier van 1578, dan sien ons dat daar nogal 'n veelseggende wysiging plaasgevind het: ten eerste word daar nie meer gepraat van wat ons aan God belof nie en ten tweede is die tydsvorm van die aktiewe na die passiewe verander. M.a.w. die aktiewe 'beloof dat' is verander in 'n passiewe vermaan en verplig word. Deur hierdie verandering het die manne van die Reformasie die monopleuriese (= eensydige) karakter van die verbond gehandhaaf. Hier is geen sprake en geen moontlikheid van 'n gedagte dat twee partye met mekaar 'n verbond opgerig het nie, maar dit is God ALLEEN wat dit oprig en dit is God alleen wat die grondslag vasstel en die hele verdere verloop en huishouding van hierdie verbond reël.

"God belof nie alleen nie, maar Hy bepaal ook die voorwaardes en verpligtinge wat die verbondskind moet nakom.

"Hy verplig Homself en ons.

“As die Doopsformulier dan praat van die twee dele van die verbond, sien dit op die belofte en die verpligting.

“God gee die belofte en God vra die verpligting.

“Inderdaad: die verbond bestaan nie slegs uit een deel nie; nie slegs belofte nie, maar ook verpligting.”

Die Here sluit sy **genadeverbond** met Abraham en sy nageslag (Israel). Die een deel van hierdie genadeverbond is **beloftes** wat die Here maak; die ander deel dat Hy ook aan Israel bepaalde **eise/verpligtinge** stel. Israel se gehoorsame uitvoering van die Here se verbondseise, al dan nie, het bepaalde **konsekwensies**, wat óf **seën**, óf **tugtiging** is.

Deut 4:25 – 31 werp lig op die aard van die verbond.

Op die vooraand van Israel se intog in die beloofde land waarsku die Here sy volk by monde van Moses dat hulle nie die **Tweede gebod** moet **oortree**, deur afgodsbeelde te maak nie. Hulle **ongehoorsaamheid** sal **konsekwensies** hê:

Deut 4:26 – 28 - later sou dit die ballingskap wees.

Die Here maak weer ’n **belofte** aan sy volk. Indien hulle daar in ballingskap tot inkeer kom, die Here hulle God *in onverdeelde trou* aanroep, *terugkom* na die Here en sy *Woord gehoorsaam*, sal Hy hulle *nie in die steek laat of om die lewe bring nie*.

Waarom nie?

Deut 4:31e: Hy sal nie die verbond vergeet wat Hy met ’n eed aan julle voorvaders bevestig het nie.

- Hier vind ons bepaalde kenmerke van die genadeverbond van God met ons:
- Verbondsbeloftes – op die vooraand van intog in beloofde land
- Verbondseise – gehoorsaamheid aan die gebooe van die Here; spesifiek die Tweede gebod
- Konsekwensies – ongehoorsaamheid lei tot tugtiging – ballingskap

Daar is verbondsherstel moontlik: berou en bekering

Hierdie Beskrywingspunt gaan daarvan uit dat die enkelouer hom/haar skuldig gemaak het aan **oortreding** van die **Sewende gebod**. Solank as wat hy/sy in onberoulikheid volhard, so lank word die kerklike tug aan die oortreder bedien. Dit sluit in dat hulle *van die sakramente van die Here afgehou word (KO, art. 76)* – dus doop en Nagmaal.

Indien daar egter na die oordeel van die kerkraad *genoegsame tekens van boetvaardigheid is (KO, art. 75)*, is **verbondsherstel** aan die orde. Dan mag die lidmaat nie verder van die sakramente van die Here afgehou word nie.

Die veronderstelling waarvan die hele Beskrywingspunt uitgaan, is dat daar van die kant van die sondaar **berou betuig en boetvaardigheid** oor die sonde **betoon** is. **Indien** dit **nie** die geval is nie, is daar **hoegenaamd geen moontlikheid** dat só ’n ouer hierdie – **of enige ander** - kind ten doop kan bring nie – **of Nagmaal kan gebruik nie**.

3. Die huwelik as instelling van God

Die eerste huwelik is in die paradys gesluit. In die oë van die Here was alles wat Hy geskep het, baie goed (Gen 1:31). Sy oordeel is egter dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie (Gen 2:18). Hy besluit daarom: *Ek sal iemand maak wat hom kan help, sy gelyke (1983) / Ek sal vir hom ’n hulp maak wat by hom pas (Gen 2:18/1953)*.

Hy bou toe die vrou uit die ribbebeen van die man en bring haar na Adam toe. Adam se reaksie daarop is: *Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem. Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees (Gen 2:23 – 24/1953)*.

Jesus Christus moes by geleentheid ’n vraag van die Fariseërs wat hom op die proef wou stel wat oor egskeiding gehandel het, beantwoord. In sy antwoord verwys Hy in die eerste plek na die Goddelike instelling van die huwelik in die paradys. Hy haal Gen 1:27 aan as Hy sê: *“Het julle nie gelees dat*

die Skepper hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie.” Daarby het Hy gesê: “Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees” Hulle is dus nie meer twee nie, maar een. Wat God dan saamgevoeg het, mag ’n mens nie skei nie”.

Jesus se reaksie op hulle beswaar op sy antwoord is hier ook ter sake: *“Dit is oor die hardheid van julle harte dat Moses julle toegelaat het om van julle vrouens te skei, maar dit was nie van die begin af so nie”.*

Die Here Jesus sê hiermee duidelik dat die huwelik as instelling van God ’n lewenslange monogame verbintenis is.

Dit is die wil van God dat kinders uit hierdie monogame huweliksverbintenis gebore moet word.

4. Die huwelik na die sondeval

Moses het, aldus Jesus, *vanweë die hardheid van die mens se hart* die mans van Israel toegelaat om van hulle vrouens te skei. Die sondeval het inderdaad die mens se hart verhard, sodat hy nie bereid is om ooreenkomstig God se wil te leef nie - ook nie volgens sy wil vir die huwelik nie. Die mens het hom nie net deur egskeiding nie, maar ook deur ander handelinge vergryp aan die huwelik as monogame instelling van God.

Bybelse voorbeelde van sodanige vergrype weens die hardheid van die menslike hart sluit in: Dawid se owerspel met Batseba; Tamar en haar skoonvader, Juda se seksuele omgang; Abram wat sy vrou Sarai se slavin, Hagar op Sarai se versoek vir hom as vrou neem en vele ander voorbeelde van poligamie.

Die enkelouer wat hom- of haarself skuldig gemaak het aan oortreding van die Sewende gebod is ’n hedendaagse voorbeeld van ’n menslike vergryp teen die huwelik as monogame instelling van God.

5. God sien die sondaar in genade aan

God, die Almagtige staan nooit magteloos nie – ook nie voor ’n harde menslike hart nie. Hy beloof immers sy volk by monde van sy profeet, Esegïël: *Ek sal hulle ’n ander hart gee en ’n nuwe gees onder hulle laat posvat, Ek sal die kliphart uit hulle liggaam verwyder en hulle ’n hart van vleis gee (Eseg 11:19).*

Dat sy genade ook seëvier oor die kliphart van diegene wat hulle aan die huwelik as monogame instelling van God vergryp, blyk uit sy Woord. Weliswaar het die Here die kind wat gebore is uit Dawid en Batseba se owerspel, laat sterf. Tog lees ons in Jesus se geslagsregister, opgeteken in *Matt 1:6b: Dawid was die vader van Salomo by die vrou van Urija. In Matt 1:3 lees ons: Juda was die vader van Peres en Serag by Tamar, Peres van Gesron...* Ten spyte van vergrype aan die huwelik as monogame instelling van God, handhaaf die Here God die lyn van sy genadeverbond in hierdie gevalle.

Abram, Hagar en hul seun Ismael verdien verdere aandag, aangesien hier ook oor die besnydenis as teken van die verbond gehandel word. Duidelik sê die Here vir Abraham dat Hy nie sy verbond met Ismael sal nakom nie, maar wél met Isak, die seun van sy belofte: *Ek sal my verbond met hom (Isak) hou as ’n blywende verbond, en ook met sy nageslag... Maar dit is met Isak, die seun wat Sara vir jou oor ’n jaar in die wêreld sal bring, dat Ek my verbond sal nakom (Gen 17:19 en 21).*

Desnieteenstaande gaan Abraham daartoe oor om sy seun Ismael te besny. Die grootste gedeelte van die weergawe daarvan word ook hier weergegee, omdat dit vanself spreek. *Op daardie selfde dag het Abraham sy seun Ismael gevat en al die slawe ... en hy het hulle besny, soos God vir hom gesê het. Abraham was nege en negentig toe hy besny is, en sy seun Ismael dertien. Abraham en Ismael is op presies dieselfde dag besny. Al die mans in Abraham se huis... is saam met hom besny (Gen 17:23 – 27).*

6. Die nalaat van die ontvangs van die verbondsteken

Daar kan nie willekeurig besluit word wie die teken van die verbond mag ontvang en wie nie. Die ontvangs daarvan moet ooreenkomstig God se wil plaasvind. Sy oordeel by nalatigheid in hierdie verband vind ons opgeteken:

Gen 17:14 Elke lid van die manlike geslag wat nie besny is nie, moet van sy volksgenote afgesny word. Hy het my verbond verbreek.

Op pad na Egipte voordat hy die volk daar op bevel van God sou uitlei, het Moses en sy gesin ontdek watter prys die Here op die ontvangs van die teken van die verbond stel. Ons lees in *Eks 4:24–26:*

Waar Moses-hulle langs die pad oornag het, het die Here by hom gekom en wou Hy vir Moses doodmaak. Sippora vat toe 'n klipmes, sny haar seun se voorhuid af, raak daarmee aan Moses se voete en sê: "Jy is nou my bloedbruidegom wat deur bloed beskerm word."

7. Dogmatiese beginsels

7.1 Inleiding

Twee loci in die Dogmatiek kom ter sprake:

7.1.1 die **Verbond** en

7.1.2 die **Sakramente** en dan met name die **Doop**.

7.2 Verbond

7.2.1 Nie elke punt oor die verbond hoef bespreek te word nie. Alleen **die vraag** moet beantwoord word *wie tot die verbond behoort en - meer toegespits - of ook die kind van 'n enkelverbondsouer deel is van die verbondsvolk.*

7.2.2 Dogmatici (Velema & Van Genderen, 1992:513) wys daarop dat dit uit Gen 17 sowel as die later verbondsgeskiedenis blyk dat die verbond voortgaan in die geslagte. God is die God van *die gelowiges en hulle kinders*. God is die God van Abraham en sy hele huis. (Hier kan terloops opgemerk word dat in die geval van Abraham met *huis* veel meer bedoel word as net die wat deur 'n bloedband aan hom verbonde was. Ook sy slawe is immers besny.)

Dit geld ook vir die Nuwe Verbond: God het sy verbond opgerig met *die gelowiges en hulle kinders*. Die Skrifbewys hiervoor is Hand 2:39, waarin die woorde van Gen 17 terugkeer (Velema & Van Genderen, 1992:513).

7.2.3 Hier moet ook verwys word na die **Doopsformulier**.

In die deel oor die verlossing word gesê dat as ons in die Naam van die Vader gedoop word, die Vader daarmee betuig en verseël dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig en ons tot sy kinders en erfgename aanneem.

In die deel oor die kinderdoop word, met verwysing na Gen 17:7 en Hand 2:39, gesê dat die kinders van verbondsouers nie van die doop uitgesluit mag word nie. Hulle moet as erfgename van die ryk van God en van sy verbond gedoop word.

In die inleiding op die Doopsvrae word gestel dat die doop 'n instelling is van God om aan ons en ons kinders sy verbond te verseël.

Ook die Doopsformulier leer dus: God het sy verbond opgerig met *die gelowiges en hulle kinders*.

Ook in die Doopsformulier duik die woord *heilig* op.

In die eerste Doopvraag word naamlik aan die verbondsouers gevra: Bely u nogtans dat hulle *in Christus geheilig* is en daarom as lidmate van sy gemeente behoort gedoop te wees?

Wanneer dit as absolute voorwaarde gestel word dat kinders alleen verbondkinders kan wees as daar 'n hoof (man) is, word 'n mens voorwaarde vir kinders se deel hê al dan nie aan die verbond. Daarenteen sê die Doopsformulier dat die kinders "in Christus" geheilig (dus ingeskakel in die verbond, deelgenote van die verbondsbeloftes gemaak) is.

7.2.4 Die Belydenisskrifte

Die *Heidelbergse Kategismus* (27:74) verklaar in ewe duidelike taal dat die jong kinders net soos die volwassenes in die verbond van God ingesluit is. Dit ly geen twyfel nie dat dit hier gaan om kinders van gelowiges. Immers, die kinders wat ter sprake is, moet juis deur die doop van die kinders van die ongelowiges onderskei word.

Die *NGB* praat dieselfde taal wanneer dit in *art. 34* bely: *Ons glo daarenteen dat ons hulle behoort te doop en met die teken van die verbond te beseël, net soos die kindertjies in Israel kragtens dieselfde belofte besny is as wat aan ons kinders gemaak is.* Uit die voorafgaande sin is dit baie duidelik dat daardie "hulle" die gelowiges se kindertjies is.

7.3 Doop

7.3.1 Weereens hoef nie alles oor die doop ter sprake te kom nie. Alleen die vraag *of ook die kind van 'n enkelverbondsouer gedoop mag word*, moet beantwoord word.

7.3.2 Die vraagstuk hier hang ten nouste saam met die voorafgaande. Indien *die kind van 'n enkelverbondsouer* 'n verbondskind is, moet die kind ook gedoop word. Die doop is immers

teken en seël van God se verbond. Daar is die allernouste verband tussen verbond en doop. Dit sal uit die vervolg duidelik wees.

7.3.3 'n Teks wat van direkte belang is vir die vraagstuk van die posisie van *die kinders van enkelverbondsuers* is 1 Kor 7:14. Kinders word *heilig* genoem ook al is slegs een van die ouers (man of vrou) 'n gelowige.

Hierdie vers handel oor die huwelik, MAAR in die woord “heilig” kom ook die verbond ter sprake. *Heilig is 'n verbondswoord, 'n verbondsbegrip* dit word deur die voorste eksegete en dogmatici erken: Calvyn, Floor, Bavinck, Jager, ens.

Wanneer Calvyn dit het oor die reg van die kinderdoop, kom hy ook by 1 Kor 7:14 uit (Institusie, 4.16.6). Op daardie plek lê Calvyn 'n baie duidelike **verband tussen verbond en doop** en tussen Abraham/die Jode se nageslag/kinders en die kinders van Christene. Hy wys daarop dat die Jode se kinders 'n *heilige geslag* genoem word, omdat hulle erfgename van die verbond genoem word en van die kinders van goddelose mense onderskei word. En om dieselfde rede, verklaar Calvyn uit 1 Kor 7:14, word kinders van Christene nou ook heilig geag, *selfs al is hulle uit ouers gebore waarvan slegs een 'n gelowige is* (kursivering deur A.H.B.). Calvyn lê daarop die verband tussen verbond en doop deur te verklaar: Aangesien die Here dadelik, nadat Hy die verbond met Abraham gesluit het, beveel het dat dit aan kindertjies met 'n uiterlike seremonie beseël moet word, watter rede sou Christene dan aanvoer om nie vandag dieselfde verbond aan hulle kinders te betuig en beseël nie?

Velema en Van Genderen (1992:514) stem met Calvyn se verklaring van 1 Kor 7:14 (Institusie, 4.16.6) in dat sulke kinders erfgename van die verbond is. Hulle is dus verbondskinders. Ook Bavinck (1946:24-25) is van oordeel dat met die woord *heilig* in 1 Kor 7:14 bedoel word: wat tot die verbond behoort, wat met God in besondere verhouding geplaas is.

Floor (1983:93; kyk ook Jager, 1977:119) lê die woord *heilig* eweneens so uit. Volgens Floor (1982:27) het die woord “*heilig*” twee aspekte:

- 'n belofte
- 'n eis: afkeer van die wêreld en 'n breek met die sonde –

Volgens hom (1982:27) beteken “*heilig*” nie noodwendig “*gelowig*” nie, “*maar dit dui op kinders wat saam met hulle ouers onder die genaderyke heerskappy van God lewe*”.

Dit gaan hier om die kinders gebore uit 'n huwelik tussen 'n gelowige en 'n ongelowige. Die feit dat die een ouer gelowig is, maak dat sy kind 'n “*kinderposisie*” beklee en ook nodig het “*'n kinderhart, 'n hart wat deur die Heilige Gees vernuwe is*” (Floor 1982:28). Dit moet *beklemtoon word*: Wie opgeneem (geheilg) is in die verbond, *moet ook heilig word in die weg van geloof en bekering*. Al is ons geheilig (dus opgeneem in die verbond), ons kry nie outomaties deel aan God se beloftes in Christus nie, MAAR langs die weg van (deur) geloof en bekering. Deur die geloof kry ons deel aan Christus en dan word ons geheilig deur sy bloed en Gees

Hierdie teks word dus algemeen deur Gereformeerdes gebruik om die Gereformeerde doopsbeskouing (leer van die Kinderdoop) en verbondsbekouing (dat gelowige ouers EN hulle kinders tot die verbond behoort) te begrond en te verdedig. Kyk ons Belydenis DL 1.17.

Hoewel Nuwe Testamentici (Floor 1983:94; Versteeg 1983:133) erken dat dit in 1 Kor 7:14 nie oor die doop gaan nie, neem dit nie weg nie dat ons hier deeglike gronde vind vir die Kinderdoop. Hier (in die woord *heilig*) word immers geleer dat die kinders van gelowiges verbondskinders is. Daarom verklaar Versteeg (1983:133) dat soos die geheilig wees in die Ou-Testamentiese bedeling 'n uitdrukkingsvorm gekry het in die besnydenis, so mag dit in die Nuwe-Testamentiese bedeling die geval wees in die doop.

7.3.4 In Hand 16:15 word daarvan gewag gemaak dat Lidia, die purperverkoopster en haar hele huis gedoop is en in vers 33 staan daar dat die tronkbewaarder van Filippi *onmiddellik gedoop [is], hy en al sy mense*.

7.3.5 Die Doopsformulier sê in die deel oor die verlossing dat as ons in die Naam van die Vader *gedoop* word, die Vader daarmee betuig en verseël dat Hy 'n ewige *genadeverbond* met ons oprig.

Die Doopsformulier noem die *doop* in die deel oor die dankbaarheid 'n seël en ontwyfelbare getuienis dat ons 'n ewige *verbond* met God het.

In die deel oor die Kinderdoop word (met verwysing na Gen 17:7 en Hand 2:39) gesê dat die kinders van verbondsouers nie van die doop uitgesluit mag word nie. Hulle moet as erfgename van die ryk van God en van sy *verbond gedoop* word.

In die inleiding op die Doopsvrae word gestel dat die *doop* 'n instelling is van God om aan ons en ons kinders sy *verbond* te verseël.

7.3.6 Die Belydenisskrifte

Die Heidelbergse Kategismus (27:74) lê net soos Calvyn en die Doopsformulier die verband tussen verbond en doop (vgl. HK 27:74 waar die doop teken van die verbond genoem word) en grond die noodsaak daarvan dat kinders van gelowiges gedoop moet word daarin dat hulle in die verbond van God ingesluit is.

Net so die NGB, art. 34, waar dit sê: Ons glo daarenteen dat ons hulle behoort te *doop* en met die teken van die *verbond* te beseël, net soos die kindertjies in Israel kragtens dieselfde belofte besny is as wat aan ons kinders gemaak is.

Nou kom die vraag aan die orde:

Wat van die kind van 'n gelowige enkelouer?

Kan 'n enkelouer gelowig wees? Die feit dat hy enkelouer is, staan in die teken van die sonde. Tog is daar, danksy God se genade en die plaasvervangende lyding en sterwe van Christus, verlossing uit die sonde. Ook aan die gelowige enkelouer moet die kerklike tug bedien word. Indien die kerklike tug sy doel bereik het en daar "*genoegsame tekens van boetvaardigheid*" (KO, art. 75) is, beklee hierdie gelowige 'n volwaardige plek in die gemeente van Christus en het hierdie gelowige ook die verantwoordelikheid (en die reg!) om sy/haar kind ten doop te bring, omdat ook hierdie kind by die genadeverbond van God ingesluit is.

7.4 Gevolgtrekking

7.4.1 Die gelowiges en hulle kinders behoort tot die verbond.

7.4.2 Daar is die nouste verband tussen verbond en doop: die doop is teken en seël van die verbond. Wie tot die verbond behoort, moet ook die teken van die verbond ontvang.

7.4.3 Uit 1 Kor 7:14 is dit duidelik dat 'n kind aan die verbond behoort (en dus gedoop moet word) al is slegs een van die ouers gelowig.

7.4.4 Ook die kind van die gelowige enkelouerkind behoort tot die verbond. Die oortreding van die Sewende gebod – soos ook elk van die ander nege gebooue – hef nie God se ewige genadeverbond op nie.

7.4.5 Die man kan nooit voorwaarde wees waarom 'n kind in die verbond ingelyf word nie. Christus is die enigste voorwaarde. Die kinders is in Hom geheilig.

8. Kerkregtelike beginsels

8.1 Inleiding

Verskillende artikels van die Kerkorde kom ter sprake, naamlik dié oor die doop (56, 57), die tug (75, 76) en die huwelik (70).

8.2 Doop

8.2.1 Twee artikels kom ter sprake naamlik 56 en 57:

Art. 56: *Die verbond van God moet so spoedig moontlik aan die kinders van die Christene in die erediens met die Heilige Doop beseël word volgens die Formulier wat daarvoor vasgestel is.*

Die feit dat die seuntjie van agt dae oud onder die ou verbond die besnydenis moes ontvang, dien as grond vir die vertolking van hierdie artikel dat daar geen versuim mag wees om die verbond van God te verseël na die geboorte nie en versuim is as minagting van God se sakrament beskou (Van der Linde 1983:195).

Ook in hierdie artikel word die nouste verband tussen verbond en doop gelê: die verbond van God word met die Heilige Doop beseël.

Daar word ook gesê *wie* gedoop moet word: die kinders van die Christene.

Art. 57: *Die bedienaars van die Woord moet toesien dat die vader, moeder of voogde die doop vir hulle kinders aanvra.*

8.2.2 Die vraag is weereens (soos by die dogmatiese beginsels): Is die buite-egtelike kind ook 'n verbondskind ("kind van 'n Christen", om die taal van art. 56 te gebruik) of nie? Indien wél,

mag daar nie met die bediening van die doop gesloer word nie (art. 56) en moet die predikant toesien dat die moeder (of die vader) die doop aanvra (art. 57).

Van der Linde (1983:193) wys daarop dat wanneer 'n kind buite die eg gebore is, die berouvolle moeder wel die kind ten doop kan hou as sy “'n lid van die kerk in volle regte” is. Indien sy egter verhard is, kan die grootouers of ander lidmate in volle regte die kind laat doop, op voorwaarde dat hulle kan sorg vir die verbondopvoeding van die kind.

Die kerklike tug is duidelik implisiet in hierdie uiteensetting teenwoordig. Spoelstra (1989:316) verwys eksplisiet daarna en stel onder andere dat as die moeder self die kind wil opvoed, die aangeleentheid van sonde en berou liefs voor die geboorte aandag moet kry, sodat die kind in versoende omstandighede in die Here ontvang en gedoop kan word.

Jansen (1952:247) stel die vraag of kinders wat buite die eg gebore is, gedoop kan word wanneer die moeder 'n lid van 'n Gereformeerde Kerk is en die vader onbekend, of vermoedelik 'n onverskillige of 'n heiden is. Sy antwoord: “Wanneer de moeder belijdend lid is en na ernstige vermaning tot berouw komt, ja! De moeder kan dan zelf, na schuldbelijdenis, het kind laten dopen en de doopvragen beantwoorden.” Bouwman (1970:278) sê dat die Gereformeerde teoloë, sowel as kerklike vergaderinge, met die uitsondering van die Skotse kerke, eenparig oordeel dat kinders wat buite die eg gebore is, gedoop moet word, mits die ouers berou betoon of dat so 'n kind deur getuies ten doop gebring word.

8.3 Tug

Art. 75: *Die versoening oor alle sondes wat uit hulle aard of deur veragting van die kerklike vermaninge openbaar geword het, moet, as daar genoegsame tekens van boetvaardigheid is, in so 'n vorm en op so 'n wyse plaasvind soos elke kerkraad dit vir die stigting van die kerk nodig oordeel...*

Wat vir hierdie studie van belang is, is die woorde “*as daar genoegsame tekens van boetvaardigheid is*”.

Die uitgangspunt van hierdie artikel is dat die tug sy doel bereik het en dat die sondaar sy skuld bely, sy berou betuig en hom van die verkeerde weg bekeer (solank hy dit nie doen nie, word die bediening van die kerklike tug voortgesit).

Die kerkraad ken nie die hart van die sondaar nie en is in sy oordeel oor die boetvaardigheid van die sondaar aangewese op uitwendige tekens daarvan, naamlik beroubetuiging en bekering. Ten einde so goed moontlik “*die gevaar van valsheid of onopregtheid en oppervlakkigheid by die sondaar*”, sowel as die gevaar van 'n maklike terugval in die sonde te voorkom, kan 'n proeftydperk vasgestel word (Van der Linde, 1983:239).

Betreffende die berou en bekering van die sondaar kan die vraag in die onderhawige geval ontstaan: Kan daar van die betrokkenes verwag word om as blyk van hulle bekering met mekaar in die huwelik te tree? Die kerkregtelike bronne wat geraadpleeg is, behandel nie hierdie vraagstuk nie. Dit kom onder 6.9.4 en 6.10 aan die orde.

Art. 76 spreek vanself: *Diegene wat hardnekkig die vermaning van die kerkraad verwerp en ook die wat 'n openbare of anders growwe sonde gedoen het, moet van die sakramente van die Here afgehou word.*

8.4 Huwelik

Art. 70 lui: *Kerkrade moet toesien dat die huwelik as heilige verbintenis in die Here aangeaan word volgens die Formulier wat daarvoor vasgestel is.*

Daar moet 'n indringende gesprek met die enkel- voorgenome doopouer oor die huwelik en die beweegredes vir die feit dat hy/sy nie in die huwelik wil tree nie. Hierdie beweegredes moet in die lig van die Skrif beoordeel word.

Daar moet egter op gewys word dat hierdie artikel in die gedrang kom as 'n enkelouer gedwing word om 'n huwelik wat nie in die Here is nie, aan te gaan.

8.5 Gevolgtrekking

8.5.1 Net soos die Belydenis en die Doopsformulier lê die Kerkorde die nouste verband tussen verbond en doop.

8.5.2 Daar word ook gesê *wie* gedoop moet word: die kinders van die Christene.

8.5.3 Indien die betrokke enkelouer n berouvolle lid van die kerk in volle regte is, is daar geen kerkregtelike beletsel teen die doop van sy/haar kind nie.

9. Etiese beginsels

9.1 Die etiese vraag of egte berou in hierdie geval altyd daarin bestaan dat die vrou met die vader van die kind sal trou, moet hier aandag kry.

9.2 Die Skrif

Deut 22:28,29 sê: As 'n man 'n dogter, 'n jongmeisie, kry wat nie verloof is nie, en haar aangryp en met haar gemeenskap het, en hulle word betrap, dan moet die man wat met haar gemeenskap gehad het, die vader van die dogter vyftig sikkels silwer gee; en sy moet sy vrou wees, omdat hy haar oenteer het; hy mag haar nie verstoot solank as hy lewe nie.

Uit Eks 22:16, 17 blyk dit egter dat gemeenskap nie noodwendig verplig tot huwelik nie. Laasgenoemde teks lui soos volg: As iemand 'n jongmeisie wat nie verloof is nie, verlei en met haar gemeenskap het, moet hy haar vir die volle huweliksprys as sy vrou koop. As haar vader beslis weier om haar aan hom te gee, moet hy geld gee volgens die huweliksprys vir jongmeisies.

9.3 Etici

De Vries (1976:105) maak die volgende opmerkings:

- Ons moet die eerste ramp (buite-egtelike seks) nie erger wil maak deur 'n *lewenslange* ramp ('n huwelik wat nie in die Here is nie) nie.
- Die gedagte dat huwelik-sluit-geskied-deur-geslagsgemeenskap, stam nie uit die Bybel nie, maar uit die oud-Germaanse adat. Reeds in die Middeleeue het die kerk geleer: *consensus, non coïtus, facit matrimonium*, d.i.: wedersydse ooreenstemming - en *nie* geslagsgemeenskap *nie* - bring die huwelik tot stand.

9.4 Gevolgtrekking: Berou in die geval van buite-egtelike moederskap beteken nie noodwendig dat so vrou met die vader van die kind moet trou nie.

E. KOMMISSIERAPPORT

1. Sake waarvan kennis geneem kan word

Hierdie Beskrywingspunt is deur Klassis Griekwaland-Wes ingedien sonder dat dit deur Part. Sinode Noordwes behandel is.

2. Beredenering

2.1 Kerkorde, artikel 30 reël dat op 'n meerdere vergadering alleen sake behandel word wat nie op 'n mindere vergadering afgehandel kan word nie of sake wat by die meerdere vergadering tuis hoort.

2.2 Die Kommissie vind geen dringende rede waarom hierdie saak anders (as in 2.1) gehanteer moet word nie.

Besluit: Die saak word nie behandel nie.

21.5 BESKRYWINGSPUNT VAN PARTIKULIERE SINODE WES-TRANSVAAL : DIE SABBAT EN SONDAG (Artt.20, 121)

A. Dr. W.C. Vergeer stel die Beskrywingspunt.

B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Leerstellig 1.

C. Dr. A.H. Bogaards stel die Kommissierapport.

D. BESKRYWINGSPUNT

Die Nasionale Sinode wys Studiedeputate aan om 'n volledige prinsipiële studie oor die verhouding tussen Sondag en Sabbat te doen en duidelike prinsipiële riglyne uit God se Woord te gee vir die gelowige se lewe volgens die Vierde gebod.

Motivering:

1. Uit 'n studie van Deputate van Partikuliere Sinode Wes-Transvaal het geblyk dat daar verskillende standpunte is oor die verhouding tussen Sabbat en Sondag. Die volgende duidelike verskille in standpunte kan geformuleer word:
 - 1.1 *Die Ou-Testamentiese Sabbat moet steeds gevier word.* Die Sabbat is 'n skeppingsordinansie en 'n ewige instelling van God. Daarom moet dit op ons sewende dag (Saterdag) gevier word. Groepe wat hierdie siening huldig is die Joodse geloof en Sewendedagse Adventiste.
 - 1.2 *Die Sondag is die Nuwe-Testamentiese Sabbat.* Die Sabbat is nie afgeskaf nie, maar het verskuif na die eerste dag (Sondag). Ook hierdie groep meen dat die Sabbat 'n skeppingsordinansie is. Dit is die standpunt van die Westminster Konfessie wat praat van 'n "Sunday Sabbath". Kommissie 7A van die GES 1976 huldig hierdie siening.
 - 1.3 Die Sabbat is nie 'n skeppingsordinansie, is nie in die Nuwe Testament afgeskaf en het nie verskuif na die Sondag nie. In die Nuwe Testament word die viering van 'n nuwe dag ingestel, naamlik die Sondag as "dag van die Here", gefundeer in die feit dat dit die opstandingsdag van die Here is. *So is die Vierde gebod vervul maar nie afgeskaf nie.* Kommissie 7B van die GES 1976 huldig ook hierdie siening. Die standpunt van prof. P.J. de Bruyn (in sy boek *Die Tien Gebooie*) val grootliks in hierdie kategorie alhoewel hy ook van mening is dat die Sabbat 'n skeppingsordinansie is.
 - 1.4 Die Sabbat is nie 'n skeppingsordinansie nie, is afgeskaf en het nie verskuif na die Sondag nie. Die Here het ook nie in die Nuwe Testament 'n nuwe dag aan die kerk gegee wat gevier moet word nie.
2. Die Partikuliere Sinode het onder die besef gekom dat genoemde verskillende standpunte lei tot onduidelikheid by lidmate van die GKSA oor die uitlewing van die Vierde gebod, waaronder die werklike betekenis van die begrip: skeppingsordinansie. Dit blyk dat daar nog nie 'n studie hieroor deur die Kerke gesamentlik onderneem is nie (KO, art. 46).
3. Die Partikuliere Sinode oordeel, in die lig van KO, art. 30 dat hierdie studie deur die Nasionale Sinode onderneem moet word. Die redes is:
 - 3.1 Dit blyk uit Hand 15:1-34 dat kerke oor sodanig dringende morele vraagstukke saam kan oordeel
 - 3.2 Die Heidelbergse Kategismus Sondag 38 behandel nie uitdruklik die verhouding Sabbat en Sondag nie en dit is dus nie genoegsaam om kerke en lidmate hierna te verwys nie
 - 3.3 Die kwessie van die uitleef van die Vierde gebod word al hoe meer problematies aangesien landswette oor Sondagwetgewing gewysig word en dat lidmate gevolglik landswyd met hierdie probleem gekonfronteer word
 - 3.4 Dit noodsaaklik is dat die Nuwe-Testamentiese lig van die Evangelie van Jesus Christus duidelik gehoor word wanneer oor die Vierde gebod gepraat word.

E. KOMMISSIERAPPORT

1. Beredenering

U Kommissie het aandag gegee aan KO, art.30. Tog oordeel die Kommissie dat, in die lig van die toenemende sekularisasie van ons tyd, ons hier te make het met 'n hoogs aktuele saak en een wat alle kerke raak.

Besluit: Aan die Beskrywingspunt word so gevolg gegee dat die Nasionale Sinode Studiedeputate aan wys om 'n volledige prinsipiële studie oor die verhouding tussen Sondag en Sabbat te doen en duidelike prinsipiële riglyne uit God se Woord te gee vir die gelowige se lewe volgens die Vierde Gebod, sonder dat die Sinode die motivering van die Beskrywingspunt vir sy rekening neem.

21.6 **BESWAARSKRIF** : M.A. KRUGER TEEN SINODEBESLUIT VAN 1991:197, 4 (Artt.41, 231)

- A. Prof. M.A. Kruger stel die Beswaarskrif.
- B. **Besluit:** Verwys na Kommissie Leerstellig 4 met die opdrag om eers vas te stel of die Beswaarskrif volgens KO, art.46 ontvanklik is. Prof. L.F. Schulze se advies kan oor hierdie aangeleentheid ingewin word.
- C. Die Ondervoorsitter neem die Voorsitterstoel in.
- D. Ds. P.K. Lourens stel die Kommissierapport insake die ontvanklikheid volgens KO, art.46.
- E. **Besluit:** Die Beswaarskrif is ontvanklik.
- F. Ds. P.K. Lourens stel die Kommissierapport.
- G. Geleentheid vir repliek word vir prof. M.A. Kruger en ds. P.K. Lourens gegee.

H. BESWAARSKRIF

Besluit: "Goedgekeur".

Hierdie Sinode hou in dat ook wat betref punt 4.1.5 waar die Deputate vra: "Die Sinode keur die optrede van die Deputate goed en oordeel dat hierdie optrede in ooreenstemming met Skrif, Belydenis en Kerkorde is" goedgekeur word.

1. WAAROM DIE SAAK GAAN

Hierdie besluit wat die Sinode geneem het, keur die optrede van die Deputate goed met hulle standpunt van 'n geslote kanon soos gestel in die Bylae "Die Woord van God", 625:7.

2. MOTIVERING VIR DIE BESWAAR

- 1. Hierdie saak het niks met die Kerkorde te make nie en kan daarom nie in ooreenstemming met die Kerkorde wees nie.
- 2. Die Deputate het geen Skrifgetuienis aangevoer in hulle standpunt insake die geslote kanon nie. Die Sinode het dus nie sodanige Skrifgetuienis oorweeg nie en kon dus nie oordeel dat hulle standpunt in ooreenstemming met die Skrif is nie.
- 3. Ek vereenselwig my met die motivering wat deur die Nederduitsch Hervormde Kerk se afgevaardigdes gegee is:
"Naas die belydenis van die *deursigtigheid* van die Skrif se heilsboodskap as aanduiding van sy *volkomenheid*, bely die Kerk ook die *genoegsaamheid* van die heilsboodskap as aanduiding van sy *volkomenheid*. Dit moet egter nie so verstaan word dat die Kerk met sy belydenis van die genoegsaamheid van die Skrif die getal van die ses en sestig boeke waarna daar wel in die NGB, artt. 4 en 6 verwys word, in gedagte het nie. Die NGB, art. 7 sê trouens dat die Heilige Skrif genoegsaam is in dit wat die Skrif *leer*. Ons kan dit interpreteer as: genoegsaam in sy heilsbedoeling.

Indien daar van die standpunt uitgegaan sou word dat die ses en sestig boeke van die Skrif met betrekking tot die getal *de iure* genoegsaam is, dit wil sê dat die kanon "toe" sou wees, word die reedsgestelde uitgangspunt dat die Skrif die Belydenisskrifte voorafgaan, teëgaan. Nêrens in die Skrif word hierdie spesifieke getal as in-beginsel-genoegsame getal aangebied nie. Die getal is deel van die belydenis van die Kerk en is daarom ook in die Kerk se Belydenisskrifte opgeneem.

Op grond van die voorveronderstelling dat hierdie spesifieke belydenis die produk van die selfgetuienis van die Skrif in onlosmaaklike samehang met die getuienis van die Heilige Gees is, moet die Kerk in beginsel daarvoor oop wees dat God kan beskik dat ook hierdie belydenis in verband met die getal van die boeke van die kanon 'n wysiging kan ondergaan. Die kanon moet derhalwe as *de iure* oop gesien word, hoewel dit voorasnog tot die huidige ses en sestig boeke beperk bly. Daarom huldig ons die opinie dat hoewel die kanon voorasnog *de facto* geslote is dit *de iure* oop is ("Die Woord van God" p. 625-627).

Bykomend by die standpunt van die NH Kerk, moet ek stel dat m.i. die jag op boeke vir toevoeging tot die kanonieke boeke nie met die argumentasie in hierdie Beswaarskrif oop is nie. Ek weet van geen sodanige boek wat as kanoniek aanvaar kan word nie. Die saak lê eerder op 'n ander vlak: Wil ons nie God se werk doen met ons verklaring van 'n geslote kanon nie? Waarom God se vrymag beperk? HY is die OPENBAARDER wat Homself en sy raad aan ons kan bekendmaak. Wie is ons om hierdie vrymag te beperk? Nêrens, sover ek weet, het God ons ook eksplisiet of implisiet opdrag tot die vaslegging en afsluiting van sy openbaring gegee nie.

- 4. Die motivering van die Deputate wat verwys na NGB, art. 5 "ons aanvaar al hierdie boeke, *en hulle alleen*" ("Die Woord van God" p. 625-626) hou nie rekening met die historiese konteks van

hierdie formulering nie. Die kanonieke boeke is in die eerste eeu aanvaar *teenoor die apokriewe boeke*. Dit was ook by die formulering van die NGB, art. 5 die geval. Die perspektief was 'n afgrensing *teenoor die apokriewe wat die Rooms-Katolieke Kerk ook as kanoniek aanvaar het* soos hulle dit in daardie tyd ervaar het. Die perspektief was hoegenaamd nie op 'n geslote kanon nie. Daarom handel NGB, art. 6 oor die onderskeid tussen die kanonieke en apokriewe boeke.

Die Deputate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is versoek om die standpunt van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te aanvaar ("Die Woord van God", :625). Dit het die GKSA Deputate gedoen. Maar die NGK se Kommissie voer nie hierdie argument uit die NGB, art. 5 aan nie ("Die Woord van God", :626). Die NGK stel: "Die boeke is nie deur 'n Sinode of kerklike liggaam as kanon verklaar nie, maar as kanon erken". Hierdie stelling is korrek. Maar om nou 'n vaslegging te gaan maak net op die ses en sestig boeke, is om hulle alleen as kanon te *verklaar*.

5. Agter die verklaring van 'n geslote kanon skuil 'n vrees: die *kerk* moet hierdie ses en sestig boeke beskerm. Maar dit misken die inherente krag van die Skrif, die leiding van die Heilige Gees en dat God Homself en sy raad in sy vrymag aan ons openbaar. In die twintigste eeu is merkwaardige ontdekkings gedoen. Dis nie onmoontlik dat een van Paulus se verlore briewe ontdek mag word nie. Indien dit kragtens sy inhoud blyk dat dit as kanoniek aanvaar moet word en dat God dit so beskik het dat die kerk dit nou eers moet kry, wat dan?

I. KOMMISSIERAPPORT

1. Beredenering

1.1 Inleiding

Alhoewel die Beswaarskrif aanvanklik formeel volgens KO, art. 46 ontvanklik verklaar is, versoek u Kommissie die Sinode om eers onderstaande saak te oorweeg voordat die beswaargronde inhoudelik beoordeel kan word. In die lig van onderstaande beoordeling, moet daar kerkregtelik na die "status" van die dokument "Die Woord van God ..." gekyk word, alvorens daar op die beswaargronde van die beswaar ingegaan kan word.

Besluit: Kennis geneem.

2. Agtergrond van besluit 1991

- 2.1 In die opdrag van die Sinode 1988 (vgl. Acta 1991:188) aan die Deputate Gesprek met NG en NH Kerk is die noodsaaklikheid beklemtoon om die sake wat die drie kerke uitmekaar hou, te identifiseer en dat "in die lig van besluite sedert 1958 in hierdie verband, voortgegaan moet word om baie duidelik en op grond van die Heilige Skrif, Belydenis en Kerkorde die dinge wat die drie Kerke uitmekaar hou, te identifiseer. Die **standpunte** van die respektiewe Sinodes en nie slegs van die individue of selfs Deputategroepe nie moet helder omlin word. Langs hierdie weg moet sake tot finaliteit gebring word en moet die Deputate ad hoc ook weer aan die Sinode van konkrete resultate verslag doen".
- 2.2 Gesprekke oor Skrifbeskouslike en Kerkregtelike sake is deur twee subkommissies van die TKK voortgesit aan die hand van Memoranda wat deur die verteenwoordigers van die Kerke opgestel is. Die rapport oor die Skrifbeskouslike aangeleenthede is genoem: "Die Woord van God..." Hierdie stuk is deur al drie die kerke se afvaardigings as weergawe van jare se werksaamhede aanvaar. "Hiermee is die gesprek oor die identifisering van ooreenkomste en verskille ten opsigte van Skrifbeskouing afgesluit" (Acta 1991:188).
- 2.3 "Die talle Memoranda, wat oor Skrifbeskouslike en Kerkregtelike aangeleenthede deur verteenwoordigers van die drie kerke ingedien is, is in 'n publikasie genoem *Handelinge opgeneem*" en is as Bylae by die Rapport ingedien. Die Deputate self het aanbeveel dat die Memoranda nie elkeen afsonderlik beoordeel moet word nie (Acta 1991:189). Skrifbeskouslike aangeleenthede is in genoemde stuk ("Woord van God ...") opgeneem en die Sinode 1991 neem daarvan kennis ("Besluit: **Kennis geneem**" Acta 1991:193).
- 2.4 Onder 'n opskrif "Maatstaf vir evaluering" (Acta 1991:196, 3.3.1) verklaar die Deputate dat die Skrif die fundamentele maatstaf by die evaluering van die standpunte van die kerke is "Juis omdat die kerke leef in die bedeling waar daar nog deur 'n spieël in 'n raaisel gekyk word, word die evaluering in ootmoed en in die besef van ons kerke se tekortkominge gedoen" (Acta 1991:196).

- 2.5 As inleidingsparagraaf (Acta 1991:196-197, 4.1) stel die Deputate dat hulle die verslag “Die Woord van God ...” voorlê vir “die beoordeling van die Deputate se **opdrag**. Die Sinode moet self besluit of die Deputate in die uitvoering van die opdrag in **ooreenstemming** met die belydenis opgetree het”. Dan word verder in Acta 1991:197, 4.1 die volgende sin bygevoeg : “Die lywige stuk word as Bylae hierby aangeheg. (Nie gepubliseer nie – Deputate Handeling)”.
- 2.6 Die beswaar word gemaak teen die besluit 1991:197,4.1.5 “Die verslag: “Die Woord van God. Ooreenkomste en verskille in die Skrifbeskouing ...” Die Sinode keur die optrede van die Deputate goed en oordeel dat hierdie **optrede** in ooreenstemming met Skrif, Belydenis en Kerkorde is”.

Besluit: Kennis geneem.

3. Bevinding

- 3.1 Die “status” van die dokument “Woord van God ...” moet beoordeel word aan die hand van die betekenis wat aan die woord “**optrede**” in die besluit, geheg word. Dit beteken dat die Deputate opgetree het binne die raamwerk van Skrif, Belydenis en Kerkorde ooreenkomstig KO, art. 49 (en Ondertekeningsformulier). Die Kommissie van pre-advies Sinode 1991 het bevind dat die dokument “Woord van God...” inderdaad so ‘n optrede weerspieël en dat nie al die onderdele van die dokument voor die Sinode hoef te dien nie (Acta 1991:189).
- 3.2 Uit advies wat u Kommissie ingewin het, blyk dat die bedoeling nooit was dat die Sinode 1991 elke woord van die dokument “Woord van God ...” vir sy rekening aanvaar het nie. Hierdie bevinding word bevestig deurdat die Deputate self aanbeveel het dat “die Memoranda nie elkeen afsonderlik beoordeel hoef te word nie” en die Sinode daarvan “Kennis geneem” het (Acta 1991:189&193). Die status van die dokument is dus dat die Sinode via sy Kommissie daarvan kennis geneem het.
- 3.3 Die beswaarde oordeel dat elke woord van die dokument “Woord van God ...” onder “optrede” verstaan moet word en dat die besluit van Sinode 1991 “Besluit: Goedgekeur” beteken dat die Sinode 1991 elke woord van die dokument vir sy rekening aanvaar het (al word daar net oor ‘n onderafdeling (pt. 7 beswaar aangeteken).
- 3.4 Hieruit blyk dat die materie van die 37 bladsye van die dokument “Woord van God ...” nie op die tafel van die Sinode 1991 was nie, maar net oor die optrede van die Deputate geoordeel is.

Besluit: Kennis geneem.

4. Aanbeveling

- 4.1 Sinode 1991 het nie die inhoud van die dokument “Woord van God” vir sy rekening geneem nie.
- 4.2 Sinode 1991 het slegs die optrede van die Deputate met die uitvoering hulle opdrag goedgekeur.
- 4.3 Sinode 1991 het nie ‘n uitspraak gegee oor enige inhoudelike gedeelte van die dokument “Woord van God” nie en dus geen spesifieke punt in die dokument as besluit van die Sinode aanvaar nie.
- 4.4 Die inhoud van die Beswaarskrif word nie in behandeling geneem nie.

Besluit: Goedgekeur.

21.7 BESWAARSKRIF SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE TEEN SINODEBESLUIT 1988 – PLEK VAN DIE VROU IN DIE KERK (Artt.75, 146)

- A. Ds. Jan Lion-Cachet stel die Beswaarskrif.
 B. **Besluit:** Verwys na Kommissie Leerstellig 2.
 C. Ds. B.C.G. Fourie stel die Kommissierapport.

D. BESWAARSKRIF

1. Beswaarskrif

Besluite waarteen beswaar gemaak word:

“3.6.7 Nuwe-Testamentiese Skrifgegewens dui op die moontlikheid dat ten opsigte van die ongetroude vrou daar ‘n afsonderlike besondere diens kon bestaan het.

Besluit: Afgekeur. Motivering: "...Oor 1 Tim 3:11 is indringende eksegetiese getuienis voor die Kommissie gelewer op grond waarvan dit blyk dat hier moontlik na "vrou van diakens" en moontlik nie na "vroulike diakens" verwys word nie.." (1988:520)

3.7.1 Dit is die Here wat sy diensknegte roep en hulle met gawes van sy Gees toerus om in sy kerk en koninkryk te dien. Soos Hy dit ten tye van die Ou- en moontlik die Nuwe- Testamentiese kerk gedoen het - al was dit by wyse van uitsondering-, so kan Hy in sy vrymag vandag nog vrouens in sy diens roep en gebruik. In Christus het Hy hulle verlos en sy beeld in hulle herstel. Deur sy Gees vernuwe Hy hulle en maak hulle bekwaam tot diens. Besluit 2: Tweede sin - nie goedgekeur nie. Motivering: ... Die Sinode kan nie 'n besluit neem waarvan die Skrifbegroning slegs as "moontlik" aangedui word nie (kyk motivering 3.2.3.3 van hierdie Rapport)" (1988:522).

2. Motivering

- 2.1 Hierdie Beswaarskrif wil bewys lewer dat die Sinode van dubbele maatstawwe gebruik maak om sy besluit oor die plek van die vrou in die kerk te motiveer.
- 2.2 Die Suidelike Part. Sinode versoek die Nasionale Sinode om nie 'n besluit oor die aktuele vraag oor die plek van die vrou in die kerk te neem op grond van moontlike verklarings nie, maar om die besluit te heroorweeg op grond van duidelike Skrifbegroning.
- 2.3 Uitsprake wat berus op "moontlike" Skrifverklaring is nie voldoende om bekommerde lidmate leiding te gee oor aktuele sake soos die plek van die vrou in die kerk nie.
- 2.4 Die Sinode het self gemotiveer dat hulle nie 'n besluit kan neem waarvan die Skrifbegroning as "moontlik" aangedui word nie.
- 2.5 Indien daar in die Skrif en die verklaring daarvan nie duidelike riglyne oor die plek van die vrou in die kerk is nie, behoort die Sinode dit te erken en dit as 'n middelmatige saak aan die vryheid van die kerke oor te laat om volgens Belydenis, Kerkorde, plaaslike omstandighede en ordelike besluite self oor die saak te oordeel.
- 2.6 Omdat die Nasionale Sinode van die GKSA in 1997 'n Beswaarskrif oor die vrou in die besondere ampte na 'n Deputaatskap vir rapportering na die volgende Sinode verwys het, is daar nog nie duidelikheid oor die eksegetiese begroning van die besluite daarvoor nie. Die Suidelike Part. Sinode wil langs hierdie weg die Sinode versoek om dringend hieraan aandag te gee.
- 2.7 Plaaslike omstandighede, soos 'n tekort aan ampsdraers, versoeke van lidmate en die besondere gawes van vroulike lidmate in die gemeente, noodsaak Skrifgefundeerde leiding deur die Sinode van die GKSA aan die gemeentes.
- 2.8 Die gebruik van ongemotiveerde klassifikasies soos "moontlike" verklarings, sterk "moontlikhede" en bespiegelings om verklarings te beoordeel, kan nie daartoe bydrae om Skrifgefundeerde besluite te neem nie.
- 2.9 Die Suidelike Part. Sinode is daarvan oortuig dat die versoeke van die lidmate nie lê teen die agtergrond van die feministiese beweging se oortuiging dat die vrou haar regmatige plek ontsê word en dat die stryd vir die emansipasie van die vrou ook nou in die kerk gevoer moet word nie, maar in 'n eerlike begeerte om in alle sake tot opbou van die kerk van die Here te wil dien.

3. Beredenering

- 3.1 Die Nasionale Sinode van die GKSA het in 1988 van "moontlike Skrifverklarings" gebruik gemaak in hulle motivering om te besluit oor die vrou in die besondere amp as Diaken, terwyl ander moontlike Skrifverklarings buite rekening gelaat word. Dit het tot verwarring onder lidmate aanleiding gegee.
 - 3.1.1 Die Sinode neem byvoorbeeld kennis daarvan dat Rom 16:1 en 1 Tim 3:11 op moontlike uitsonderings dui waar vrouens in besondere diens aangewend is (1988:515, 3.2.2.2.6.3) en motiveer sy besluit dat hierdie moontlike uitsondering slegs 'n bespiegeling is. So ook motiveer die Sinode sy besluit dat Febe moontlik 'n diaken was, daarop dat daar van blote bespiegeling sprake is (1988:519, 3.6.3). Hierdie moontlikhede is nie genoeg rede vir die Sinode om tot 'n ander oortuiging te kom oor die vrou in die amp as diaken nie.
 - 3.1.2 Eksegetiese getuienis oortuig die Sinode daarvan dat daar in 1 Tim 2:11-14 'n "sterk moontlikheid bestaan dat nie slegs na 'getroude' vroue verwys word nie maar na vroue in die algemeen" (1988:520). Indringende eksegetiese getuienis was genoeg om die Sinode te oortuig dat daar in 1 Tim 3:11 "moontlik na 'vroue van diakens' en moontlik nie na 'vroulike

- diakens' verwys word nie" (1988:520). Die Sinode het gevolglik in hierdie geval besluit om die aanbeveling dat daar 'n afsonderlike amp vir ongetroude vrouens in die Nuwe Testament bestaan het, af te keur op grond van "moontlike" eksegetiese getuienis. Volgens die Sinode se eie motivering was hierdie "moontlikhede" genoeg getuienis om wel 'n besluit daarvoor te neem.
- 3.1.3 Oor 1 Tim. 5:9 motiveer die Sinode (1988:520) sy besluit dat daar ten opsigte van die ongetroude vrou 'n afsonderlike diens kon bestaan het, op "die moontlikheid dat juis ten opsigte van die ongetroude vrou daar 'n afsonderlike diens kon bestaan het, baie skraal", en keur die voorstel nie goed nie.
- 3.1.4 Maar as motivering tot 'n volgende besluit oor die praktiese konsekwensies het die Sinode verklaar dat hulle "nie 'n besluit kan neem waarvan die Skrifbegroning slegs as 'moontlik' aangedui word nie", en die aanbeveling van die Kommissie nie goedgekeur nie (1988:522). Duidelike Skrifgefundeerde uitsprake kan nie op "moontlike" Skrifverklaring of bespiegeling berus nie.
- 3.2 Eksegetiese studie (Sinode 1997:549-553) bring aan die lig dat 1 Tim 2:11-14 en 1 Kor 14:33-35 nie na die vrou in die besondere amp as diaken verwys nie, maar na vroue se optrede in die algemene samekomste van die gemeente (vgl. Sinode 1988:520)
- 3.3 Konfessionele gegewens: Die Sinode van die GKSA (1988:505) keur goed dat "Die Drie Formuliere van Eenheid moet sekerlik allereers kontekstueel verstaan word en nie oorrva word nie". Hieruit word afgelei dat "die Konfessie nie 'n regstreekse uitspraak" gee "oor die pertinente vraag of vrouens mag stem nie, maar dit is ook nie die bedoeling van die Konfessie nie". Dieselfde argument kan ook geld by die vrou in die amp as diaken. Indien die Konfessie kontekstueel verstaan en nie oorrva word nie, gee dit ook nie 'n regstreekse uitspraak oor die vrou in die amp as diaken nie, wat insgelyks ook nie die bedoeling van die Konfessie is nie.
- 3.4 Die Sinode van die GKSA (1988:505) beklemtoon ons Belydenis in Kateg., 21 dat "elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend". Volgens die Sinode (1988:505) blyk dit hierin onder meer "dat die hele gemeente onderling moet saamwerk in alle sake wat tot opbou van die kerk dien" en dat die "dienste van gelowiges soos in die Konfessie geformuleer, blyk duidelik die gelykwaardigheid tussen die man en die vrou". Die Sinode van die GKSA (1988:505) keur dit goed dat volgens die "Bybelse skeppingsleer, sondeleer, verlossingsleer, toekomsleer, die leer aangaande die kerk en die dienste van gelowiges soos geformuleer in die Konfessie die man nie die meerdere oor die vrou is nie" (1988:505). Volgens die motivering waarop die Sinode sy besluit neem dat vroulike lidmate nie in besondere dienste gestaan het as erkenning van die hoofskap wat God aan die man verleen het, is daar in 1 Tim 2:11-14 wel van 'n rangorde sprake wat vroue in die algemeen ingesluit het, en word die man en die vrou nie gelykwaardig beoordeel nie (1988:519). Volgens die bevindings waarvan die Sinode kennis geneem het, en beoordeel het as 'n "sterk moontlikheid", is daar nie in 1 Tim 2:11-14 van vroue in besondere dienste sprake nie, maar van vroue in die algemeen (1988:515) dus: dieselfde vrou waarvan die gelykwaardigheid in punt 3.4 hierbo beredeneer is. Volgens die twee besluite is dit die Sinode se standpunt dat vrouens mag stem omdat mans en vrouens in die diens as gelowiges gelykwaardig is, maar wanneer die Sinode oor toelating tot die amp as diaken moet besluit, dieselfde vrou in die diens as gelowige nie meer gelykwaardig is nie, maar nou geld die beginsel van rangorde tussen mans en vrouens (1 Tim 2:11-14 se "moontlike" verklaring).
- 3.5 Kerkordelike gegewens: In Artikel 25 kom die amp van diaken ter sprake. In die artikel is daar geen aanduiding dat die amp as diaken slegs deur manlike belydende lidmate gedoen moet word nie. Volgens Artikel 24 moet dit wat vir die ouderlinge geld, ook by die verkiesing, goedkeuring en bevestiging van die diakens geld. Alhoewel daar nie in Artikel 23 onderskeid volgens geslagte gemaak word nie, is daar in Artikel 22 wel van verkose "broeders" sprake. Die woord "broeders" is die enigste wat 'n aanduiding is dat daar aan manlike lidmate gedink moet word. Tog verwys Artikel 24 self na "gebruike", wat nie noodwendig Skrifgefundeerde uitsprake in die verband van vrouens in die amp insluit nie.

E. KOMMISSIERAPPORT

1. Beoordeling van ontvanklikheid

Ooreenkomstig aanbeveling 4.2 van die Vierde Rapport van die Regsdeputate Sinode 2000 soos goedgekeur, het die Kommissie die ontvanklikheid van hierdie Beswaarskrif ooreenkomstig KO, 46 beoordeel.

Besluit: Kennis geneem.

2. Bevinding

Die Beswaarskrif voldoen nie aan die vereistes vir 'n Beswaarskrif soos gestel in KO, 46 nie.

2.1 Geen beswaargronde is aangeteken in die Beswaarskrif nie.

2.2 Daar word geen nuwe materie aangebied wat nog nie deur vorige Sinodes gehanteer is nie.

Besluit: Kennis geneem.

Besluit: Die Beswaarskrif is onontvanlik.

21.8 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE WES-TRANSVAAL OOR DIE VROU IN DIE KERK (Artt.74, 206, 230)

A. Dr. S.J. van der Walt stel die Beskrywingspunt.

B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Leerstellig 2

C. Ds. B.C.G. Fourie stel die Kommissierapport.

D. BESKRYWINGSPUNT

Die Nasionale Sinode benoem Deputate om studie te maak oor wat in die Skrif openbaar word oor die wyse waarop die Here die vrou in sy Kerk gebruik het en vandag nog steeds wil gebruik.

Die studie word op 'n wyse onderneem dat die kerke daarin saamgeneem word deurdat die Studiedeputate vir kerkrade en individuele lidmate op 'n ordelike gekoördineerde wyse geleentheid gee om tot die onderskeie fases van die studie insette mag lewer.

Motivering

1. In o.a. die besluit van die Sinode 1988:519-521, 3.6.3, 3.6.5, 3.6.7, word daar na verskillende moontlikhede wat kan wees, verwys. Studie behoort sover moontlik 'n duidelike antwoord te bied oor wat presies die geval is. Ons verwys na o.a.:

1.1 Oor "die moontlikheid dat Febe 'n diaken sou wees" behoort duidelikheid gegee te word. As sy nie 'n diaken was nie, wat was haar plek dan wel?

1.2 Ook oor die "moontlikheid dat nie slegs na 'getroude vroue' verwys moet word nie, maar na vroue in die algemeen" behoort duidelikheid verkry te word. Daartoe moet die studie gebruik word.

1.3 Die stelling "dat hier moontlik na 'vroue van diakens' en moontlik nie na 'vroue diakens' verwys word nie" hang in die lug. Daar behoort met studie uitsluitel gegee te word, want dit raak wesenlik die plek van die vrou in die Kerk.

1.4 Of "katelegesthai" op die verkiesing tot 'n besondere diens dui dan al nie, behoort uitgemaak te word, aangesien dit sekerlik die plek van die vrou in die kerk raak.

2. Dit is duidelik uit die Rapport wat voor die Sinode in 1988 gedien het uit kommentare wat na die Sinode gelewer is, dat in die studie oor plek van die vrou in die Kerk nog sake is wat nie volledig gehanteer en afgehandel is nie.

E. KOMMISSIERAPPORT

Aanbeveling: Die Sinode gee op die volgende wyse gevolg aan die Beskrywingspunt:

1. Die Sinode wys Studiedeputate aan om met die besluite van vorige Sinodes as vertrekpunt (vergelyk KO, artt. 31, 46), 'n studie te maak oor wat in die Skrif geopenbaar word oor die wyse waarop die Here die vrou in die kerk gebruik het en steeds wil gebruik.

2. Alle bestaande inligting en besluite in die *Acta's* van die Sinode oor die plek van die vrou in die kerk word duidelik saamgevat, gepubliseer en op 'n bevatlike wyse aan die kerke beskikbaar gestel.

Motivering:

Daar is baie inligting verspreid en gefragmenteerd in die verskillende *Acta's* van die Sinode, onder andere die ongepubliseerde Bylae by die besluit van Sinode 1988. So 'n dokument kan die insette soos gevra fasiliteer.

3. Die studie word op so 'n wyse onderneem dat die kerke daarin saamgeneem word deurdat die Studiedeputate vir kerkrade en individuele lidmate op 'n ordelike gekoördineerde wyse geleentheid gee om tot die onderskeie fases van die studie insette te mag lewer.
4. Die studie fokus op die openbaringshistoriese Skrifgewens oor die plek en rol van die vrou in die kerk. Duidelike verband moet in die studie aangetoon word oor die raakvlakke van die plek en rol van die vrou in samehang met die plek en rol van die man.
5. Die Studiedeputate poog om antwoord te vind op talle onbeantwoorde vrae en los lyne wat daar uit die vorige studies voortgespruit het, soos blyk uit die motivering by die Beskrywingspunt.
6. Die Studiedeputate poog om op 'n verantwoorde wyse die weg aan te dui waarop die resultate van hierdie studie in die kerk geïmplimenteer kan en behoort te word.
7. Die Deputate moet die bevindings en besluite van Gereformeerdes wêreldwyd verreken in die studie.

Besluit: Goedgekeur.

21.9 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE NOORD-TRANSVAAL OOR ALTERNATIEWE REËLINGS MET KLEUTERS GEDURENDE EREDIENSTE (Artt.112, 249)

- A. Ds. R.M. van der Merwe stel die Beskrywingspunt.
- B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Leerstellig 3.
- C. Ds. J.A. Schutte stel die Kommissierapport.

D. BESKRYWINGSPUNT

Dit is die verantwoordelikheid van kerkrade om toe te sien dat verbondskinders voortdurend sal groei in hulle deelnemende en ontvangende betrokkenheid tydens die hele erediens. In die begeleiding van kleuters en jongmense moet die kerke die volgende beginsels in ag neem:

1. Die erediens is 'n unieke byeenkoms onder leiding van en onder toesig van die amp van die ouderlinge. 'n Kategeteles, Bybelstudiebyeenkoms of enige ander byeenkoms kan dit nie vervang nie.
2. Alle lidmate is gelykwaardig en eiesoortig deel van die sigbare gemeenskap van gelowiges. Daarom mag die teenwoordigheid van kinders in die erediens nooit onnodig of gering geag word nie.
3. Elke hoofmoment in die erediens het 'n spesifieke plek en doel en daarom is teenwoordigheid van alle lidmate (doop- en belydend) tydens al die hoofmomente noodsaaklik.

Verduideliking en motivering

Dit blyk dat daar by sommige 'n behoefte bestaan om kleuters vir 'n alternatiewe erediens (of 'n deel daarvan) uit die amptelike erediens te onttrek. Redes is waarskynlik die volgende:

- Kleuters veroorsaak steurnis in die ontmoeting van gemeentes met God
- Kleuters het in die normale gang van die erediens nie sinvol deel in die ontmoeting tussen God en sy verbondsvolk nie.

Die vraag is of 'n kerkraad op verantwoorde wyse so 'n alternatiewe reëling mag tref. Die volgende beginsels behoort in die beoordeling van hierdie vraag in gedagte gehou te word:

1. Die wese van 'n erediens

Die erediens is 'n geestelike ontmoeting en verbondsverkeer tussen die genadige Verbondsgod en sy verlose verbondsgemeente. Omdat die erediens 'n ontmoeting van die gemeente met God is, is dit ook 'n onderlinge ontmoeting van broeders en susters in teenwoordigheid van die lewende God (vgl. Acta 1985:405-406).

In hierdie opsig is die erediens 'n unieke byeenkoms. 'n Kategeteles, Bybelstudiebyeenkoms of sangbyeenkoms sou dus nie 'n erediens of 'n gedeelte van 'n erediens kan vervang nie.

2. Die gelykwaardigheid en eiesoortigheid van lidmate

Kinders vorm inherent deel van hierdie verbondsgemeente. Daar is duidelike Skrifgedeeltes dat kinders 'n besondere plek ingeneem het waar die Verbondsgod sy verbondsvolk in die Ou Testament ontmoet het. Gedeeltes soos Lev 23:21-28; Deut 4:25, 12:5-14, 29:10-12; Eks 10:9-24, Eks 13 en Joël 2:16 dui aan dat kinders nie net teenwoordig was in hierdie ontmoetings geleenthede nie, maar dat kinders 'n besondere plek te midde van die gebeure gehad het. Almal (ook kleuters en babas) is tegelykertyd gelykwaardige en eiesoortige lede van die kerk van Christus (vgl. Acta 1985:494).

Dieselfde beginsels word in die Nuwe Testament verder uitgebou waar bv. Paulus differensieer as hy onder andere kinders as 'n groep aanspreek (vgl. Ef 6:4 en Kol 3:20). Jesus self roep die kindertjies tot gemeenskap met hom in Matt 19:13-15. Omdat alle lidmate gelykwaardig en eiesoortig is, en as sodanig beskou moet word, hou dit in dat die teenwoordigheid van verbondskinders tydens die erediens as belangrik geag moet word.

3. Die eenheid van die erediens self

Die vier hoofmomente van 'n enkele erediens, naamlik die Aanbiddingsdiens, die Verootmoedigings-/ versoeningsdiens, die Woorddiens en die Antwoorddiens vorm 'n aaneengeweepte eenheid (vgl. Acta 1997:741). Elke moment het 'n spesifieke plek en doel om te sorg dat die byeenkoms van God se volk 'n ware ontmoeting met die lewende God word.

Omdat nie een van die hoofmomente belangriker as die ander in die erediens is nie, mag nie een van die hoofmomente uitgelig te word as van groter belang as die ander nie. Die kind se nie-verstaan mag byvoorbeeld nie die rede word vir die onttrekking van kleuters uit die Woorddiens nie. Die gevaar bestaan dat "didaktiese oorbeklemtoning" (Acta 1997:734) die besef en ervaring van die teenwoordigheid van God in Christus deur sy Gees in die erediens kan skaad.

Omdat elke moment in die erediens 'n spesifieke plek en doel het, is die teenwoordigheid van 'n lidmaat by elkeen van die moment ewe belangrik.

4. Sinvolle betrokkenheid in die erediens

Wanneer God met sy verbondsvolk in 'n geestelike ontmoeting gaan, eis Hy nie slegs dat sy volk by die ontmoeting teenwoordig moet wees nie (Heb 10). Hy wil ook dat hulle sinvol betrokke sal wees. Sy volk moet enersyds teenwoordig en andersyds deelnemend betrokke wees (vgl. Acta 1985:408).

Sinvolle betrokkenheid behels dat sy volk bewustelik en deurlief sal deelneem aan al die momente van die erediens, te wete die Introitus, die Verootmoedigings/versoenings-, Woord- en Antwoorddiens. Dit sal onder andere tot uitdrukking kom in 'n hartlike meeleving wanneer die liturg die votum uitspreek, in sang, in belydenis, in gebed en wanneer aandagtig (gelowig) geluister word na die Woordverkondiging. In die erediens geld die beginsel dat alles ordelik moet geskied (1 Kor 14:26-40).

Met hierdie orde word bedoel vrede, harmonie, die inagneming van elkeen in liefde, die gebruikmaking van gawes tot voordeel, gelyke sorg en opbou van elkeen (vgl. HK, So. 21; Rom 12; 1 Kor 12-14 en 1 Pet 40).

Dit is egter duidelik dat nie alle lidmate altyd op dieselfde vlak deelnemend en ontvangend betrokke kan wees nie. Kinders sou byvoorbeeld nie tydens die Woorddiens dieselfde begripsvermoë hê as volwassenes nie, en daarom moontlik minder ontvang van dit wat gelees of gepreek word. Dit neem egter nie die noodsaak van die kind se teenwoordigheid tydens die erediens weg nie. Deur teenwoordigheid by die erediens bestaan die geleentheid dat kinders (kleuters) in hulle aktiewe luisteraksie opgebou word. Hulle ontvang die geleentheid om binne hul begripsvermoë in te stem, toe te eien en te groei. Kerkrade het hierin 'n belangrike verantwoordelikheid. 'n Kerkrade behoort te besin wat tydens die erediens gedoen kan word om kinders te begelei om in hulle betrokkenheid by die erediens te groei. Die volgende kan as voorbeelde dien hoe kinders gehelp kan word om in hulle deelname te groei:

- Die liturg verduidelik soms 'n spesifieke handeling tydens die erediens aan die kinders op hulle vlak
- In die prediking word die kind in sy situasie en op sy vlak aangespreek
- 'n Afgesonderde plek in die kerk vir ouers, om tydens die erediens hulle kinders in hulle betrokkenheid by alles wat tydens die erediens plaasvind, te begelei.

E. KOMMISSIERAPPORT

1. Opdrag

Beskrywingspunt Partikuliere Sinode Noord-Transvaal oor alternatiewe reëlins met kleuters gedurende eredienste.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

2.1 “Verduideliking en motivering

2.2 Die toeliger het aan u kommissie die agtergrond van die saak geskets: ‘n Beskrywingspunt van Pietersburg-Suid oor kleuters in die erediens het by die Part. Sinode van 1997 gedien. Dit is na ‘n groep van agt Studiedeputate verwys om in 1998 ‘n studiestuk voor te lê. In 1998 is die studiestuk toe aanvaar en die Part. Sinode het opdrag gegee dat dit gereed gemaak word vir voorlegging aan die Nasionale Sinode.

2.3 Uit die inhoud van die Beskrywingspunt, soos voorgelê, is dit nie presies duidelik hoekom die saak voor die Nasionale Sinode moet dien nie. Volgens die toeliger wil Part. Sinode Noord-Transvaal die resultaat van die studie en in besondere die beginsels wat daarin geformuleer is vir meerdere beoordeling voorlê.

2.4 U Kommissie het nie genoeg tyd om tydens die sitting van hierdie Sinode in diepte op die saak in te gaan en elke faset van die Beskrywingspunt te beoordeel nie.

3. Beoordeling

3.1 Formeel

3.1.1 Die saak wat dus voor die Sinode dien, is die beoordeling van ‘n studiestuk oor alternatiewe reëlins met kleuters gedurende eredienste.

3.1.2 Die Part. Sinode se optrede impliseer dat hulle die saak van belang vir al die kerke ag.

3.2 Materieel

3.2.1 Die Skrifgedeeltes wat onder punt 2 aangehaal word se toepaslikheid word nie oortuigend beredeneer nie.

3.2.2 Die “beginsels” (punte 1, 2, 3 en 4) wat volgens die beswaarskrif “in gedagte (behoort) gehou te word” lyk gesond in die lig van Skrif en Belydenis en is aanbevelingswaardig.

3.2.3 Daar mag ook ander belangrike sake wees, bv. opvoedkundige en psigiese aspekte met betrekking tot die verskillende ontwikkelingsfasies van kinders (kleuters) wat van belang kan wees en wat nie in die stuk behandel word nie.

3.2.4 Slegs drie praktiese voorbeelde word aan die einde van die stuk kortliks aangetoon, sonder om in diepte op die verskillende dele van die liturgie in te gaan.

3.2.5 Die eerste sin waarmee die Beskrywingspunt begin kan as ‘n basiese beginsel aanvaar word, omdat dit die verantwoordelikheid van die plaaslike kerkraad vir verbondskinders in die erediens herbevestig.

4. Aanbevelings

4.1 Die Sinode vereenselwig hom met die volgende uitgangspunt wat in die Beskrywingspunt gestel word: Dit is die verantwoordelikheid van Kerkrade om toe te sien dat verbondskinders voortdurend sal groei in hulle deelnemende en ontvangende betrokkenheid tydens die hele erediens.

4.2 Die Sinode beveel aan dat die studiestuk aan die kerke bekend gestel kan word.

5. Besluit

Die Sinode keur die aanbevelings van die Kommissie goed.

Besluit:

1. Die Sinode vereenselwig hom met die uitgangspunt wat in die Beskrywingspunt gestel word: “Dit is die verantwoordelikheid van Kerkrade om toe te sien dat verbondskinders voortdurend sal groei in hulle deelnemende en ontvangende betrokkenheid tydens die hele erediens”.

2. Die studiestuk wat die Partikuliere Sinode 1998 in die verband aanvaar is, word aan die kerke beskikbaar gestel.

21.10 BESWAARSKRIF C.J. MALAN OOR 'N BESLUIT VAN SINODE 1945:126, ART. 93(a) (Artt.72, 200)

- A. Br. C.J. Malan stel die Beswaarskrif.
- B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Kommissie Leerstellig 3.
- C. Ds. J.L. van der Schyff stel die Kommissierapport.

D. BESWAARSKRIF

1. Die besluit waarteen ek beswaar maak kragtens KO, art. 46 is vervat in die besluit van die Nasionale Sinode van 1945:126, 93a (Bylae 1).
2. Enkele vooraf-opmerkings
 - 2.1 Die navraag oor 'n handeling met “*n gemeentelid*” is as 'n Beskrywingspunt van 'n Kerkraad direk na 'n Nasionale Sinode gestuur.
 - 2.2 Die kern van die Beskrywingspunt raak nie die Skriftuurlike implikasies vir die verhouding van die persoon na herdoop tot die kerk as liggaam van Christus nie, maar trek saam op 'n formele vraag oor “lid van die kerk” wees, dus lidmaatskap by “die kerk” as 'n vereniging. Dit is 'n belangrike feit, veral in die lig van latere sinodale besinning en besluite, veral bv. 1958:138, 78 (Bylae 2) en 1967:415, 7 (Bylae 3).
 - 2.3 Die Sinode maak 'n aanname dat doop “aansluit” by 'n organisasie soos 'n sekte beteken, terwyl die GKSA en AGS e.a. nie die konnotasie van aansluit deur doop gee nie.
 - 2.4 Die Sinode neem sonder om begroning in die Skrif te verskaf aan dat wie hom “by een of ander sekte laat doop het” “by sodanige sekte aangesluit het”. Daar word geen Skriftuurlike, Konfessionele of Kerkregtelike begroning verskaf in die lig waarvan die besluit beoordeel kan word nie. Die besluit berus op 'n sinodale aanname (beoordeling) wat met Sinodegesag beklee word omdat dit na geen ander gronde vir die “oordeel” verwys nie.
 - 2.5 Die Notule vermeld dat die Sinode verdeeld was oor die aangeleentheid en die besluit met meerderheid van stemme geneem het.
 - 2.6 Indien 'n bepaalde “gemeentelid” hom by “een of ander sekte laat doop het” en weier om formeel gemeenskap met die Kerk op te sê en om herders van die gemeente toe te laat om hom met die Woord te bearbei, kan 'n Kerkraad met reg so 'n besluit neem. Dis egter 'n vraag op watter gronde die Sinode die Beskrywingspunt oor 'n insidentele geval ontvang het en na aanleiding daarvan 'n reglementêre bepaling oor lidmaatskap in die GKSA gemaak het.
 - 2.7 Die besluit was reeds omstrede in *Die Kerkblad* in 1983 en dáár het ook nie gronde vir die besluit aan die lig gekom nie.

3. Gronde vir die beswaar

- 3.1 *Eerste grond vir beswaar:* Die besluit rus op 'n genootskaplike Kerkbegrip wat in stryd is met die Skrif (vgl. W.J. Snyman, Bylae 4).¹
 - 3.1.1 Die Beskrywingspunt en die Sinodebesluit gaan uit van die kollegialistiese of genootskaplike kerkbegrip waardeur iemand 'n “gemeentelid” is kragtens sy lidmaatskap in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika as genootskap. Gevolglik word van die Sinode gevra om lidmaatskap van die “Geref. Kerk” (enkelvoud) te bepaal sodat die gemeente op sinodale gesag die “gemeentelid” kan afsny. Dit is direk in stryd met die latere Sinodale besinning oor kerkbegrip en kerklidmaatskap, soos bv. in 1958:138, 78 (Bylae 2); 1967:415, 7 (Bylae 3). Kyk W.J. Snyman 1977, Nuwe en Ou Dinge:44-45 oor genootskaplike en denominasionele kerkbegrip, wat vreemd is aan die Skrif (Bylae 4).
 - 3.1.2 Die Beskrywingspunt maak “gemeentelid” ondergeskik aan of onderskeie van “lid van die Kerk”, soos by die Kollegialisme en genootskaplike of denominasionele Kerkbegrip. (Kyk die vraag “As 'n *gemeentelid* hom by een of ander sekte laat doop het, hou hy dan op om *lid van die Kerk* te wees?”. My klem).

¹ W J Snyman, 1977: Nuwe en Ou Dinge, 24-64, veral 24 e.v., 26 e.v., 32 e.v., veral konklusie 36, en 44 e.v. oor Kollegialisme, “denominasionele Kerkbegrip” (45); en die Konfessie (Heid. Kat., 21; NGB artt. 27-30)

- 3.1.3 Die Sinode van 1967 (415, 7, Bylae 3) neem lid-wees van die Kerk as liggaam van Christus of universele Kerk, soos afgeteken en verseël deur die doop, as bepalend vir lidmaatskap van die plaaslike kerk. Die Sinode van 1945 toon nie aan dat herdoop deur 'n sekte iemand as 'n ongelowige en daarom buite die liggaam van Christus plaas, sodat sy lidmaat-wees in die plaaslike Kerk moet verval nie. (Kyk W.J. Snyman *Die Kerkblad* 13.07.66; 20.07.66:8 (Plaaslike Kerk in NT: "Die plaaslike Kerk is .. die universele Kerk ter plaatse."); 27.07.77 (Bylae 5).
- 3.1.4 Die Sinode van 1945 het 'n besluit oor lidmaatskap en die plaaslike Kerk geneem met 'n genootskaplike kerkbegrip, sonder om in ag te neem dat lidmaatskap in die plaaslike Kerk in die universele Kerk van Christus gegrond is en deur geloof bepaal word (vgl. Heid. Kat., 21; NGB 27).
- 3.1.5 'n Suiwer kerkbegrip moes aanvaar het dat die universele Kerk van Christus in die plaaslike Kerk sigbaar word, en die plaaslike Kerk moes probeer het om die gelowige wat dwaal te bekeer. Sonder bewys van 'n summiere breuk met die liggaam van Christus (geloofsbreuk met Christus, nie met die leer van die kinderdoop nie) mag die Sinode nie summiere afsnyding uit die gemeente bepaal het nie. Die lidmaat moes in liefde vermaan word en van sy leerdwaling met die tug oortuig word.
- 3.2 *Tweede grond vir beswaar*: Die besluit van die Sinode is in stryd met KO, artt. 30 en 41.
- 3.2.1 'n Dwaling van 'n lidmaat wat by die Kerkraad tuishoort en daar deur tug behandel kan word (KO, art. 30), is summier na Sinode 1945 verwys om 'n bepaling oor lidmaatskap soos vir 'n vereniging te maak. Indien die Kerkraad probleme ondervind het, moes hulle advies by die Klassis ingevolge KO, art. 41 gevra het, sodat die geval volgens sy bepaalde meriete behandel kon word. Die Sinode moes die saak na die Kerkraad terugverwys het ingevolge KO, art. 30 en nie 'n sinodale bepaling oor lidmaatskap gemaak het nie, wat ook ander Kerkrade bind en voorskryf in werk wat by hulle tuisgehoort het en daar afgehandel kon word.
- 3.2.2 Die besluit van 1945 krenk dus die reg, omdat Kerkrade met 'n beroep op 'n sinodale, reglementêre bepaling summier lidmate met leerdwalings uit die gemeentes afsny, terwyl van die lidmate hulleself nog as gelowiges in Christus en in gemeenskap met die gemeente voel, en die Kerkraad se gesag erken. Die besluit lei op dié wyse daartoe dat die Kerkrade hulle Goddelike roeping tot bediening van die tug versaak, en volgens die weg van die minste weerstand so iemand summier afsny met beroep op die besluit van Sinode 1945.
- 3.2.3 Die Kerkraad van Potchefstroom het met 'n bepaalde probleem die Klassis verbygegaan en aan die Sinode 1945 'n vraag oor formele lidmaatskap van die Gereformeerde Kerk as genootskap gevra. Die Sinode het dit so ontvang, en in sy besluit nie die persoon wat gedwaal het, se wel en wee aangespreek nie. Die Sinode het nie vir bediening wat tot bekering kon lei gesorg nie, maar met die geval van Potchefstroom 'n reglement gemaak. Hiermee is gelowiges sonder meer van Gereformeerde tugoefening afgesny.
- 3.2.4 Die Beskrywingspunt dui klaarblyklik daarop dat in die Kerkraad 'n verskil ontstaan het tussen wie die persoon as lidmaat beskou en wou bearbei het, en ander wat bearbeiding summier wou staak, omdat volgens hulle die persoon opgehou het om "lid van die Kerk" te wees. Die Sinode het toe die verkeerde opsie gesanksioneer.
- 3.1 *Derde grond vir beswaar*: Die besluit van Sinode 1945 is koud, formeel en liefdeloos in sy bepaling van lidmaatskap, en sny die bediening van die tug volgens die eise van die liefde in KO, artt. 71-77 af.
- 3.3.1 Dit is onbegryplik dat 'n Sinode 'n Kerkraad van sy roeping kan ontslaan om die Christelike liefdestug aan 'n dwalende gelowige te bedien (Matt 18:12; 28:19; Joh 21:15-17; 2 Tim 2:25; 4:2 e.v.) terwyl so 'n gelowige hom nie aan die opsieners se toesig onttrek het nie.
- 3.2 *Vierde grond vir beswaar*: Die laaste reël van die besluit van 1945 bepaal slegs een wyse van weeropname. Dit is in stryd met KO, art. 75, wat aan die Kerkraad opdra om elke geval op eie meriete te behandel en daarvolgens die wyse van versoening te bepaal.

3.4.1 Die besluit van 1945 skort hierdie plig (wat die Kerkorde op die Kerkraad lê) op, en is daarom met die Kerkorde in stryd.

3.3 *Vyfde grond vir beswaar*: Die sogenaamde “oordeel” van die Sinode dat “as ‘n lidmaat van die Gereformeerde Kerk hom deur ‘n sekte laat doop het, hy daardeur by sodanige sekte aangesluit het”, is ‘n ongegronde en onbewese aanname, en berus op ‘n Roomse doopsbeskouing.

3.5.1 Die Doop is die HERE se eenmalige teken en seël van ons opname in die genadeverbond (NGB 34: “Deur die doop word ons in die Kerk van God opgeneem ...”). Maar tog is die Doop nie daardie opname self soos Rome beweer nie (Heid. Kat. v/a 72, 73). Ons word nie gedoop *ten einde* lede van die gemeente te word nie, maar *omdat* ons kragtens ons ewige uitverkiesing in Christus, en met ons geboorte uit gelowige ouers, lede van die gemeente van Christus geword het (HK 27:74; 21:54).

3.5.2 Die Sinodebesluit redeneer in stryd hiermee dat herdoop deur ‘n sekte die band met die kerk afsny asof herdoop dit wat die doop by die verbondskind beteken en verseël het, onttrag, sonder dat gevra word of die herdoopte daardeur Christus as sy Saligmaker verloën het. (Kyk hierteenoor die Doopformulier: “En as ons soms uit swakheid in sondes val, moet ons nie aan die genade van God twyfel of in die sondes bly lê nie: die doop is immers ‘n seël en ontwyfelbare getuigenis dat ons ‘n ewige verbond met God het.”)

3.5.3 Doop “deur ‘n sekte” is dus nie sinoniem met “aansluit by sodanige sekte” nie. Daar is baie worstelende gelowiges wat onder druk van buite en binne op die grootdoop fikseer omdat hulle die leer van die genadeverbond nie hulle eie gemaak, of Gereformeerde Kerke dit nie by hulle tuisgebring het nie. Hulle dwaal onder Pelagiaanse druk om groot gedoop te word (soos in Doperse kringe gebeur) en wil daarna steeds in gemeenskap met Gereformeerdes voortleef.² ‘n Goeie voorbeeld hiervan was ‘n sekere ds. Verduin van die CRC in die VSA met sy boek “God’s Stepchildren”. Hy is as VDM getolereer, solank hy nie sy opvatting propageer nie. Dergelike gevalle bewys dat die persone nie by ‘n sekte aangesluit het soos Sinode 1945 beweer het nie.

3.5.4 Die besluit impliseer dat ‘n sekte ‘n tipe doop bedien wat met die bepaalde sekte sinoniem is, sodat doop aldaar aansluiting daar beteken. Ondertussen erken die GKSA doop by sektes indien dit (a) in die Naam van die Drie-Eenheid (b) met water en (c) deur ‘n erkende voorganger bedien is. Die besluit dui daarop dat die blote feit van herdoop eintlik as ‘n doodsonde benader word, waardeur kerklike gemeenskap met die herdoopte summier verbreek moet word.

3.5.5 Hierdie valse grondslag waarop Sinode 1945 sy summiere ban gegrond het, mond in sy uiteindelijke konsekwensie uit in ‘n meganiese “ex opere operato”, Roomse sakramentsbeskouing (vgl. Heid. Kat., 27:72; 30:80, wat die meganiese sakramentsbeskouing van Rome verwerp).

3.6 *Sesde grond vir beswaar*: Die besluit van Sinode 1945 is in sy konsekwensie deur Sinode 1958 herroep, en is in elk geval in stryd met geldende Kerkreg wat die GKSA tans aan ‘n Skriftuurlike Kerkbegrip ontleen

3.6.1 Die voorafgaande beskrywingspunt en die besluit van Sinode 1945 (176, 93) stel nie die materie rondom herdoop nie, maar kerklidmaatskap aan die orde. ‘n Latere Sinode het in 1958 spesifiek oor kerklidmaatskap “as sodanig”³ besluit: Die Sinode herroep alle vorige besluite oor die sogenaamde bewys van lidmaatskap en “*verklaar dat die saak van lidmaatskap as sodanig tuishoort by die plaaslike Kerk*”. Die Sinode van 1945 het doop “deur ‘n sekte” as bewys van lidmaatskap by die sekte aanvaar en dit is in 1958 (138, 78) herroep. Tog is die besluit van 1945 nog ná 1958 toegepas en nie as herroep beskou nie.

3.6.2 Die Sinode van 1958 het ‘n prinsipiële uitspraak oor “lidmaatskap” gedoen wat deur o.a. Sinode 1967 (415 [7]) gesteun word. Hiervolgens word duidelik bepaal dat die plaaslike Kerk alleen oor “lidmaatskap” handel. Wanneer ‘n Kerkraad op sterkte van ‘n beroep op Sinode

² Vgl oor Pelagius: NGB:15; Dordtse Leerreëls:1, 4; 2 Verw. van Dw:3,6; ¾ Verw. van Dw:2,10).

³ HAT, 1972: “As sodanig”: “Op homself beskou”.

1945 lidmaatskap beëindig, is dit nie 'n besluit wat die Kerkraad op meriete van die bepaalde geval nie, maar op grond van 'n sinodale bepaling in 1945 doen. Dit verbreek die beginsels wat Sinodes 1958, 1967 en ander vanuit die Skrif en Konfessie verkry het, en o.a. deur publikasies van prof. W.J. Snyman gesteun word. Kyk B. Spoelstra, Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering: 5, 450 (Bylae 6).

F. KOMMISSIERAPPORT

1. Die Sinode beoordeel

1.1 Eerste grond vir beswaar

“Die besluit rus op ‘n genootskaplike kerkbegrip wat in stryd is met die Skrif”.

1.1.1 Kommissie se beoordeling

1.1.1.1 Die Kommissie kon slegs werk met dit wat op skrif is ten opsigte van Sinode 1945 se besluit.

1.1.1.2 Bloot taalkundig gesien dui die bewoording in die Beskrywingspunt sowel as in die besluit wat geneem is, op ‘n genootskaplike kerkbegrip.

1.1.2 Kommissie se bevinding

1.1.2.1 Die beswaarde toon oortuigend aan dat die besluit op ‘n genootskaplike kerkbegrip rus.

1.2 Tweede grond vir beswaar

“Die besluit is in stryd met KO, artt. 30 en 41”.

1.2.1 Kommissie se beoordeling

1.2.1.1 Die Sinode van 1945 het deur sy besluit ‘n algemene reël gestel oor ‘n saak (beëindiging van lidmaatskap van ‘n plaaslike kerk) wat by Kerkrade tuishoort. Vgl. Sinode 1967:415, 7.

1.2.1.2 Ingevolge KO, art. 30 behoort die dwaling (in leer en lewe) van ‘n lidmaat wat hom laat herdoop by die Kerkraad wat dit ingevolge KO, artt. 71-77 moet hanteer. Indien die Kerkraad advies nodig het, wend hy hom tot die Klassis volgens KO, art. 41.

1.2.2 Kommissie se bevinding

1.2.2.1 Die besluit van Sinode 1945 is in stryd met KO, artt. 30 en 41.

1.3 Derde grond vir beswaar

“Die besluit van Sinode 1945 is koud, formeel en liefdeloos in sy bepaling van lidmaatskap, en sny die bediening van die tug volgens die eise van die liefde in KO, artt. 71-77 af”.

1.3.1 Kommissie se beoordeling

1.3.1.1 Indien die besluit van die Sinode 1945 letterlik uitgevoer word, kan die dwalende lidmaat nie meer met die tug kragtens KO, artt. 71-77 bedien word nie, aangesien die persoon dan nie meer ‘n lidmaat is nie.

1.3.1.2 Die waarde-oordeel in die eerste deel van die grond vir beswaar is nie bewys nie.

1.3.2 Kommissie se bevinding

1.3.2.1 Die besluit van Sinode 1945 sny inderdaad die bediening van die tug volgens die eise van die liefde in KO, artt. 71-77 af.

1.4 Vierde grond vir beswaar

“Die laaste reël van die besluit van 1945 bepaal slegs een wyse van weeropname. Dit is in stryd met KO, art. 75 wat aan die Kerkraad opdra om elke geval op eie meriete te behandel en daarvolgens die wyse van versoening te bepaal”.

1.4.1 Kommissie se beoordeling

1.4.1.1 KO, art. 75 handel nie oor die weeropname van iemand wat nie meer lidmaat is nie, maar die versoening van iemand wat steeds lidmaat is.

1.4.2 Kommissie se bevinding

1.4.2.1 Die beswaarde toon nie aan hoekom KO, art. 75 hier van toepassing is nie.

1.5 Vyfde grond vir beswaar

“Die sogenaamde ‘oordeel’ van die Sinode dat ‘as ‘n lidmaat van die Gereformeerde Kerk hom deur ‘n sekte laat doop het, hy daardeur by sodanige sekte aangesluit het’, is ‘n ongegronde en onbewese aanname, en berus op ‘n Roomse doopbeskouing”.

1.5.1 Kommissie se beoordeling

- 1.5.1.1 Die beredenering van 1945 se Sinode en die moontlike begroning en/of bewyse vir die besluit is nie genotuleer nie. Dit bemoeilik die beoordeling vir die gronde van 1945 se besluit.
- 1.5.1.2 Dit staan nie bo redelike twyfel vas dat elke persoon wat hom/haar deur 'n sekte laat doop inderdaad daarmee bedoel om by die sekte aan te sluit nie.
- 1.5.1.3 Die Gereformeerde doopsbeskouing sien dit nie so dat herdoop jou outomaties uit 'n bepaalde geloofsgemeenskap uitsny en in 'n ander geloofsgemeenskap oorplaas nie. Ons aanvaar in sekere gevalle mense wat in ander geloofsgemeenskappe gedoop is, as lidmate sonder om hulle weer te doop. Dit wys dat doop en inlywing in 'n bepaalde geloofsgemeenskap nie noodwendig saamgaan nie.
- 1.5.1.4 Daar is geen ander dwaling in leer of lewe (hoe ernstig ookal) wat veroorsaak dat 'n mens se lidmaatskap van 'n kerk summier verval nie.

1.5.2 Kommissie se bevinding

- 1.5.2.1 Die Sinode 1945 se oordeel dat as 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk hom deur 'n sekte laat doop het, hy daardeur by sodanige sekte aangesluit het, is inderdaad 'n ongegronde en onbewese aanname.
- 1.5.2.2 Dat dit op 'n Roomse doopsbeskouing berus, is egter nie bewys nie.

1.6 Sesde grond vir beswaar

“Die besluit van Sinode 1945 is in sy konsekwensie deur Sinode 1958 herroep en is in elk geval in stryd met geldende Kerkreg wat die GKSA tans aan 'n Skriftuurlike Kerkbegrip ontleen”.

1.6.1 Kommissie se beoordeling

- 1.6.1.1 Dit kan nie genoegsaam aangetoon word nie dat die Sinode van 1958 bedoel het om ook die besluit waarteen hierdie Beswaarskrif gaan, te herroep nie. Sinode 1958 gee nie 'n lys van besluite wat herroep is.
- 1.6.1.2 In aansluiting by die tweede en derde gronde vir beswaar is die beswaarde reg, as hy beweer dat die besluit van 1945 se Sinode in stryd is met geldende Kerkreg. Vgl. Sinode 1967:415, 7.

1.6.2 Kommissie se bevinding

- 1.6.2.1 Die eerste deel van die sesde grond vir beswaar (naamlik die deel wat lui: “Die besluit van Sinode 1945 is in sy konsekwensie deur Sinode 1958 herroep”) word nie bewys nie.
- 1.6.2.2 Oor die tweede deel van die sesde grond vir beswaar is dit inderdaad so dat die besluit van Sinode 1945 in stryd is met geldende Kerkreg wat die GKSA tans aan 'n Skriftuurlike Kerkbegrip ontleen.

Besluit: Punte 1 tot 1.6.2.2 word kennis van geneem.

2. Die Sinode besluit

- 2.1 Die eerste grond van die Beswaarskrif slaag.
- 2.2 Die tweede grond van die Beswaarskrif slaag.
- 2.3 Die derde grond van die Beswaarskrif slaag slegs ten opsigte van die volgende woorde: “Die besluit van Sinode 1945 sny die bediening van die tug volgens die eise van die liefde in KO, artt. 71-77 af”.
- 2.4 Die vierde grond van die Beswaarskrif slaag nie.
- 2.5 Die vyfde grond van die Beswaarskrif slaag, met uitsondering van die woorde: “en berus op 'n Roomse doopsbeskouing”.
- 2.6 Die sesde grond
 - 2.6.1 Die eerste deel van die sesde grond van die Beswaarskrif slaag nie, naamlik: “Die besluit van Sinode 1945 is in sy konsekwensie deur Sinode 1958 herroep”.
 - 2.6.2 Die tweede deel van die sesde grond van die Beswaarskrif slaag, naamlik: “is in elk geval in stryd met geldende Kerkreg wat die GKSA tans aan 'n Skriftuurlike Kerkbegrip ontleen”.
- 2.7 Die besluit van Sinode 1945:126, Art. 93(a) word herroep.
- 2.8 Hierdie herroeping van Sinode 1945:126, Art. 93(a) se besluit het nie terugwerkende krag nie.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.7 word goedgekeur. Punt 2.8 word nie goedgekeur nie.